

In

Soeke

na

Waarheid

Inhoudsopgawe

Oor die Skrywer

Voorwoord

1. Inleiding
 - 1.1. Waarom hierdie boek?
 - 1.2. Meer omtrent Waarheid
 - 1.3. Wat het God te sê oor Teologiese Tradisie?
2. Die Heel Belangrikste Saak
3. Die Koninkryk van God
 - 3.1. Inleiding
 - 3.2. Meer oor die Goeie Nuus van die Koninkryk van God
 - 3.3. Die Evangelie van die Koninkryk van God
 - 3.4. Om die Koninkryk van God te beërf
 - 3.4.1. God se beklemtoning
 - 3.4.2. Koninkryk = Koningskap
 - 3.4.3. Beërf / Ingaan
 - 3.5. Wat is nodig om die Koninkryk van God te beërf?
 - 3.5.1. Die eerste vraag: Wat is nodig om ewige lewe te hê?
 - 3.5.2. Die tweede vraag: Wat is nodig om die Koninkryk van God te beërf?
 - 3.5.3. Opsomming
 - 3.6. 'Om Ewige Lewe te ontvang' teenoor 'Om die Koninkryk van God te beërf'
 - 3.7. Die Koninkryk van God en die Teenswoordige Wêreld
4. Die uitnemendheid van ons Koning, die Here Jesus Christus
5. Die Groot Prent
 - 5.1. Sewe Duisend Jaar
 - 5.1.1. Inleiding
 - 5.1.2. Verdere Agtergrond
 - 5.2. Waarom Sewe Duisend Jaar?
 - 5.2.1. Historiese Bewyslewering
 - 5.2.2. Die getal Sewe is God se Waarmerk op Sy Skepping
 - 5.2.3. Die Loofhuttefees
 - 5.2.4. Vervulling van Profesië
 - 5.2.5. Die Laaste Dae
 - 5.2.6. Sterretydperke
 - 5.2.7. 120 jaar
 - 5.3. God se Plan en Doel
 - 5.4. 'n Erfenis in Christus
6. Die Doop
 - 6.1. Die Doop: Waarom? Is dit belangrik?
 - 6.2. Is daar meer simboliek verbonde aan die plegtigheid van die Doop?
 - 6.3. As baba is ek gedoop, waarom behoort ek weer gedoop te word?
 - 6.4. Maar is die sogenaamde 'Wederdoop' nie 'n groot sonde nie?
 - 6.5. Waarom beweer teoloë dan dat dit 'n sonde is om weer gedoop te word?
 - 6.6. Wat gebeur met gelowiges wat nie gedoop is nie?
7. Wedergeboorte
 - 7.1. Wedergeboorte: Wat beteken dit?
 - 7.2. Hoe kan ek wedergebore word?
 - 7.3. Wat beteken dit om te glo dat Jesus "die Christus" is?
8. Die Nuwe Lewe
 - 8.1. Kenmerke van die Nuwe Lewe
 - 8.2. Die Nuwe Lewe word ook beskryf as . . .
 - 8.3. Die Lewe is in die Seun en Hy gee dit aan wie Hy wil
 - 8.4. Wie ontvang hierdie Lewe?

- 8.5. Wat van geaborteerde babas of kinders wat jonk gesterf het?
9. Wandel in Gees
 - 9.1. Noudat ek wedergebore is, bly daar enigiets oor vir my om te doen?
 - 9.2. Identifiseer met die Nuwe Lewe (Christus) in jou
 - 9.3. Lê af die 'ou mens' en die werke van die vlees
 - 9.4. Slotsom
10. Die Ou Mens teenoor die Nuwe Mens: 'n Vergelyking
 - 10.1. Eienskappe en Feite
 - 10.2. Beskrywende Aksies en Houdings
 - 10.3. Slotsom
11. Wêreldsheid
 - 11.1. Wêreldsheid en hoe dit homself vermom
 - 11.2. Wat het God daarvoor te sê?
 - 11.3. Wat behoort ek te doen?
 - 11.4. Wil God dan hê dat ek arm moet wees?
12. Die Werklikheid van die Bonatuurlike Krag van die Heilige Gees
 - 12.1. Het die wonderwerkende krag van die Heilige Gees nie tot 'n einde gekom met die voltooiing van die Bybel nie?
 - 12.2. Hoe word die bonatuurlike Krag van die Heilige Gees geopenbaar?
 - 12.3. Al is hierdie dinge eg?
13. Die Koninkryk van God (Lig) teenoor die Koninkryk van Duisternis
 - 13.1. Twee Koninkryke in die hemele
 - 13.2. Sommige feite rakende die koninkryk van Duisternis
 - 13.3. Wat is ons verwantskap met die koninkryk van Duisternis?
14. Die Gesag van die Gelowige
 - 14.1. Op watter fondament is die gesag van die gelowige gegrond?
 - 14.2. Watter beperkings is daar op die gelowige se gesag?
 - 14.3. Oor watter gesag beskik die gelowige volgens die Skrif?
 - 14.4. Hoe moet die gelowige hierdie gesag uitoefen?
 - 14.5. Wat vind plaas indien die gelowige nie sy gesag uitoefen nie?
15. Eindtyd gebeure
 - 15.1. Israel: Hoof oor al die Nasies
 - 15.2. Die Koning van Israel
 - 15.3. Die Herstel van Israel
 - 15.3.1. Wanneer sal dit plaasvind?
 - 15.3.2. 'n Algehele Herstel en Hervorming
 - 15.3.3. Is die huidige staat Israel dan nie die vervulling van hierdie profesie nie?
 - 15.3.4. Wat dan van die huidige Israel?
 - 15.3.5. Hoe verseker God die voortbestaan van al die stamme van Israel, tot aan die einde, sodat herstel kan plaasvind?
 - 15.3.6. Wat is die verskil tussen Israel en die Kerk?
 - 15.4. Die Antichris
 - 15.5. Die Eerste Opstanding en die Tweede Opstanding
 - 15.6. Die Groot Wit Troon oordeel teenoor die Regterstoel van Christus
 - 15.7. Die Wegraping
 - 15.8. Die Oes, Insameling, Dorsproses, Bymekaarmaak en Verbranding
 - 15.8.1. Die Oes
 - 15.8.2. Die Insameling
 - 15.8.3. Die Dorsproses
 - 15.8.4. Die Bymekaarmaak van die Koring in die Skuur
 - 15.8.5. Die Verbranding van die Kaf
 - 15.8.6. Die Einde, of nee, eerder die Begin
 - 15.9. Die Skape en die Bokke Oordeel
 - 15.9.1. Wanneer vind dit plaas?
 - 15.9.2. Wie sal met Jesus in heerlijkheid wees?
 - 15.9.3. Wie is die Nasies?
 - 15.9.4. Wie is die Skape?

- 15.9.5. Wie is die Bokke?
- 15.10. 'n Kind word Gebore!
 - 15.10.1. Hy kom soos 'n Dief
 - 15.10.2. Die Kind
 - 15.10.3. Is hierdie Kind nie Jesus nie?
 - 15.10.4. Waarom sê ons dat hierdie Kind die Oorwinnaarskerk verteenwoordig?
 - 15.10.5. Hy wat nog terughou
 - 15.10.6. Die Kind-Moeder verhouding
 - 15.10.7. Die Grootste Gebeurtenis!
 - 15.10.8. Voor die Troon van God
 - 15.10.9. Meer oor die Kind
 - 15.10.10. Die Drie Boodskappe
- 15.11. Die Merk van die Dier
 - 15.11.1. Wat sal hierdie Merk van die Dier wees?
 - 15.11.2. Wat sal nodig wees ten einde die Merk te kan ontvang?
 - 15.11.3. Wat het Jesus hieroor te sê?
 - 15.11.4. Wat word van hulle wat nie die Merk neem nie?
- 15.12. Die Groot Verdrukking
- 15.13. Die Sewe Seëls
 - 15.13.1. Die Wit Perd
 - 15.13.2. Die Rooi Perd
 - 15.13.3. Die Swart Perd
 - 15.13.4. Die Vaal Perd
 - 15.13.5. Die Martelare
 - 15.13.6. Die vernietiging van Satan se koninkryk
 - 15.13.7. Die Basuine
- 15.14. Die Sewe Basuine
 - 15.14.1. 'n Komeet tref die Aarde
 - 15.14.2. Wee! Wee! Wee!
 - 15.14.3. Die Laaste Basuin
- 15.15. Die Finale Aftelling
- 16. Twee Bome in die Tuin van Eden
- 17. Die Redding van die Siel
 - 17.1. Inleiding
 - 17.2. Wat is die siel?
 - 17.3. Wat is die verskil tussen siel en gees?
 - 17.4. Wat beteken dit om jou siel te 'verloor'?
 - 17.5. Is die siel onverganklik?
 - 17.6. Is die gees onverganklik?
 - 17.7. Wat is die gevolge indien die siel verlore gaan?
 - 17.8. Wat is die vereistes vir die siel om gered te word?
 - 17.9. Hoe belangrik is dit dat die siel gered moet word?
 - 17.10. Opsomming
- 18. Vlug uit Babilon!
 - 18.1. Wat of wie is Babilon?
 - 18.2. Hoe moet ek uit Babilon vlug?
 - 18.3. Watter Babiloniese gebruike is daar in vandag se kerke?
 - 18.3.1. Kinderbesprinkeling
 - 18.3.2. Kerktorings
 - 18.3.3. Nikolaïetisme
 - 18.3.4. Geldmaak onder die dekmantel van godsdiens
 - 18.3.5. Kersfees
 - 18.3.6. Paasfees/Easter
 - 18.3.7. Maria-aanbidding
 - 18.3.8. Die teken van die kruis
 - 18.3.9. Heiliging van die Sondag
 - 18.3.10. Goeie Vrydag

18.3.11. Hel

19. Om misleidende geeste en tekens en wonders van die leuen te onderskei
20. Tiendes en Vrywillige Offergawes
 - 20.1. Tiendes
 - 20.2. Vrywillige Offergawes
 - 20.3. Maar dit was die Ou Testament. Wat nou? Geld tiendes en vrywillige offers steeds?
 - 20.4. Wie is die hedendaagse 'Leviete'?
21. Spesifieke gedagtes
 - 21.1. Geloof
 - 21.2. Duisende geslagte
 - 21.3. Waarom Jesus Self nooit iemand gedoop het nie
 - 21.4. Verskillende geslagsregisters vir Jesus?
 - 21.5. 'Laat U Koninkryk kom', of 'Laat U Koninkryk uitgebrei word'?
22. Slawe van Jesus Christus
23. Swaarkry en Lyding
24. Voorspoed
25. Voorwaardes om te oorwin: 'n Opsomming
26. Selfverloëning teenoor Eie-belang
27. Die Kwessie van Beheer

Bylae: Skrifverwysings

Hierdie boek is oorspronklik in Engels geskryf onder die titel 'In Search Of Truth'.
'n Opregte woord van dank aan Graham Pienaar wat dit uit die Engels vertaal het.

Available as free downloads on www.insearchoftruth.info :

God loves you
In search of Truth
In soeke na Waarheid
Visions
10½ years

In Soeke na Waarheid

Oor die Skrywer:

Gerhard Barnardo het as kind van sendeling ouers groot geword in die Noord Vrystaat. Hy bekwaam hom aan die Universiteit van Pretoria as elektrotegniese ingenieur. Terwyl hy as senior lektor aan die Universiteit van Potchefstroom werk, behaal hy 'n Honneurs sowel as 'n Meestersgraad, waarna hy by die destydse Krygkor in diens tree. Enkele jare later, op 31 jarige ouderdom, word hy as professor in elektriese ingenieurswese by die Universiteit van Potchefstroom aangestel. Kort daarna aanvaar hy 'n pos in die bestuurspan van Krygkor wat op die been gebring is om die Overberg Misiel toetsbaan te vestig. Hy en sy gesin verhuis in 1985 na Bredasdorp in die Wes-Kaap.

In 1989 roep die Here hom om voltyds in Sy diens te staan. Vir die volgende 18 jaar en tot op datum, onderhou die Here hom en sy gesin op 'n wyse wat net as bonatuurlik beskryf kan word. Gedurende hierdie tyd het die Here nooit toegelaat dat Sy dienskneg weer 'n werk teen vergoeding aanvaar om daarmee vir sy gesin te sorg nie. Maar in hierdie tydperk het die Here Sy Woord ten opsigte van die hele gesin waar gemaak, nl.: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink of wat sal ons aantrek nie? Want al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Selfs vir die studies van al vier kinders het die Here wonderbaarlik voorsien.

God se roeping vir Sy dienskneg is herhaaldelik bevestig, nl. om as leraar van die Woord van God op te tree - "Laat My skape wei". Vir hierdie taak het die Here Self die opleiding voorsien deur vir hom die geleentheid en opdrag te gee om Sy Woord te bestudeer, maar nie aan die hand van enige spesifieke teologiese denkrigting nie - slegs soos die Heilige Gees gelei het.

Die inhoud van hierdie boek verteenwoordig die kern van wat die Here die afgelope 18 jaar vir Sy dienskneg geleer het.

Voorwoord:

Jesus se dissipels het Hom gevra waarom Hy deur gelykenisse met die mense praat. Sy antwoord was: "Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor".

Geliefde leser, my gebed is dat dit aan jou gegee is om die geheimenisse van die Koninkryk te verstaan.

Hierdie boek is gemik op diegene wat opreg na die waarheid soek, want vir hulle sal vervul word wat Jesus gespreek het toe Hy gesê het: "Hy wat soek, sal vind".

Vir hulle egter wat net hulle eie vooropgestelde idees en gevestigde belange wil handhaaf en nie die waarheid in liefde wil ontvang nie, en gevolglik alles uit die hand uit verwerp wat nie met hulle idees en belange ooreenstem nie, sal die skrif vervul word wat sê: "En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid".

In liefde word die leser dus gemaak om eerlik te bestudeer wat in hierdie boek geskryf staan met dieselfde gesindheid van die gelowiges in Beréa, wat elke dag die Skrifte ondersoek het of hierdie dinge so was. Soek só die harmonie en simfonie met God se Woord wat homself van alle kante bevestig en herbevestig.

Laastens, omdat gereelde teksverwysings vervelig en vermoeiend kan word, word skrifverwysings, as deel van die boek se inhoud slegs by uitsondering aangegee. Alle relevante skrifverwysings word egter in die bylae, aan die einde van die boek, voorsien. Dit word in volgorde onder elke betrokke paragraafverwysing voorsien. Die belangstellende leser word aangemoedig om hierdie skrifverwysings met erns te bestudeer.

1 Inleiding

1.1 Waarom hierdie boek?

"Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels." 2 Tim. 4:3-4

"Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening." 2 Tim. 4:5

"Geliefdes,... ek het die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip ..." Judas 1:3-4

"Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met tranes te vermaan nie. En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van Sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes." Hand 20:28-32

"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." Rom. 12:2

1.2 Meer omtrent Waarheid

Jesus sê: "Ek is die Waarheid"

En: "U Woord is die Waarheid"

Indien ons in die strewe na die waarheid dit op 'n akademiese en kennis gebaseerde manier wil aanpak, loop ons die gevaar dat God self die "wysheid" van die wyses sal verwar. Dit kan ook lei tot hoogmoed, 'n veroordelende houding, die letter van die wet en die dood. Indien ons egter onself onderwerp aan Jesus Christus, en Hom volg, deur Sy Gees gelei word en in Sy Woord bly, sal ons die Waarheid ken en die Waarheid sal ons vrymaak.

Jesus, en wat Hy ons geleer het, moet ons rigtingwyser en gesag wees en nie menslike tradisies en oorlewering nie. (Sien Mat. 15:6, 9 en Mark. 7:9, 13.) Die strewe na die waarheid moet biddend en nederig voor God geskied, waar Hy gevra word om ons in die waarheid te lei. In alle eerlikheid moet ons bereid wees om ons te onderwerp aan die waarheid soos Hy dit aan ons duidelik maak en nie soos ons vooroordele dit aan ons uitwys nie.

1.3 Wat het God te sê oor Teologiese Tradisie?

"Maar wee julle, skrifgeleerdes en Farisieërs, geveinsdes, want julle sluit die Koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Mat. 23:13

"Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggenem; self het julle nie ingegaan nie, en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder." Luk 11:52

"... Maar my volk ken die reg van die Here nie. Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die wet van die Here is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers. Die slim mense kom in die skande, is verslae en verstriek. Kyk, hulle het die Woord van die Here verwerp, en watter wysheid sou hulle hê?" Jer. 8:7-9

"O Timotheus, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpings van die valslik sogenaamde kennis, waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg geraak het...." 1Tim. 6:20-21

"En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou."

"So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie." Mar. 7:9, 13

MAG DIE HERE ONS HARTE EN GEDAGTES OP DIE WAARHEID RIG EN ONS VRYMAAK!

2 Die Heel Belangrikste Saak

Die HEEL belangrikste vir enige man of vrou is OM MET GOD VERSOEN TE WEES!

- Vir dit om te gebeur moet die mens eers ontdek dat God IS - dat Hy die Almagtige, Alvermoënde, Alomteenwoordige Skepper van alles is!
- Weet wie Sy Seun Jesus is - Die Christus, Koning van die Konings, Verlosser van die wêreld.
- Weet dat Hy barmhartig is en nooit iemand wat in nood na Hom kom, wat in geloof op Hom vertrou en hulle hoop op Hom vestig, sal wegwys nie. {GELOOF}
- En om DAN op grond van hierdie wete en geloof, gewillig en gretig te besluit om 'n dissipel van Jesus te word! - om jouself aan Hom te onderwerp as beide Here en Saligmaker; om vergifnis van sonde en nuwe geestelike lewe van Hom te ontvang en om jou rug op jou ou lewe te keer. {BEKERING}
- En om dan hierdie verbond te bevestig en jou verhouding met Jesus te bekragtig deur jou te laat doop in Sy Naam! {DOOP}
- En om dan te leer om alles te doen wat Hy beveel het en steeds beveel; en Hom te volg waar Hy ookal mag lei. {REGVERDIGHEID}
- En om dan die res van jou lewe vir Hom en met Hom in Sy teenwoordigheid te leef as Sy eksklusiewe eiendom! {HEILIGHEID}
- Hy sal voortaan altyd met jou wees as jou goeie Herder om jou te bewaar op al jou weë. Hy ken die wat Syne is en sorg vir hulle.

WANT:

- In sy natuurlike staat leef die mens in vyandskap met God en ken Hom nie.
- Hierteenoor wil God, in Sy barmhartigheid en genade, die HELE wêreld en die HELE Skepping uit hulle sonde en ellende red en hulle van die gevangenskap van dood en bedorwenheid bevry wanneer Jesus Christus eersdaags as Heerser van die aarde sal oorneem in die komende Koninkryk van God!
- En hy nooi sommige van ons om koningskap saam met Hom op te neem en tot in alle ewigheid Sy heerlikheid, Sy teenwoordigheid en Sy lewe, met Hom te deel.
- Om dit te bereik, wat insluit dat ons uit die dood opgewek word en 'n verheerlikte, opgestane liggaam soos Jesus, verkry, moet ons al die bovermelde dinge doen, met volle toewyding. Ons het nodig om ewige lewe van die Here Jesus te ontvang. Voorts moet ons ons lewe dan op so 'n manier leef dat ons deur die Here as oorwinnaars gesien sal word, sodat ons waardig geag sal word om die Koninkryk van God te beërf.
- Hoe groot is die genade van God wat dit moontlik gemaak het dat ons met Hom versoen kon word deur die dood en opstanding van Jesus! En ons bestem het tot ewige heerlikheid en genade! En wat ons Sy Heilige Gees gestuur het om ons in staat te stel om die oorwinning te kan lei.

Dit is die oogmerk van hierdie boek om uit te brei op die bogemelde en ons te help op die pad na uiteindelijke oorwinning.

Alle eer en roem aan God ons Vader en ons Here, Jesus Christus!

3 Die Koninkryk van God

3.1 Inleiding

Die woorde van 'n populêre liedjie lui: "The oldest dream is peace on earth. I know it's not too late . . ."

Ja, dit is sekerlik nie te laat nie. Die Koninkryk van God gaan kom! Vir twee duisend jaar al bid Christene "Laat U Koninkryk kom" en in die vooafgaande tweeduisend jaar was Israel se groot gebed vir die Messias om te kom. Nie alleenlik het God hierdie gebede in die harte van Sy gelowiges geplant nie, maar Hy gaan dit sekerlik ook verhoor!

Die Koninkryk van God is op hande en wanneer dit gekom het, sal die toestand soos volg wees:

- Jesus, die Christus, sal as God se Geslafde Koning van die eeue, as Opperheerser oor die aarde regeer.
- Aan die vermeerdering van Sy heerskappy en vrede sal daar geen einde wees nie.
- Die oorwinnaars van al die eeue sal saam met Hom oor die Heelal regeer tot in ewigheid.
- Hierdie oorwinnaars sal diegene wees wat waardig geag is om daardie eeu en die eerste opstanding vanuit die dood te verkry.
- Net soos Jesus sal hulle opgestane, verheerlikte liggame ontvang, toegerus met bo-natuurlike vermoëns. Hulle sal soos Hy wees.
- Hulle sal konings saam met Jesus wees. Hy sal hulle Koning wees, (die Koning van die konings).
- Hulle sal as 'n hemelse 'super' regering heers.
- Op die aarde sal die heropgerigte nasie van Israel die wêreld-heerskappy besit, as 'n gewone aardse regering.
- Die aarde sal opgebou word tot 'n groter heerlikheid as ooit tevore.
- Daar sal algehele vrede op aarde wees.
- Die aarde sal 'n plek van vreugde wees.
- Die wolf en die lam sal saam wei.
- Die leeu sal strooi eet soos 'n os.
- Die suigeling sal speel by die gat van die adder, sonder vrees of gevaar.
- Geregtigheid sal deurgaans seevier.
- Kwaaddoeners sal uitgeroei word.
- Die goddelose sal daar nie meer wees nie. Ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie.
- Die wat deur Hom geseën is, sal die aarde vir ewig besit; terwyl die wat deur Hom vervloek is, uitgeroei sal wees.
- Die aarde sal vol word van die kennis van die heerlikheid van die Here, soos die waters die seabodem oordek.
- Niemand sal meer sy naaste en sy broer leer en sê: "Ken die Here" nie, want almal sal Hom ken, klein en groot.
- Elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.
- God se wil sal op aarde geskied, net soos in die hemel.
- God se naam sal geheilig word op aarde, net soos in die hemel.

Na 'n 1000 jaar sal Satan vir 'n kort rukkie uit sy gevangenis vrygelaat word en hy sal uitgaan om die nasies te verlei om in opstand te kom teen die God se ingestelde wêreldregering, nl. Israel. Israel sal geen wapens tot hulle beskikking hê nie en sal gevolglik weerloos wees in die aangesig van hierdie aanval. Dan tree God tussenbeide met vuur uit die hemel en vernietig hierdie rebellie.

Hiermee het God sy planne en doelwitte vir hierdie aarde voltooi en die bestaande aarde sal vervang word met 'n Nuwe Aarde en Nuwe Hemele. Die nuwe hemele sal deur al die oorblywende geestelike wesens bevolk word terwyl die nuwe aarde deur al die oorblywende fisiese wesens bevolk sal word. God self, met Jesus Christus en

Sy oorwinnaars sal in die Nuwe Jerusalem woon, wat as hoofstad van die Nuwe Aarde gevestig sal word. Die nuwe aarde sal die magssentrum van die heelal wees.

Die nuwe aarde sal dus deur die volgende bewoon word:

- Die Nuwe Jerusalem, waar God die Vader en die Seun en Sy Bruid (dit is die oorwinnaars), sal wees.
- Israel, steeds die wêreld Regering op die natuurlike terrein.
- Almal wat teen die einde van die Millennium geweier het om teen Israel in opstand te kom.
- Diere en plante van alle soorte.

Op die Nuwe aarde sal die mens vir duisende geslagte voortplant.

Hierbenewens sal die volgende addisioneel waar wees:

- Geen dood meer
- Geen droefheid
- Geen tranes en geweens nie
- Geen pyn meer nie
- Alles sal nuut wees
- Satan en al sy engele (insluitende die Antichris, die Vals Profeet, Dood en Hades) sowel as al sy volgelingen en ook die vreesagtiges, ongelowiges, gruwelikes, moordenaars, hoereerders, towenaars, afgodedienswaarders en al die leueners sal hulle deel hê in die poel wat brand met vuur en swael (dit is die tweede dood) en hulle sal geen verdere kwaad doen of skade aanrig nie.
- En die nasies van die wat gered word, sal in die lig van die Nuwe Jerusalem wandel, en die konings van die aarde sal hulle heerlikheid en eer daarheen bring.
- Uit die Nuwe Jerusalem sal 'n suiwer rivier van die water van die lewe vloei en dit sal blare van die Boom van die Lewe meevoer. Hierdie blare is tot genesing vir die nasies.

3.2 Meer oor die GOEIE NUUS van die Koninkryk van God

God het bepaal dat die MENS op aarde sal regeer. Met die sondeval het die mens egter in Satan se mag beland wat meegebring het dat Satan effektief die god van hierdie wêreld geword het. Sy koninkryk bestaan effektief uit die wêreld heersers van die duisternis van hierdie tyd. Dit het die mens in ellende gedompel. Want sonde, korrupsie, ydelheid, siekte, pyn en dood het die wêreld binnegedring. Bose magte maak amok en veroorsaak alle soorte gruwels. Waarheid het in die slag gebly. Die grootste deel van die lewe is moeite en verdriet en eindig onvermydelik in die dood en om afskeid te neem van geliefdes. Boosheid neem toe en onreg floreer.

Wie sal die mensdom van hierdie ellende red?

Die antwoord is: die MESSIAS! Hy sal God se Koninkryk op aarde vestig en Israel van sy vyande verlos.

Jesus, die CHRISTUS, IS die beloofde MESSIAS wat nie alleenlik vir Israel sal verlos nie, maar ook die HELE WÊRELD! Dit sal van krag word wanneer Hy Sy koninkryk op aarde kom vestig. Dit sal bekend staan as die Koninkryk van God of die Koninkryk van die Hemel.

Vir dit om te kan gebeur moes die Messias 'n MENS wees, gebore uit 'n vrou. Dit is deur God volbring toe Sy Seun, Jesus, mens geword het. Hy wat Satan se boosheid en leuens met Sy geregtigheid en met waarheid, oorwin het. Nadat Hy onskuldig doodgemaak is, het Hy die dood oorwin, opgestaan uit die dood in 'n nuwe lewe, wat Hy ook sal gee aan die vir wie Hy wil. So gee hy ewige lewe aan al Sy geliefdes. (Die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.)

Maar meer nog. Hy het Satan se mag oor die mensdom weggeneem en op die rete tyd sal Hy, as 'n Mens, heerskappy opneem en oor hierdie aarde regeer. En dan sal die HELE aarde deur Hom gered word en ALMAL op aarde sal Hom ken en aanbid en geseënd wees.

Meer nog. Dit was nooit Sy voorneme om as 'n eenman diktator te regeer nie. Daarom het Hy bepaal dat: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met MY Vader op Sy troon gaan sit het." Dit is dan die roeping en heerlikheid wat vir hulle wag wat die wedloop suksesvol voltooi het - mede-heerskappy sowel as intimiteit met Jesus Christus, vir ewig. Soos Paulus dit stel: "Ek het alles prys gegee en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, waarvoor Christus Jesus my ook gegryp het. Ek jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus." En "...die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het."

3.3 Die Evangelie van die Koninkryk van God

Volgens die skrif is daar net EEN evangelie en dit word by herhaling die "*Evangelie van die Koninkryk van God*" genoem. (Bv. Mat. 3:1,2 ; 4:17 ; 4:23 ; 10:7 ; Mar. 1:14,15 ; Luk. 4:43 ; Hand. 8:12 ; 20:24,25 ; 28:30,31)

In die gebed wat Jesus ons geleer het, word ons aangesê om te bid dat God se Naam geheilig word (op aarde net soos in die hemel); dat Sy Koninkryk kom (op aarde net soos in die hemel); dat Sy wil geskied op die aarde net soos in die hemel. Hierdie is duidelik van die grootste belang vir God. Dit is die MIDDELPUNT van Sy plan en bestemming vir die mensdom. Dit is die EVANGELIE - die GOEIE NUUS!!

Om verder te beklemtoon hoe belangrik hierdie boodskap vir Jesus is, moet ons daarop let dat Jesus, na Sy opstanding, gedurende die veertig dae dat Hy met sy dissipels verkeer het, met hulle gepraat het oor die dinge aangaande die Koninkryk van God.

Wanneer ons na die waarheid soek MOET ons voortdurend dus in gedagte hou dat die komende Koninkryk sentraal staan in God se denke, plan en doel wat Hy vir die mensdom het. Dat sommige mense "hemel toe gaan" is deel van God se goedheid en genade, maar dit is NIE die evangelie nie. Die evangelie is dat die Koninkryk van God kom en dat Sy Messias sal heers oor alles en alle dinge gaan herstel; en dat die wêreld deur Hom as Heerser gered sal word. Die mens, as individu, kan op grond van sy eie keuse óf deel hiervan wees, óf homself daarvan uitsluit.

3.4 Om die Koninkryk van God te beërf

3.4.1 God se beklemtoning

Daar sal hulle wees wat die Koninkryk van God sal beërf en hulle wat dit nie sal beërf nie. Dit is wat God beklemtoon, eerder as "sommige sal hemel toe gaan en sommige hel toe."

3.4.2 Koninkryk = Koningskap

Teneinde beter te verstaan wat dit beteken om die Koninkryk van God te beërf sal dit goed wees om te weet wat die Griekse woord beteken, wat meestal as 'Koninkryk' vertaal is, nl. *basileia*. In die Griekse konteks dui dit op 'n toestand/toedrag van sake eerder as op 'n fisiese gebied. Derhalwe het Jesus ook Sy dissipels vermaan om nie te soek na sigbare tekens wat die Koninkryk van God sou aandui nie, want die Koninkryk is in hulle midde. Vir die Westerling se begrip sou dit dus kon help as ons die woord *basileia* liever sou vertaal met die woord 'KONINGSKAP'.

Jesus het aan Sy dissipels gesê Hy beskik vir hulle 'n koningskap soos Sy Vader dit vir Hom beskik het, sodat hulle kan eet en drink aan Sy tafel in Sy Koninkryk/Koningskap en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te regeer.

"Soek eers die Koningskap van God en Sy geregtigheid . . ."

Ons sal voortaan dus dikwels die term "Koningskap van God" in die plek van "Koninkryk van God" gebruik.

3.4.3 Beërf / Ingaan

Nou kan ons verstaan dat om die Koningskap van God te beërf impliseer dat ek met Jesus 'n koningskap ontvang. Daardeur word ek een van die konings wat onder Jesus Christus, die Koning van die Konings, vir ewig sal regeer.

In die skrif vind ons ook die uitdrukking "om die Koningskap van God in te gaan". Dit impliseer dieselfde as om "die Koningskap te beërf".

3.5 Wat is nodig om die Koninkryk van God te beërf?

3.5.1 Die eerste vraag: Wat is nodig om ewige lewe te hê?

Die Skrif stel slegs een vereiste, nl.: Om deur geloof in die afgehandelde werk van Jesus, wedergebore te word.

- "Hy wat in die Seun glo, HET die ewige lewe."
- "Wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, HET die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar HET oorgegaan uit die dood in die lewe."
- "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore."
- "En ons is in die Waaragtige, in Sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe."
- "Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."
- "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."

Die Bybel verwys duidelik na die ewige lewe as iets wat ek reeds het en nie iets wat ek nog moet behaal nie.

(Op hierdie stadium is dit nodig om 'n opmerking te maak: Ware geloof beteken nie net om op grond van feite tot oortuiging te kom nie, dit is absolute vertrouwe wat tot aksie oorgaan. 'n Geloof wat nie die hele wese, rigting, bestemming en styl van my lewe verander nie, is nie geloof nie.)

3.5.2 Die tweede vraag: Wat is nodig om die Koninkryk van God te beërf?

Hiervoor is veel meer vereistes nodig as om net wedergebore te wees....

Die kern van al hierdie vereistes is om **GEESTELIK TE GROEI, SELF TE VERLOËN** en om die **VLEES TE KRUISIG**. Alvorens ons die vereistes opnoem, soos ons dit in die Skrif vind, moet ons daarop let dat die volgende uitdrukkings almal dieselfde betekenis het:

- Beërf die koninkryk van God
- Die koninkryk van God ingaan
- Deur die nou poort ingaan
- Oorwinning
- Die redding van die siel; of om gered te word

Die eerste en absolute voorvereiste om die Koninkryk van God te beërf is om wedergebore te wees. "Vlees en bloed kan die Koninkryk van God nie beërf nie" (1 Kor 15:50; Joh 3:3)

Maar dit stop nie daar nie! God sal wil weet wat ek gedoen het met hierdie nuwe lewe wat Hy my gegee het - (Luk 19:11-26). Daarom vind ons die volgende lang lys van sowel kwalifikasies as diskwalifikasies in die Skrif.

Diskwalifikasies:

- Gal 5:19-21, Op 22:15
Die wat die werke van die vlees doen, sal die Koninkryk van God nie beërwe nie.
- 1 Kor 3:1-3
Die wat geestelik babas bly, is vleeslik en wandel in die vlees.
- 1 Kor 6:9-10, Ef 5:5
Onregverdiges en die wat boosheid bedryf sal die Koninkryk van God nie beërf nie, al sou hulle Christene wees.
- Matt 7:21-23
Hulle (selfs hulle wat vir Hom Here, Here sê) wat nie die wil van die Vader doen nie, sal nie die Koninkryk van God beërwe nie.
- Mat 5:20, Fil 3:9
As julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie.
- Jak 4:4, 1 Joh 2:15-17, Matt 16:26
Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie!
- Matt 16:25, Mark 8:35, Luk 9:24, Joh 12:24-25, Luk 17:33, Matt 10:39
Om nie jou lewe (siel) om Jesus se ontwil te verloor nie (om jou lewe te wil behou).
- Matt 18:3
Tensy jy jou bekeer en soos 'n kindjie word, sal jy nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie.
- Matt 19:23-24
Liefde vir geld, en onafhanklikheid van God om daardie rede, sal baie mense uit die koninkryk van God hou.
- Mark 10:15
... elkeen wat die Koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.
- Luk 9:62
Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.
- Joh 3:3-5
Tensy jy wedergebore en gedoop is, sal jy die Koninkryk van God nie binnegaan nie.
Indien jy wedergebore is maar nie gedoop is nie, sal jy ewige lewe hê en die Koninkryk kan sien, maar nie daarin kan ingaan nie. (Luk 13:23-29)
- Matt 25:14-30, Luk 19:11-27
Indien jy nuwe LEWE van Jesus ontvang het, wat doen jy daarmee? Is daar groei? Indien wel, sal jy koningskap ontvang saam met Christus. Is daar geen groei nie? Dan sal jy verloor wat joune kon wees (nl. die koningskap).
- Matt 25:1-13, 24:45-51, Luk 12:35-46, Heb 9:28
Om nie gereed te wees en op Hom te wag wanneer Hy kom nie, sal jou diskwalifiseer vir die Koninkryk.
- Mark 16:16
Geloof EN doop is nodig om gered te word.

Kwalifikasies en wat God van my vra:

- Matt 10:37-38; Matt 22:36-38
Om God bo alles lief te hê!
- Matt 5:3
Aan die wat arm van gees is, behoort die koninkryk van die hemele.
- Matt 5:10
Aan die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid behoort die koninkryk van die hemele.
- Hand 14:22
Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.
- 2 Pet 1:5-11
Voeg by julle geloof die deug, die kennis, selfbeheersing, lydsaamheid, godsvrug, broeder liefde en naasteliefde.

- Op 2:10, 17:14
Wees getrou tot die dood toe.
- Op 3:10
Hou vas wat jy het, dat niemand jou kroon mag neem nie.
- Op 2:26
Bewaar Sy werke tot die einde toe.
- Heb 12:1-2, 1 Kor 9:24-27, 2 Tim 4:6-8
Voltooi die wedloop.
- 2 Tim 4:8
Sien met liefde en verlange uit na Sy verskyning.
- Op 20:4
Om nie die dier te aanbid en sy merk te aanvaar nie.
- Op 12:11
En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuigenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie lief gehad nie.
- Joh 12:26, Matt 16:24, Luk 9:23, Mark 8:34
Verloën jouSELF daaglik, neem jou kruis op en volg Jesus.

3.5.3 Opsomming

Soos gesien kan word is die Koninkryk nie goedkoop te verkry nie. Die lys van die vereistes/diskwalifikasies is taamlik uitgebreid.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat geeneen van die vereistes van my enige bekwaamheid of prestasies vra nie. Wat dit wel vra is ABSOLUTE TOEWYDING aan Jesus. Dít vra op sy beurt verloëning van my ou self met al sy wêreldse belange en die begeerte vir beheer, erkenning en bandeloosheid.

Deur die bloed van die LAM is ek gereinig en nie deur my eie bekwaamheid en prestasies nie. Wat doen ek egter met die nuwe lewe wat ek in Christus verkry het? Leef ek in hierdie nuwe lewe? Of in my ou self? Daarvolgens sal ek geoordeel word.

3.6 'Om Ewige Lewe te ontvang' teenoor 'Om die Koninkryk van God te beërf'

Dit is belangrik om daarop te let dat die vereistes om die Koninkryk van God te beërf baie strenger is as dié om Ewige Lewe te ontvang. Ewige lewe is iets wat ek reeds verkry het en nie iets waarna ek nog streef nie. Die Koninkryk, aan die ander kant, is iets waarna ek nog strewe en wat ek hoop om in die toekoms te behaal. Ons sien dus hier twee heel verskillende konsepte. Om God se Woord reg te verstaan, moet ons kennis neem van hierdie feit!

Aangesien vlees en bloed die Koninkryk van God nie sal beërwe nie (1 Kor 15:50) impliseer dit dus dat elkeen wat die Koninkryk uiteindelik beërwe, wel wedergebore sal wees en dus ewige lewe sal hê. Aan die ander kant sal elkeen wat ewige lewe het, NIE noodwendig die Koninkryk beërwe nie. Ewige lewe is dus die onmiddellike gevolg van ware geloof terwyl beërfing van die Koninkryk afhang van die daaropvolgende geloofslawe.

Geboorte teenoor Groei:

Waar geboorte 'n kort proses is, is groei daarenteen 'n lewenslange proses.

Dié begrip verduidelik die verskil tussen 'om ewige lewe te ontvang', wat die resultaat is van GEBOORTE (wedergeboorte) en die 'beërfing van die Koninkryk' wat die resultaat is van 'n LEWE toegewy aan die Here Jesus Christus. So 'n lewe sal geestelike groei tot gevolg hê.

- Geestelike GEBOORTE is dus 'n versekering van ewige lewe.

- Geestelike VOLWASSENHEID is 'n vereiste om die Koninkryk van God te beërf. Dit is die resultaat van 'n lewe van oorwinnende geloof en uithouvermoë te midde van beproewings en versoekings.

Die belangrikheid van die Koninkryk:

Dit is belangrik om te let op die VELE verwysings na die Koninkryk in die Skrif (159 keer in die Nuwe Testament!) Ons MOET dus kennis neem van die belangrikheid wat God aan die Koninkryk heg. Die VOLHEID van wat Jesus aan ons wil gee, is in geheel vervat in die Koninkryk. "Ek jaag daarna om dit te gryp, waarvoor ek ook deur Christus Jesus gegryp is." (Fil 3:12)

Hulle wat die Koningskap beërf sal die ewigheid in die onmiddellike teenwoordigheid van Jesus leef as Sy Bruid, en sal saam met Hom regeer oor die hele skepping en sal saam met God in die Nuwe Jerusalem LEWE as Seuns van God wat hulle volle erfenis verkry het. Daar is GEEN HOËR ROEPING NIE !!!!

3.7	Die Koninkryk van God en die Teenswoordige Wêreld
-----	---

Die eerste feit: "My Koninkryk is NIE van hierdie wêreld nie." (Joh. 18:36)

Tweedens: Satan, nie Jesus nie, is die god van hierdie teenswoordige wêreld. Die huidige "heersers van die duisternis van hierdie eeu" is geestesmagte vanuit die koninkryk van Duisternis. Jesus sê: "...die owerste van hierdie wêreld kom en het aan my niks nie." Satan self getuig dat hy gesag het oor al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid om dit aan Jesus "te gee as Hy hom sal aanbid." In 1 Joh. 5:19 staan geskryf dat die hele wêreld in die mag van die bose lê.

Derdens: Die kerk is nie die Koninkryk van God nie. Die kerk word opgeroep om te bid "Laat U Koninkryk kom!" Die werklike taak van die kerk is om die Koninkryk te sien, te soek, te verkondig en daarna uit te sien.

Vierdens: Die kinders van die Koninkryk van God bevind hulle in die huidige wêreld as ambassadeurs, vreemdelinge, pelgrims en bywoners. Hulle sien uit na nuwe hemele en 'n nuwe aarde waar geregtigheid woon. Hulle begeer 'n beter, hemelse tuiste. Hulle burgerskap is in die hemel van waar hulle reikhalsend wag vir hul Redder die Here Jesus Christus, wat hulle vernederde liggame sal verander om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam.

Vyfdens: Die verkeerde en slegte dinge wat op aarde gebeur moet NIE aan God toegeskryf word nie. Wanneer God se Koninkryk na hierdie aarde kom sal daar NIE meer oorloë, aardbewings, droogtes, vloede, misdaad, siekte, ens. wees nie - ALLES dinge wat toegeskryf moet word aan die huidige "god van hierdie wêreld" nl. Satan.

Laastens: God se Koninkryk kom! Binnekort sal Jesus en nie Satan nie, die Koning van hierdie wêreld wees. Wanneer die laaste basuin blaas, sal die engele in die hemel jubel en uitroep: "Die Koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Satan se koningskap oor hierdie aarde sal finaal en totaal vernietig wees en sy volgelinge sal, saam met hom, in die poel van vuur gewerp word. In die tussentyd bly ons roep: "Laat U Koninkryk kom op aarde soos in die hemel!"

4 Die uitnemendheid van ons Koning, die Here Jesus Christus

Woorde kan die uitnemendheid van ons Here nie voldoende beskryf nie!

Deur die Skrif aan te haal kan ons egter, tot 'n mate, iets van Sy HEERLIKEHID oordra:


- Hy word genoem:
 - Die Seun van God
 - Die Koning van die Konings
 - Die Here van die here
 - Die Seun van die mens
 - Die Messias
 - Die Christus
 - Die Geliefde
 - Die Seun van God se liefde
 - Die Salige en Enigste Heerser
 - Die Alfa en die Oméga
 - Die Begin en die Einde
 - Die Eerste en die Laaste
 - Die Amen
 - Die Getroue en Waaragtige Getuie
 - Die Leeu uit die stam van Juda
 - Die Wortel van Dawid
 - Die Lam
 - Die Saad van Abraham
 - Die Woord van God
 - Jesus van Nasaret
 - Vredevoers
 - Raadsman
 - Sterke God
 - Die Blink Mōrester
 - Die Eersgeborene uit die dode
 - Getrou en Waaragtig
 - Die Begin
 - ... (en nog veel meer!) ...

- In Hom het ons verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van sondes.
- Hy is die Beeld van die onsienlike God.
- Hy is die Eersgeborene van die hele skepping.
- In Hom is alle dinge geskape.
- Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.
- Hy is voor alle dinge.
- In Hom hou alle dinge stand.
- Hy is die Hoof van die liggaam, die gemeente.
- Hy is in alles eerste.
- Dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon.
- Dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen.
- Hy alleen besit onsterflikheid, bewoon 'n ontoeganklike lig wat geen mens gesien het of kan sien nie.
- Aan Hom kom toe eer en ewige krag.

- Hy is die Eersgeborene onder baie broeders.
- Hy was dood en kyk Hy leef.
- Hy het die skerp tweesnydende swaard.
- Hy het oë soos 'n vuurvlam.
- Sy voete is soos blink koper wat gloei soos in 'n oond.
- Sy stem is soos die stem van baie waters.
- Sy aangesig is soos die son wat skyn in sy krag.
- Hy het die sewe Geeste van God en die sewe sterre.
- Hy is heilig.
- Hy is waaragtig.
- Hy het die sleutel van Dawid.
- Hy het die sleutels van die doderyk en van die dood.
- Hy maak oop en niemand sluit nie en Hy sluit en niemand maak oop nie.
- Hy is die begin van die skepping van God.
- Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.
- Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
- Die leërs in die hemel volg Hom op wit perde, bekleed met wit en rein, fyn linne.
- Hy sal die nasies met 'n ysterstaf regeer.
- Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.
- Hy sal die lewende en die dode oordeel.
- Hy is Jesus, ons Verlosser.
- Die heerskappy is op Sy skouer.
- Aan die vermeerdering van Sy heerskappy en vrede sal daar geen einde wees nie.
- ... (en nog vele meer!)

5 Die Groot Prent

5.1 Sewe Duisend Jaar



Figuur 1

5.1.1 Inleiding

Ooreenkomstig dit wat God in die Skrif (die Bybel) aan ons bekend gemaak het, het ons nou aan die einde gekom van die eerste sesduisend jaar van die mens op die aarde. Volgens die Skrif weet ons ook dat daar 'n periode van 'n duisend jaar oorbly waarin Jesus Christus self Koning sal wees oor die hele aarde, die Vrededors sal regeer: Oorloë sal ophou en die woestyne sal blom. Dit staan bekend as die Duisendjarige Vrederyk. Wanneer ons alles bymekaar tel is daar onteenseglike bewys dat God bepaal het dat die mens 'n totaal van seweduisend jaar op die huidige aarde sou deurbring. In die volgende paragrawe sal hierop uitgebrei word.

Waar ons nou aan die einde van sesduisend jaar is, staan ons op die drumpel van die Vrederyk. Die wederkoms van Christus is op hande. Ons het gekom by wat bekend staan as 'die eindtye'. Wat ons vir geruime tyd al waarneem en wat in felheid sal toeneem, soos wat die einde naderkom, is die volgende:

- Natuurrampe soos aardbewings, vloedgolwe, verwoede brande, vulkane wat uitbars, buitengewone storms, ens.
- Peste en epidemies (beide in getalle en intensiteit).
- Etniese oorloë. (Dit is opmerklik dat tot ongeveer die helfte van die twintigste eeu is oorloë meesal vir persoonlike voordeel t.o.v. hulpbronne of grondgebied, gevoer. Sedertdien is oorloë meestal op 'n etniese basis gevoer.)
- Vals leringe. (Nie alleenlik in die kerk nie, maar in die wêreld in die algemeen, sal die basis van moraliteit en geregtigheid toenemend verkrummel. Reg sal verkeerd word en verkeerd sal reg word. Die hele struktuur van die samelewing sal verkrummel. Mense, in plaas van God, sal verheerlik word. Die skepping sal aanbid word, eerder as die Skepper.)

En tog in hierdie laaste oomblikke voor die deur sluit, roep God, soos Hy reeds die afgelope sesduisend jaar doen, na die mens om Hom bo hulle eie selfbelang te kies en om een van Sy oorwinnaars te word wat saam met Hom sal regeer in die eeue wat kom!!

5.1.2 Verdere Agtergrond

Die geskiedenis, soos God dit in die Skrif gee toon dat 'n tydperk van ongeveer 1960 jaar (wat 40 Jubeljare verteenwoordig) verloop het van die skepping van die mens totdat Abraham na Kanaän geroep is. Dit staan bekend as die tydperk van die Patriarge.

Na 'n oorgangstydperk van ongeveer 80 jaar het die tydperk van Israel begin wat ook ongeveer 1960 jaar, of 40 Jubeljare, geduur het.

Met die koms van Jesus het 'n volgende oorgangstyd van ongeveer 40 jaar as inleiding gedien vir die kerkera, wat ook ongeveer 40 Jubeljare sou duur.

Al die voorafgaande verteenwoordig, breedweg, drie periodes van 2000 jaar elk, wat in totaal ses eenduisend-jaar-dae verteenwoordig; dit verteenwoordig terselfdertyd 'n kombinasie van 40 'God Jare' (Jubeljare), plus 40 'mens jare' per tydperk.

Kyk ons na hierdie geheelbeeld, sowel as na Bybelse getuienis sien ons God se plan vir 7000 jaar, of een week, vir die huidige aarde:

- Die eerste vierduisend jaar verteenwoordig die eerste vier dae van die week.
- Aan die EINDE van die vierde dag word Jesus gekruisig, oorwin Hy Satan, sonde en die Dood en bring sodoende redding en hoop vir die mens (Sien hoofstuk 18.3.10).
- In die Skrif word na dag vyf en ses gesamentlik verwys as 'die Laaste Dae'.
- Die Wederkoms van Christus vind aan die einde van die sesde dag plaas.
- Die sewende dag is die Sabbat. Dit verteenwoordig die duisendjarige regering van Jesus wanneer Hy alle dinge sal herstel en daar vrede op aarde sal wees.

- Die agste 'dag' verteenwoordig die Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde wanneer alles verander word en nuut sal wees. Die konsep rondom 'tyd' sal moontlik ook heel anders wees. (In die Bybelse getalleer staan 'agt' vir 'n 'Nuwe begin'.

5.2 Waarom Seweduisend Jaar?

5.2.1 Historiese Bewyslewing

Uit die Skrif weet ons dat tweeduisend jaar verloop het van Adam tot Abraham. So weet ons ook uit die Skrif dat 'n verdere tweeduisend jaar vanaf Abraham tot by Jesus verloop het. Ons weet ook dat daar intussen ook tweeduisend jaar sedert Jesus verloop het. Ons weet ook dat 'n duisendjaar-tydperk, waarin Christus tesame met Sy oorwinnaars sal regeer, nog voorlê. Dit staan bekend as 'Vrederyk' of 'die Sabbatsrus wat oorbly'.

Dit dui dus op die 7 x 1000 jaar kalender vir planeet aarde. Een God-week.

5.2.2 Die getal Sewe is God se Waarmerk op Sy Skepping

Kyk ons na God se skepping, vind ons die 'sewe' patroon oral:

- Sewe skeppingsdae in Genesis
- Dragtigheidstydperk vir diere is veelvoude van sewe:
 - Muis - drie weke
 - Haas en rot - vier weke
 - Kat - agt weke
 - Hond - nege weke
 - Leeu - veertien weke
 - Skaap - een en twintig weke
- Broeitydperke vir voëls is veelvoude van sewe:
 - Klein voël soorte - twee weke
 - Hoenders - drie weke
 - Eende - vier weke
 - Ganse - vyf weke
 - Volstruise - ses weke
- Selfs menslike swangerskappe duur veertig weke.
- Ens.

So sien ons dat sewe God se skeppingsgetal is.

Gedurende Sy groot sewe eenduisendjaar dae, of God-week, skep God ondermeer 'n Bruid vir Sy Seun asook Sy regering vir die eeue.

5.2.3 Die Loofhuttefees

God het agt feeste ingestel wat jaarliks deur Israel herdenk moet word. Gesamentlik beeld hierdie feeste God se makro-plan vir die mensdom uit. Dit sal in meer besonderhede in hoofstuk 18.3.5 behandel word. In hierdie paragraaf behandel ons kortliks die betekenis van die Loofhuttefees.

Gedurende hierdie fees moet Israel in tydelike hutte buite hulle regte huise bly. Dit moet vir sewe dae lank wees. Indien ons 1 Kor. 10:11, 2 Kor. 5:1 en 2 Pet.3:8 met die simboliek van hierdie fees vergelyk, kry ons weereens 'n aanduiding dat die mens op hierdie aarde in tydelike liggame sal woon gedurende die tydperk van sewe eenduisendjaar dae. Daarna sal die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde kom.

5.2.4 Vervulling van Profesie

Daar is baie aanduidings dat ons tans besig is om die finale stadiums van die huidige wêreldorde binne te gaan. Daar sal nie hier breedvoerig op al hierdie tekens ingegaan word nie. Daar word met die beknopte lys volstaan:

- Tegnologie
 - Vir die eerste keer in die geskiedenis is dit moontlik om op 'n wêreldwye grondslag die merk van die dier in te voer en te vestig (Ingeplante rekenaarskyfie).
 - Dit is nou moontlik vir die hele aarde se mense om, binne die drie dae daarvoor beskikbaar, die liggame van die twee getuies waarvan Op. 11 praat, te sien (Satelliete en TV).
 - Vir die eerste keer ooit is dit nou moontlik om "op die land te wees en die gruwel van verwoesting te sien staan in die heiligdom." (Onlangse selfoon tegnologie).
- Omgewing
 - Toenemende voorkoms van aardbewings.
 - Epidemies, soos Vigs.
 - Temperatuur uiterstes, droogtes, orkane ens. wat alles tot dusver oortref.
- Maatskaplik
 - Toenemende voorkoms van etniese oorloë.
 - Bevolkingsontploffing.
 - Wetteloosheid.
 - Ineenstorting van morele, gesins- en geestelike waardes.
- Weghol tendense
 - Sou 'n grafiek van enige aantal parameters (bv. Wêreldbevolking, egskeidings, tiener swangerskappe, aardbewings, etniese oorloë, dierebevolkings, natuurlike hulpbronne, Vigs, tegnologie, ens., ens.) getrek word vir die afgelope 2000 jaar, sal ons vind dat alles in die jongste tyd na uiterstes neig en trouens kritieke afmetings begin aanneem. Dit is asof 'n onsigbare Hand die weg vorentoe blokeer en sê: "Sover en NIKS verder nie."
- Toename in kennis
 - Ons sien hoe Daniël se profesie voor ons oë vervul word.

Ons herken dié tekens en besef dat die Wederkoms van Christus op hande is, hier aan die einde van die sesde dag. Die sewende dag sal die Vredesryk van Jesus se regering op aarde wees.

5.2.5 Die Laaste Dae

In die Skrif vind ons heelwat wenke en aanduidings dat daar twee dae (of 2000 jaar) sal wees tussen Jesus se eerste koms na hierdie aarde en Sy tweede koms wanneer Hy alles gaan heroprig. Hier volg enkele van hierdie aanduidings:

- Toe Israel deur die Jordaanrivier die Beloofde Land binnegegaan het, was die Verbondsark aan die voerpunt. (Die Ark verteenwoordig die Here Jesus, ons Voorloper.) Die volk is egter aangesê om 'n afstand van tweeduisend el agter die Ark te bly. Dit is 'n wenk dat die tydsduur tussen die opstanding van Jesus, as Eersteling, en die opstanding van die wat by Sy koms aan Christus behoort, ongeveer 2000 jaar sal wees. (Die deurtog deur die Jordaan na die Beloofde Land simboliseer die verlaat van hierdie lewe om die Koninkryk van God binne te gaan.)
- In Luk. 13:32-33 sê Jesus: "Gaan vertel daardie jakkals: Kyk ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en more, en op die derde dag is Ek klaar. Maar Ek moet vandag en more en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profeet buitekant Jerusalem omkom nie." Ten einde nie vermoeiend te word in 'n aangeleentheid wat net onnodige argumente mag uitlok nie, laat ons dit aan die leser oor om die subtiliteite in hierdie verwysings van Jesus raak te sien. Diegene wie se oë deur die Heilige Gees geopen is, sal egter opmerk dat geeneen van hierdie stellings van Jesus letterlik so was nie.

Beide bevat egter wenke wat heenwys op 'n groter realiteit, waarvolgens Jesus as Hoof van die Kerk, wat Sy liggaam is, praat en waar die dae waarna Hy verwys, verstaan moet word as God-dae van 1000 jaar elk. Die aarde sal na 2000 jaar herstel word en die Nuwe Jerusalem sal na die derde dag kom.

- In Hosea 6:1-2 word die volgende omtrent Israel gesê: "Kom laat ons terugkeer tot die Here; want Hy verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons na twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor Sy aangesig kan lewe." In hoofstuk 15.3 sal gewys word dat Israel onmiddelik na die tweede koms van Christus herstel sal word. Dit sal die eerste keer wees dat hulle weer die ware Messias sal verheerlik nadat hulle tydelik eenkant toe geskuif is met die aanvang van die Kerk-tydperk. Die bedoeling van die verse in Hosea word nou duidelik. Na verloop van 2000jaar (2 God-dae) sal Israel opgerig en herstel word. Hulle sal dan as die Koninklike Volk op aarde opgerig word wat sonder verdere oortredings voor die aangesig van hulle Messias, Jesus Christus, sal leef.
- Verdere aanduidings van die voorafgaande kan gevind word in o.a. Ex. 19:10-11, Joh. 4:43, Luk. 2:46, Joh. 11:6, Rigters 14:14, Jona 1:17, Josua 1:11, Hand. 9:9, Hand. 25:1, Gen. 40:13, 19 en nog meer.
- Ons vind simboliese verwysings na die vierduisend jaar wat Jesus se eerste koms voorafgaan in Hand. 10:30 en Joh. 11:17
- Laastens vind ons heelwat simboliese verwysings na die sewe/ses duisend jaar periode van die mens op die huidige aarde in o.a. Matt. 17:1, Mark. 9:2, Luk. 9:28, Eseg. 43:26-27, Jos. 6, Deut. 16:8, Ex. 24:16; Gen. 8:10, 12, Gen. 7:10, Ex. 29:37 en nog meer.

5.2.6 Sterretydperke

Kom ons let daarop dat God gesê het: "Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel" en "laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir die dae sowel as jare." Dit is God wat die sterrebeelde gemaak het, wat hulle name gegee het en dat hulle kon dien as tekens vir tye en seisoene. Die feit dat sterrewiggelaars, wat aan die koninkryk van duisternis behoort, die sterre gebruik vir hulle voorspellings, doen geen afbreuk aan die waarheid van God of aan die tekens en seisoene wat Hy met die sterre aandui nie.

Sterretydperke het elke 'n tydsduur van 2000 jaar.

Die sterretydperk van Taurus (die Bul) het saamgeval met die tydperk van die Patriarge. In die Boek van Henog word die Patriarge sinnebeeldig voorgestel as bulle (wit, rooi of swart) - Kain bv. word as 'n swart bul voorgestel; Abel as 'n rooi bul en Set as 'n wit bul. So word Adam ook as 'n wit bul voorgestel.

Die sterretydperk van Aries (die Ram) het met die tydperk van Israel saamgeval. Volgens die allegoriese versinnebeelding van Henog word Israel as volk uitgebeeld as skape terwyl hulle leiers as ramme uitgebeeld word (wit of swart ramme). Deurgaans wanneer die Skrif allegories verwys na skape, word Israel daarmee bedoel.

Die sterretydperk van Pisces (die Vis) val weer saam met die bedeling van die Kerk. Ons weet dat die teken van die vis gebruik is en word deur die kerk.

Die sterretydperk van Aquarius (die Waterdraer) val saam met die Millenium tydperk. Hierdie tydperk het ongeveer met die aanbreek van die huidige millenium begin. Die Skrif verwys twee keer na 'n waterdraer wat 'n aanduiding gee van hierdie tydperk wat sal lei na die Huweliksfees van die Lam. (Mark. 14:12-17 en Luk. 22:8-14.)

Die feit dat hierdie sterretydperke so akkuraat ooreenstem met die historiese getuienis van die Bybel, kan geen toeval wees nie en onderstreep net verder die 7000 jaar tydperk.

In hierdie verband is dit noemenswaardig dat die totale tyd vir die mens op aarde, in sterretydperk-terme, aangedui word as "'n tyd en tye en 'n halwe tyd". In die Skrif verteenwoordig 'n tydperk van drie en 'n half 'n periode van suiwering. Jesus se bediening het drie en 'n half jaar geduur. Die groot verdrukking wat voorlê sal ook drie en 'n half jaar duur.

Veertig, aan die ander kant, dui op 'n "woestyntydperk" van beproeving en toetsing; 'n proeftyd. Dit is noemenswaardig om daarop te let dat die afgelope 6000 jaar 'n tydperk van toetsing en beproewing was, geestelik en fisies. (Let maar op die "veertigs" in al die verskillende tydperke, soos aan die begin van hierdie hoofstuk verduidelik.) Die hele skepping is in afwagting op die koms van die Koninkryk van Christus wanneer daar, uiteindelik, rus sal wees.

5.2.7 120 jaar

"Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig met die mens worstel nie, omdat hy vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar." Gen. 6:3

Dit het beslis nie beteken dat die mens slegs 120 jaar oud sou word nie. Dit het eenvoudig nie gebeur nie en gebeur steeds nie. Wat wil God dan met hierdie opmerking te kenne gee?

Die antwoord is dat Hy verwys na 120 Jubeljare. Dit kom neer op rofweg 6000 jaar. Dit weer, word opgemaak uit drie periodes van 40 jubeljare waarin die mens die aarde sal regeer voordat God weer, in die persoon van Jesus Christus, sal oorneem as Koning oor die hele aarde. (Verwys na paragraaf 5.1.2)

5.3 God se Plan en Doel

God se plan en voorneme word opgesom deur Paulus in Ef. 1: "... deurdadig Hy aan ons die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak het na Sy welbehag wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig - in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het"

"Want dit het die Vader behaag dat in Hom (Jesus Christus) die ganse volheid sou woon en dat Hy, deur Hom, alles met Homself sou versoen, die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."

Eerste vraag: Wanneer sal dit volbring word?

"In die dispensasie van die volheid van die tyd."

Dit is die dispensasie, of bestuursmodel, wat sal geld nadat die tye volbring is. Indien ons verwys na figuur 1 aan die begin van hierdie hoofstuk, sal ons verstaan dat dit sal wees na die voltooiing van die "tyd, tye en 'n halwe tyd" of te wel sewe duisend jaar periode; dus in die dispensasie van die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde.

Tweede vraag: Wat/wie sal bymekaar gebring word in Christus?

Die volledige antwoord op hierdie vraag sal moet oorstaan tot God self dit bekend maak. Kom ons let egter op wat wel aan ons bekend gemaak is:

- Vader God wil seuns hê (Dat Jesus die eersgeborene kan wees onder baie broeders.) Diegene wat lewe in Christus ontvang het en in Hom is, sal kindskap verkry. Die voorafgaande 6000 jaar was, spesifiek vir die doel, 'n proses om die ware seuns van God uit te sif.
- Vader God soek 'n Bruid vir Sy Seun. God se uitsluitlike doel was en is om deur al die verdrukking en toetse onder al die geslagte en volkere op aarde, oor hierdie 6000 jaar, 'n Bruid vir Sy Seun te versamel.
- Israel sal gered word, met God versoen word en verheerlik word in hulle Messias. (Sien hoofstuk 15.3-5)
- Alle geestelike wesens in die hemele en alle menslike wesens op aarde wat hulle vrywillig onderwerp het aan Jesus Christus as Here en Redder sal God se heerlikheid binnegaan onder die Koningskap van Christus.
- Die totale skepping (plante en diere ingesluit) sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.

5.4 'n Erfenis in Christus

Waaroor gaan dit alles?

Om God se plan en doel te verstaan. Om ook te verstaan dat Hy vir JOU en vir MY uitnooi om deel van Sy plan te wees en dat ons daarom moet fokus op slegs EEN doel vir ons lewe: Jesus!

En ook om te verstaan dat alles wat in hierdie lewe gebeur binne die raamwerk van God se groter plan en doel plaasvind.

Dit is waaroor die lewe gaan en waaroor hierdie boek gaan: om ons toe te rus om daardie lewe te lei wat die Here vir ons bedoel en om tot volwassenheid te groei, sodat ons nie alleen ons erfenis in Christus sal verkry nie, maar dit ook sal behou tot die einde. Paulus roep aan die einde van sy lewe uit "Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid ..." en in Op. 3:10 staan: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."

6 Die Doop

6.1 Die Doop: Waarom? Is dit belangrik?

Ons God is 'n Verbondsgod: Hy werk deur verbonde: Die verbond met Noag, die verbond met Abraham, die Ou Verbond (Sinai), die Nuwe Verbond, ens.

Elke verbond wat God met die mens maak is ewig en sal slegs ophou bestaan as een van die betrokke partye nie meer bestaan nie. Derhalwe staan die verbond met Abraham nog steeds en is dit geldig vir al die nakomelinge van Abraham. Sou jy dus 'n nakomeling van Abraham wees, behoort jy besny te wees. Net so, so lank as hierdie aarde bestaan, sal dit nie weer deur water vergaan nie, volgens God se verbond met Noag; ens.

Nou het God, deur Jesus, die heel wonderlikste verbond met die mens gemaak!

- Hierdie verbond sluit in dat ons wedergebore word as kinders van God, en so deel word van God se familie, aan Hom gelykvormig word en ewige lewe ontvang.
- Dit sluit ook in dat al die sondes van my vlees vergewe word, dat ek daarvan verlos word deur die bloed van Christus.
- Dit behels ook dat ons deur Jesus vrygekoop is om as Bruid vir Homself geneem te word.

Die twee partye wat deel uitmaak van hierdie verbond is Jesus aan die een kant en JY/EK (elkeen wat Hom in geloof aangeneem het) aan die ander kant. Nie alleenlik het Jesus hierdie verbond met jou/my aangegaan nie, maar Hy het OOK DIE VOLLE prys betaal daarvoor (d.w.s. Hy het Homself gegee as die offer wat nodig was om die verbond aan te gaan!)!!!!

Wat nou OORBLY is vir jou/my om uit ons eie VRYE WIL, te besluit of ons van ons kant hierdie verbond wil aangaan. Dit behels die volgende:

- Eerstens moet ek weet dat dit vir my moontlik is om hierdie verbond aan te gaan. (Dit is waarom Jesus aan sy dissipels gesê het om te gaan en te vertel...)
- Tweedens moet ek glo wat aan my vertel is en al my vertroue in hierdie boodskap en dus in Jesus Christus as my persoonlike Verlosser, plaas.
- Ware geloof sal 'n algehele verandering in my lewe meebring, in my denkpatrone en in alles wat ek doen en nie meer doen nie. Ek word 'n dissipel van Jesus.
- Laastens en van baie groot belang: al het ek al die voorafgaande gedoen, het ek nog nie die verbond met Jesus gesluit nie. Al doen ek al dié dinge; glo in Jesus en toon berou - dan is dit soos 'n vrou wat 'n man ontmoet, 'n huweliksaanbod van hom ontvang en dit aanvaar - dit beteken egter nie dat sy al met hom

getroud is nie! Daar kom nog iets kort - die huwelikeremonie en die uitruil van beloftes en die sluiting van die huwelikverbond het nog nie plaasgevind nie. Op hierdie stadium is dit dus ook absoluut nodig dat ek formeel, op die voorgeskrewe wyse, 'n verbond met Jesus aangaan. Dit geskied deur die DOOP. Verstaan ons nou waarom Satan so vuriglik die kwessie rondom die doop tot geskilpunt verhef, verwarring saai en dit opponeer?!

Jesus het in alle werklikheid fisies deur die dood gegaan, is begrawe en het opgestaan in 'n nuwe lewe en het daarmee die opstandingslewe bekom vir elkeen wat in Hom glo. Dus moet die wat glo op dieselfde wyse deel word van die verbond en dus simbolies sterf, begrawe word en in 'n nuwe lewe opstaan. Dit is die doop! Die daad van onderdompeling beeld MY keuse uit om my lewe neer te lê, begrawe te word en dan op te staan in 'n nuwe lewe IN Jesus Christus: "Omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is..."

Wanneer Jesus dus sê: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word," bedoel Hy presies dit!

Lees ook 1 Petrus 3:18-22.

Let daarop dat, vanaf Pinkster, ALLE gelowiges waarvan ons weet in die Skrif, dadelik nadat hulle tot bekering gekom het, gedoop is.

Kyk ons na al die voorafgaande kan ons ook verstaan waarom die besprinkeling van kinders (verkeerdelik "doop" genoem) van GEEN waarde is nie en nie 'n plaasvervanger van die ware doop is wat a.g.v. my EIE vry keuse moet plaasvind nie.

ANTWOORD: Ja, die doop IS noodsaaklik en van die UITERSTE belang!

6.2	Is daar meer simboliek verbonde aan die plegtigheid van die Doop?
-----	---

Daar is en ons noem 'n aantal daarvan:

1. Die afwas van sondes.
2. Die bad van die wedergeboorte.
3. Om wedergebore te word.
4. Om met Christus bekleed te word.
5. Om myself totaal aan Hom oor te gee.
6. Om volkome deur Hom aangeneem te word.
7. Om van burgerskap te verander (van my ou aardse koninkryk na die hemelse koninkryk van God).
8. Om die koningskap van Christus in my lewe te aanvaar.
9. Afsterwe (van my ou lewe) en opstanding (in 'n nuwe lewe).
10. Om begrawe te word.
11. 'n Nuwe begin.
12. In Christus.
13. In die kerk in (wat Sy liggaam is).
14. Die mag van sonde word gebreek (die deurtog deur die Rooi See, wat die mag van Egipte breek).
15. Voorvereiste om die Beloofde Land binne te gaan (deurtog deur die Jordaan).
16. Ontvangs van 'n nuwe naam (die naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees - die Godfamilie).
17. Redding (1 Pet 3:20-21).

6.3 As baba is ek gedoop, waarom behoort ek weer gedoop te word?

'Kinderdoop' is in twee opsigte beslis foutief:

1. Om 'n verbond te kan aangaan, moet jy dit doen uit jou eie vrye wil, welwetende wat jy doen. Geeneen van die twee is moontlik by 'kinderdoop' nie.
2. Die Here bepaal dat jy gedoop en NIE besprinkel moet word nie. Al die simboliek en betekenis van die seremonie verdwyn wanneer dit selgs besprinkeling is. Indien Naäman homself sou besprinkel het in plaas daarvan om homself die volle sewe keer te onderdompel, kan tereg gevra word of hy nog steeds van sy melaatsheid genees sou word??

Geliefde, indien jy as kind besprinkel is, beteken dit dat jou OUIERS plegtig belooft het om jou in die kennis van Sy Naam te onderrig. Dit beteken egter NIE dat JY tot enige belofte/verbond/onderneming met die Here, of enige iemand anders, toegetree het nie. (Miskien het jy selfs geprotesteer en luidkeels beswaar gemaak dwarsdeur die hele besprinkelingseremonie.)

ANTWOORD: Indien jy as kind besprinkel is, is jy NIE gedoop NIE. Indien jy in Jesus Christus glo en die Nuwe Verbond met Hom wil sluit, sal jy jou MOET laat doop!

6.4 Maar is die sogenaamde 'Wederdoop' nie 'n groot sonde nie?

In Hand. 19 beskryf Paulus vir ons hoe 'n groep gelowiges 'weer' gedoop is. In hierdie geval het Paulus dit nie slegs toegelaat nie, maar dit inderdaad ten sterkste aanbeveel.

Dit was inderdaad 'n herhaling van die volle onderdompelingsdoop en nie net 'n regstelling in die plek van die kinderbesprinkeling nie.

In die lig van alles wat sover in hierdie hoofstuk oor die doop verduidelik is, sou dit net so onskadelik wees om weer gedoop te word as wanneer, byvoorbeeld, 'n getroude egpaar sou besluit om later in hulle lewens formeel hulle huweliksbeloftes te hernu. Op GEEN MANIER kanselleer dit die eerste doop (of huwelik) nie. Trouens, dit bekragtigt en versterk dit eerder. Hiermee word nie aanbeveel dat almal nou hulle huweliksverbond of doop weer moet hernu nie, maar sou hulle, vir watter rede ookal, besluit om dit tog te doen, is daar geen sonde daarin nie.

ANTWOORD: Daar is GEEN sonde daarin om weer gedoop te word nie.

6.5 Waarom beweer teoloë dan dat dit 'n sonde is om weer gedoop te word?

Die WERKLIKE probleem is dat Satan nie wil hê dat enigiemand hierdie verbond met Jesus moet sluit nie - 'n verbond wat gebaseer is op sy nederlaag en wat uiteindelik daartoe sal lei dat hy in die poel van vuur gewerp sal word. Dit is die WARE rede waarom leuens en verwarring (wat satan se kenmerke is) die hoeksteen van hierdie leerstelling geword het. Maar, in Jesus, is hierdie saak so eenvoudig dat 'n kind dit kan verstaan.

Die argument (van verwarring) wat Satan in hierdie saak na vore bring ten einde Christene te ontmoedig om hulle te laat doop, is soos volg:

- Met jou 'doop' as 'n baba is jy ingesluit in die verbond met Abraham (??) en het so deel geword van God se volk, want die 'doop' het in die plek van die besnydenis gekom'.
- Sou jy later besluit om in die Naam van Jesus gedoop te word, verklaar jy daarmee dat jou insluiting in die eerste verbond (Abraham) wat jy aangegaan het ongeldig is en dat jy verwyder geraak het van die regte en seënige wat aan daardie verbond gekoppel is.

Geliefdes, dit IS nou verwarring van begin tot einde!!

Eerstens, WIE en vir WATTER rede hoegenaamd, sou ENIGEEN verkies om onder Abraham se verbond ingesluit te word as hy/sy eerder met Jesus verenig kan word in die NUWE verbond in Sy Naam?

Tweedens, van WANNEER af kan enigeen somer kies om ingesluit te word in die Abrahamitiese verbond? Van die begin af was hierdie verbond uitsluitlik vir Abraham se nakomelinge en sy knegte.

Derdens, van wanneer af het die 'doop' (beskprinkeling) in die plek van die besnydenis gekom? Die (enkele) Skrifgedeelte wat gebruik word om dit 'te bewys' is Kol. 2:11. In die hele konteks van Kol. 2:11-14 wys dit hoe Christus ons van die ou mens (met al sy boosheid en wagtende oordeel) verlos het, deur die besnydenis van Christus wat nie met hande verrig word nie. En hoe die doop (onderdompeling), deur die simboliek van BEGRAWE en opstanding, simboliseer hoe Jesus die ou mens 'afgesny' en my as 'n nuwe mens uit die dood lewend gemaak het.

Vierdens, waarom sal enige vorige verbond nietig raak deur die daarstelling van 'n nuwe verbond?? Toe God 'n nuwe verbond met Israel by Sinai gemaak het, jare na die verbond met Abraham, het dit die verbond met Abraham tot niet gemaak??

Nee geliefdes, dit is alles chaos en verwarring en Satan se hand is duidelik hierin te sien.

ANTWOORD: Die teologie betrokke by hierdie argument dra die kentekens van Satan wat chaos en verwarring is.

6.6 Wat gebeur met gelowiges wat nie gedoop is nie?

Eerstens, gelowiges het ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Tweedens egter, omdat hulle nie die wil van God gedoen het nie, sal hulle nie die Koninkryk van God binnegaan nie. Maar hoe ernstig is God oor die saak? Geen enkele Israeliet kon die Beloofde Land (wat die Koninkryk van God simboliseer) binnegaan as hy nie simbolies gedoop is nie! Toe Jesus gesê het: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word," het Hy presies dit bedoel. Die hele Israel is gedoop in die Rooi See (1 Kor. 10:1-2). Daaropvolgend het hulle op die grens van die Beloofde Land gerebelleer en moes toe vir die volgende veertig jaar in die woestyn rondswerf. 'n Nuwe geslag is gebore wat nie gedoop is nie. Gevolglik, voor enigeen by die volgende geleentheid die Beloofde Land as erfnis kon binnegaan, moes hulle eers weer gedoop word. Hierdie keer simbolies met die deurtog deur die Jordaan.

So dan, gelowiges wat nie gedoop is nie, sal soos een van twee groepe wees:

1. Die een groep is hulle wat vrygemaak is van die slawerny van sonde (Egipte) deur die bloed van die Lam en wat Egipte onder leiding van die Heilige Gees (die wolkkolom) begin verlaat het, maar toe hulle by die Rooi See (doop) kom was hulle nie gewillig om daardeur te gaan nie, omdat hulle teoloë vir hulle gesê het dat dit een of ander sonde sou wees. Hulle ontsnap dus nooit die mag van Egipte (sonde en die wêreld) nie.
2. Die ander groep is soos die Israeliete wat op die walle van die Jordaan (doop) gekom het en die Beloofde Land kon sien. Hulle was egter nie bereid om deur te gaan nie, want hulle teoloë het vir hulle gesê dat om weer gedoop te word 'n kardinale sonde sou wees en die water hulle beslis sou wegvoer tot in die Dooie See. Hulle het nooit die deurtog meegemaak nie en teen die tyd toe hulle dit wou doen, was dit te laat. Ten opsigte van hulle word die Woord vervul dat "julle, die Fariseërs, sluit die Koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie" (Matt 23:13). Dus, hoewel hulle ewige lewe het, sal hulle nie die Koninkryk van God kan binnegaan nie. (Joh. 3:3 en 5, Luk. 13:23-30)

ANTWOORD: Hulle sal die Koninkryk van God nie beërf nie.

7 Wedergeboorte

7.1 Wedergeboorte: Wat beteken dit?

Die uitdrukking 'wedergeboorte' het sy ontstaan te danke aan die nagtelike besoek van Nikodemus aan Jesus. Jesus het toe aan Nikodemus gesê dat ten einde gered te word iemand 'weer gebore' moet word, of te wel, 'van bo-af/opwaarts' gebore moet word (korrekte vertaling volgens die Grieks). Nikodemus se wedervraag, gebore uit sy onkunde oor die saak, is die aanleiding tot die uitdrukking 'wedergeboorte'. "Hoe kan 'n mens as hy oud is gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?"

Die korrekte betekenis van hierdie konsep is inderdaad dat die mens VAN BO-AF gebore moet word, of, nog meer korrek, VAN GOD GEBORE MOET WORD.

Alle mense word in vlees gebore, uit 'n vrou; sommige word ook in gees gebore, uit God. In die kerktradisie staan laasgenoemdes bekend as 'wedergeborenes'.

7.2 Hoe kan ek wedergebore word?

Die antwoord is: Deur geloof.

- "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."
- "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore."

Dit is belangrik om daarop te let dat wedergeboorte reeds sy beslag gekry het toe Jesus uit die dood opgestaan het. Derhalwe is die wedergeborene uit God gebore en kan niemand uit homself weer gebore word nie.

- "Maar God wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus."
- "... want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike ..."
- "Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat na Sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd."

Ons vind dat wat waar is in die gees, kan nie deur die menslike verstand begryp word nie.

Die waarheid is dat ons wedergebore is toe Jesus uit die dood opgestaan het. Hierdie waarheid word vir my egter eers 'n realiteit wanneer ek Jesus deur geloof aanvaar as my persoonlike Verlosser. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. EK MOET, vir hierdie lewe en die lewe wat kom, al my vertrouwe in Hom plaas! DAN IS EK uit God gebore en ontvang ek dit wat Jesus reeds tweeduisend jaar gelede vir my bewerk het.

7.3 Wat beteken dit om te glo dat Jesus 'die Christus' is?

'Christus' is 'n TITEL, NIE 'N NAAM NIE.

Dit is God se titel vir Sy gesalfde Koning van die Koninkryk van God, Koning van die heelal, Koning van die konings en die Here van die here, die Een aan Wie gegee is ALLE mag in die hemel en op aarde! Dit is die Naam bo alle name!

Die Christus is die Messias wat gekom het om Israel van sy vyande te verlos!

Nog meer, die Christus is die Een wat gekom het om die WÊRELD te red, wat Hy sal doen as Hy weer kom as die Vredevors, die Koning van die koninkryk van God, om alle dinge te herstel!

En Hy het gekom as 'n mens in die persoon van Jesus van Nasaret, uit 'n maagd gebore, die WARE Seun van God en Hy het vir 33½ jaar op die aarde gewandel, goeie dinge gedoen en almal genees wat deur die duiwel verdruk is. Daarna het hy gesterf deur die onregverdige werking van Satan, het opgestaan nadat hy die Doderyk (Hades) en die Dood oorwin het, om NOOIT weer te sterf nie en sit nou aan die regterhand van God en gee aan almal wat in Hom glo ewige lewe in Hom!!

- Glo ek dit alles?
- Plaas ek AL my vertroue in Sy voltooide werk, wat ook vir my gedoen is?
- Onderwerp ek myself volkome aan Hom as my Here en aan Sy Koningskap oor my lewe? Bely ek dat ek nou uitsluitlik aan Hom behoort, erken ek dat my ware burgerskap in die Hemele by Hom is en dat ek voortaan net 'n vreemdeling en pelgrim op hierdie aarde is wat reikhalsend wag op Sy Koninkryk om te kom?
- En sal ek aanhou glo en vertrou op Hom in goeie EN slegte tye?

Geliefdes, ons word nie wedergebore deur ons groot en akkurate kennis nie, maar deur die bloed van die Lam en ontvang Sy geskenk van die lewe deur geloof. Tog weet die wedergebore mens al die bovermelde dinge in die gees en dit is ook reg vir ons om dit met ons verstand ook te weet.

8 Die Nuwe Lewe

Elkeen wat wedergebore is, het NUWE LEWE van God ontvang - Goddelike Lewe!

8.1 Kenmerke van die Nuwe Lewe

Sekere dinge is waar van hierdie nuwe lewe. Dit is:

- Ewig
- Sonder sonde
- Volmaak
- Heilig
- Sonder gebrek
- Onberispelik voor God
- Gesetel in die hemele in Christus Jesus
- Bekleed met die geregtigheid van Jesus Christus.

Verder ook

- Is dit IN Christus en dus volkome een met Christus.
- Dra dit die karakter van God.
- Dit kan nie sondig nie, want dit is uit God gebore.

- Die vrug van sy wese is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

8.2 Die Nuwe Lewe word ook beskryf as

- Die Nuwe Mens teenoor die ou mens.
- Die Innerlike Mens teenoor die uiterlike mens.
- Die Gees teenoor die vlees.
- Christus teenoor Self. ("Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.")

8.3 Die Lewe is in die Seun en Hy gee dit aan wie Hy wil

"Soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

"Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil."

"En ons is in die Waaragtige, in Sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe."

"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun."

8.4 Wie ontvang hierdie lewe?

Uit die Skrif is dit baie duidelik dat wie ookal sy/haar vertrou in die Here Jesus plaas, ewige lewe van Hom ontvang.

Jesus sê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."

Dit is ewe duidelik dat die wat die Seun weier, nie die lewe van God ontvang nie:

"Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos."

8.5 Wat van geaborteerde babas of kinders wat jonk gesterf het?

Jesus is die regter hieroor.

Maar ons weet Jesus kan lewe gee aan wie Hy wil. En ons weet dat Jesus goed en regverdig en genadig en vol liefde is. Daarom is ons oortuig daarvan, in die Here, dat die hemel sal skitter met die vreugde van jong kinders (onder andere geaborteerde babas en mishandelde kinders). Wat 'n vreugde!

Geliefdes, ons word nie soseer deur die "meriete" van ons wonderlike geloof gered nie: maar ons sal sekerlik veroordeel word as ons die groot verlossing verwerp, soos so baie deesdae doen. 'n Kind wat in onskuld gesterf het en nooit die liefde van God verwerp het nie, sal dus waarskynlik die ontvanger wees van die lewe wat Jesus gee in Sy liefde, mag en gesag.

9 Wandel in Gees

9.1 Noudat ek wedergebore is, bly daar enigiets oor vir my om te doen?

"Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie."

"Want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe. Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."

"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai."

"En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande."

"Hardloop die wedloop wat voorlê met volharding ..."

"Stry die goeie stryd van die geloof!"

"Stry hard om in te gaan deur die nou poort!."

Hierdie woorde is alles aan GELOWIGES gegee! Ons moet dit ernstig opneem.

So, wat vir my oorbly om te doen, is om te GROEI na volwassenheid deur in die Gees te WANDEL, die werke van die vlees af te lê; so sal ons uiteindelik die wedloop as OORWINNAARS voltooi.

9.2 IDENTIFISEER met die Nuwe Lewe (Christus) in jou

"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here."

"Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my,"

"Wandel deur die Gees (dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie)."

"Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom."

"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God."

"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword."

"Aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus in julle, die hoop van die heerlijkheid."

"Beklee julle met die nuwe mens."

9.3 Lê af die 'ou mens' en die werke van die vlees

"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg."

"Wat die vorige lewenswandel betref moet julle die ou mens aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding ten gronde gaan."

"Die wat die werke van die vlees beoefen sal die koninkryk van God NIE beërwe nie."

"MAAK DOOD DAN julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartsog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die ou mens met sy werke afgelê het en julle met die nuwe mens bekleed het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, maar Christus alles is en in almal."

9.4 Slotsam

Die voorafgaande is duidelike opdragte van ons Here.

En hulle is onafskeidbaar deel van die wedloop waarin ons is:

- a. Die oog gevestig op Jesus (IDENTIFISERING); en
- b. Laat ons elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring (VERLOËNING VAN DIE OU MENS).

Laastens, moet hierdie wedloop met VOLHARDING gehardloop word.

Dit is 'n lewenslange verbintenis!

Om te groei in die Here moet nooit ophou nie!

Geliefdes, die Here sal nooit beïndruk word deur die ou mens wat homself wil verbeter om beter te doen en beter te lyk nie. Die vlees kan God nooit behaag nie. God sal my egter nooit verwerp omdat die ou mens nie goed genoeg gedoen het of gesondig het nie. Dit is natuurlik die een ding wat die ou mens regtig goed kan doen - sondig. Nee, wat die Here van my vra is nie om die ou mens te verbeter nie, maar om die ou mens te verloën; nie die verfyning van die ou mens nie, maar die groei van die nuwe mens.

10 Die Ou Mens teenoor die Nuwe Mens : 'n Vergelyking

10.1 Eienskappe en Feite

Die Ou Mens	Die Nuwe Mens
<ul style="list-style-type: none"> • SELF (Die 'eie ek') • Verknog aan hierdie wêreld • Uiterlike • Vleeslik (drie dimensioneel) • Tydelik • Sal sterf • Aards, soos die gevalle Adam • Uit 'n vrou gebore • Sondig in sy hele wese • 'n Burger van hierdie wêreld • Onder die Wet • In vyandskap met God • Selfsugtig in wese • Gierig in wese • Werke van die Vlees 	<ul style="list-style-type: none"> • In CHRISTUS • Gesetel in die hemele in Christus Jesus • Innerlike • Geestelik (hoër dimensioneel) • Ewig • Sal ewig lewe • Hemels, soos die opgestane Jesus • Uit God gebore • Is sonder sonde; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore. • 'n Burger van die Koninkryk van God • Nie onder die Wet nie • In ewige vriendskap met God • Liefdevol in wese • Vrygewig in wese • Vrug van die Gees

Omdat die Vleeslike Ou Mens met ons sal wees tot dit eendag sterf, is dit so dat ons Christelike lewenswandel 'n voortdurende stryd is om in die Nuwe Mens te leef en nie in die OU Mens nie; 'n voortdurende stryd in geloof om in die Nuwe te bly en NIE terug te val in die Ou Mens nie; om in die Gees te wandel en nie in die vlees nie; om NIE toe te gee aan die Ou Mens wat steeds in my wil leef nie. Omdat die oorgang, terug na die Ou Mens, maklik en vinnig kan gebeur, soms sonder dat ons dit eers besef, gee ons die volgende lys van beskrywende aksies en houdings wat ons kan help om die Ou Mens uit te ken, sou hy ooit kop uitsteek in ons lewe. Prys die Here dat die Ou Mens nie vir ewig sal lewe nie en dat ons binnekort vrygemaak sal word van hierdie sondige mens en dan in die volheid van Christus sal wandel.

10.2 Beskrywende Aksies en Houdings

Die Ou Mens	Die Nuwe Mens
<ul style="list-style-type: none"> • Selfsugtig • Ingestel op <u>eie</u> behoeftes en manier van doen • Deurentyd kompetierend • Gou om kwaad te word, liggeraak, humeurig • Vergelyk die self gedurig met ander • Selfregverdigend, hoogmoedig • In wese foutsoekend • Ongevoelig • Hardnekkig, koppig • Aggressief, aanvallend • Selfbejammering 	<ul style="list-style-type: none"> • Liefdevol • Saggeaard, insiklik • Vredevol • Geduldig, lankmoedig • Tref nooit vergelykings nie • Nederig • Vergewingsgesind • Saggeaard • Bereid om toe te gee • Vriendelik, hulpvaardig • Vertroue in God - vrede

• Onvergenoegd	• Vreugde en vrede
• Wil alles vir die self inpalm	• Dien in liefde
• Selfgerigtheid	• Reik na ander uit
• Lief vir die wêreld en wêreldse dinge	• Lief vir God en God se dinge
• "Ek moet" (Gedurige najaging)	• "Jesus het" (Voortdurende oorwinning)
• Voel bedreig deur die koms van Christus	• Sien reikhalsend uit na die koms van Christus
• Moet altyd wen	• Het oorwin
• Belange, vreugdes, sukses, hoop is in hierdie wêreld	• Belange, vreugdes, sukses, hoop is daar Bo
• Let op eie prestasies, vermoëns en verdienste	• Bewus van Jesus se prestasies, vermoëns en verdienste
• Spog met eie werke	• Roem in God se genade
• Mislukking teenoor sukses die voortdurende maatstaf	• Leef oorvloedige oorwinningslewe
• Onderworpe aan die menings van ander	• Nie verkneg aan ander se menings nie.
• Leef in en vir die koninkryk van die wêreld	• Leef in en vir die Koninkryk van God
• Bid: "Laat hierdie koninkryk uitgebrei en verbeter word."	• Bid: "Laat U koninkryk kom!"
• Wil voortdurend die self verbeter	• Soek voortdurend die Here se eer en wil
• Voortgedryf deur woede, ambisie of afguns	• Leef in liefde
• Soek plesier:	• Dra vrug:
• Owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondeheid, dronkenskap, brassery, afgodery, towery, vyandskap, twis naywer, ens.	• Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

10.3 Slotsom

Laat ons dit net weer onderstreep: Hy wat die werke van die vlees beoefen sal NIE die Koninkryk van God beërf nie, al is hy/sy wedegebore!

In beide Lukas 19:11-27 and Mattheus 25:14-30, is die dienskneg wat niks gedoen het met dit wat Jesus hom gegee het (die nuwe lewe) uit die Koninkryk gewerp. Daarenteen het hulle wat iets daarmee GEDOEN het, 'n koningskap in die Koninkryk van God ontvang, ongeag daarvan of hulle baie of min gedoen het!

Dit is derhalwe GEBIEDEND noodsaaklik dat ons die Nuwe Lewe wat Jesus ons gegee het LEEF, en die Ou Lewe VERLOËN!

11 Wêreldsheid

"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie . . ." !

11.1 Wêreldsheid en hoe dit homself vermom

In die eindtydkerk van Laodicea (letterlik: 'Demokrasie'), is daar 'n ernstige probleem. Soveel so dat Jesus dreig om hulle uit Sy mond te spuug. Waarom so?

Hulle probleem is wêreldsheid. Ware sukses behoort geestelik beoordeel te word. In die geval van Laodicea meet hulle sukses egter aan wêreldse maatstawwe. Hierdie maatstawwe is rykdom, sukses (bv. 'om bo uit te kom', of 'te wen'), goeie gesondheid en wêreldse besittings. Die kerk van Laodicea dink daarom dat alles in orde is, want hulle "is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie". Jesus sê egter dat hulle nie weet dat hulle "ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak" is nie.

Wat 'n drastiese meningsverskil!

Sonder dat hulle dit eers beseef, het die Laodicense wêrelds geraak in hulle denke en oordeelsvermoë. Hulle is deur Satan om die bos gelei en is van mening dat hoe meer rykdom en wêreldse besittings hulle het, of hoe meer sukses hulle behaal, hoe meer is dit tekens daarvan dat God hulle seën. Hulle het vergeet dat "die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge."

Geliefdes, ons MOET nugter en waaksaam wees, want ons teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind, Hy verlei ons in die doolhowe van begeerlikheid of wêreldsheid, terwyl hy ons laat dink dit is met God se seën. Dit is 'n metode wat hy graag gebruik, en met groot sukses. Moet asseblief nie daarvoor val nie!

11.2 Wat het God daarvoor te sê?

"Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie."

"Hy wat vir homself skatte vergader, is nie ryk in God nie."

"Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

"MOENIE vir julle skatte bymekaar maak op die aarde nie, maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel!"

"Maar wee julle rykes . . ."

"Wee julle wat vol is . . ."

"Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat . . ."

"Hoe beswaarlik sal hulle wat baie goed besit, in die Koninkryk van God ingaan!"

"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."

"MOENIE die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig."

"Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."

"Want baie - van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê - wandel as vyande van die kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge."

11.3 Wat behoort ek te doen?

Eerstens, sal ek 'n duidelike keuse moet maak om my Hemelse Vader te VERTROU dat Hy my sal versorg op 'n wyse wat Hy goeddink.

"Daarom MOET julle julle nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Tweedens, moet ek weet, en dit UITLEEF, dat wat ookal in die verlede myne was, nou nie meer myne is nie. Ek gee dit oor aan Jesus, my Here (my Eienaar).

"So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie."

Derdens, moet ek vir die res van my lewe hierdie gesindheid UITLEEF.

"As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."

11.4 Wil God dan hê dat ek arm moet wees?

Geliefdes, NEE! God gee om vir Sy kinders en wel in 'n oorvloedige mate! Maar God se visie vir jou sal altyd wees op jou ewige erfenis aan Sy sy en in Sy Koninkryk. Indien jou aardse rykdom veroorsaak dat jy Hom vergeet en jy op hierdie wêreld gefokus raak, sal jou rykdom beslis 'n struikelblok word wat jou uit die Koninkryk sal hou.

Armoede aan die ander kant kan jou ook uit die Koninkryk hou! Indien jou fokus so daarop ingestel raak om op een of ander wyse uit die armoede te ontsnap, en jy dan jou hart en denke op hierdie wêreld plaas en nie op God se Koninkryk nie, sal jy eweneens nie die Koninkryk binnegaan nie.

So, wat moet ek doen?

Jesus sê, "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde nie. Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

Ons glo dat ons Here met hierdie stelling aan ons die sleutel gee:

- Eerstens, moet ons nie rykdom VERSAMEL en voortdurend probeer vermeerder nie.
- Tweedens, moet ons dit nie vir ONSSELF opgaan nie.
- Derdens, moet ons nooit toelaat dat ons aardse besittings ons skat word nie. Ons erfenis in die Koninkryk van God moet ten alle tye ons skat wees.

Ontvang uit God se hand wat Hy aan jou voorsien. Ontvang dit met dankbaarheid en vreugde en onthou altyd dat jy dit ontvang en nie verdien nie. En onthou, alles wat jy besit behoort nie aan jou nie, maar aan die Here!!

Mag die Here ons help om goeie rentmeesters te wees van dit wat Hy aan ons toevertrou. En aan Hom al die eer vir Sy goedheid!

12 Die Werklikheid van die Bonatuurlike Krag van die Heilige Gees

12.1 Het die wonderwerkende krag van die Heilige Gees nie tot 'n einde gekom met die voltooiing van die Bybel nie?

Hierdie is een van daardie eienaardige teologiese leringe wat die rondte doen. Nog so 'n lering, verwant hieraan, is dat daar deesdae geen demone is nie; en ook nie vloeke nie . . . (?!)

Geliefdes, daar is GEEN Skriftuurlike bewyse vir enige van die bovermelde dwalinge nie! Die feite dui op die teenoorgestelde! Jesus het dit bedoel toe Hy Sy dissipels na Hom geroep het en aan hulle mag gegee het oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees. En vandag nog sien ons dat al hierdie dinge steeds gebeur aan die hand van gelowiges wat werklik elke woord van Jesus glo, en die dinge DOEN wat Hy beveel het. God verander nie!

- Al Sy werke is bonatuurlik!
- Die Heilige Gees het nooit wonderwerke gedoen om die Bybel tot stand te bring nie. Hy het dit gedoen (en doen dit steeds) omdat dit Sy aard is, omdat Hy Sy kinders liefhet en allerlei dinge vir en deur hulle doen en omdat Hy telkens duidelik maak dat die lewe die dood oorwin; of goed oor kwaad seëvier; dat God se Koninkryk die werke van die koninkryk van Duisternis oorwin.
- En so sal die bonatuurlike werking van die Heilige Gees toeneem, eerder as afneem, in die jare wat voorlê en soos wat die duisternis in hierdie wêreld toeneem.

12.2 Hoe word die bonatuurlike Krag van die Heilige Gees geopenbaar?

'n Mens sou waarskynlik dik boeke kon saamstel met eindelose voorbeelde van die wonderwerkende krag van die Heilige Gees. Dit is egter nie die doel van hierdie boek nie en derhalwe sal volstaan word met 'n lys van die verskillende bekende maniere waarop die Heilige Gees Homself openbaar:

- Deur siekes gesond te maak en dooies op te rig!
 - Ja! Jesus maak in hierdie dae meer siekes gesond en rig meer dooies op as wat Hy gedoen het toe Hy op aarde was!
 - Een van die gawes (lit.: 'things of grace') van die Heilige Gees is dié van gesondmaking. Daarvoor rus Hy sekere mense toe wat kanale kan wees deur wie Hy siekes genees.
- Deur die werking van geloof en wonderwerke (soos om storms stil te maak).
- Deur 'n woord van wysheid ('n antwoord of vraag wat van God kom en dadelik die versperrings van die vyand afbreek).
- Deur 'n woord van kennis. (Dit is waar God alleen oor die kennis kon beskik wat Hy kan aan Sy dienskneg deurgee.)
- Deur profesie.
 - Profesie is waar God tot en deur 'n persoon, wat deur die Heilige Gees gebruik word, 'n mededeling maak.
 - Profesie is nie bloot prediking nie.
- Deur in tale te praat. Dit is soos profesie, maar in dié geval verstaan die spreker nie wat hy/sy sê nie.
 - In sommige gevalle kan een of ander hoorder, of soms selfs die hele gemeente, verstaan wat gesê word, terwyl die spreker self niks verstaan nie.
 - In ander gevalle kan niemand verstaan wat gesê word nie. In so 'n geval sal die Heilige Gees iemand, onder die teenwoordiges, oprig en vir hom/haar 'n uitleg van die taal gee.
- Daar is dus nóg 'n werking van die Heilige Gees, naamlik die uitleg van tale.
- Deur onderskeiding van geeste:
 - Demone is steeds net so 'n realiteit soos in die dae van Jesus. Die rasonale mens van vandag wil die bestaan van demone weg redeneer deur bv. aan sodanige verskynsels wetenskaplike name te wil koppel. So belas hulle dan die slagoffers van demoniese aanvalle met 'n diagnostiese naam vir sy/haar siekte, terwyl die persoon siek bly en so verlore as ooit voel in die hande van die demoon wat hom/haar teister!
 - Neel! Demone moet in die Naam van Jesus en deur die krag van die Heilige Gees uitgedryf word!
 - Die bonatuurlike werking van die Heilige Gees, om die teenwoordigheid van die demoon en die aard daarvan duidelik te maak, is vir dié doel absoluut noodsaaklik.
- Deur drome.
 - 'n Droom wat van God kom kan van ander drome onderskei word deurdat dit nie verwarrend en onduidelik sal wees nie en duidelik onthou sal word. (Dit word egter sterk aanbeveel dat enige sodanige droom neergeskryf moet word.)
- Deur visioene.
 - 'n Visioen is soos 'n droom wat beleef word terwyl jy wakker is.

- Gesigte (open visions) of verrukking van sinne (soos Petrus gesien het in die visioen van die rein en onrein voedsel) mag ook voorkom. Dié soort visioen is so duidelik en helder dat dit soos werklikheid lyk.
- Deur die Innerlike Stem van leiding, wat
 - Toekomstige dinge aan ons verkondig;
 - Ons in die hele waarheid lei;
 - Ons oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel;
 - Jesus sal verheerlik;
 - Die wil van God aan ons bekend maak;
 - Ons alle dinge sal leer;
 - Ons sal herinner aan alles wat Jesus gesê het.

12.3 Is al hierdie dinge eg?

Ja, beslis!

Baie, baie Christene, die skrywer ingesluit, kan eerstehands getuig dat hulle meeste, indien nie almal, van hierdie bonatuurlike werkinge van die Heilige Gees waargeneem het, en indien nie eerstehands nie, dan deur die woord van 'n betroubare getuie.

Die feit is egter, dat God altyd vir die ongelowige 'n agterdeur ooplaat om nie te glo nie, as hy sou wou. Die rede hiervoor is eenvoudig: God verplig niemand om Sy wil te doen of Hom te plesier nie. Elkeen tree uit sy/haar vrye keuse op.

So, vir hulle wat glo sal baie dinge gewys en duidelik gemaak word, maar vir hulle wat weier om te glo, sal 'n rede vir hulle ongeloof voorsien word "sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid".

13 Die Koninkryk van God (Lig) teenoor die Koninkryk van Duisternis

"... en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig. Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die Koninkryk van die Seun van Sy liefde ..." - Kol. 1:12-13

"... na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang." - Hand. 26:18

13.1 Twee koninkryke in die hemelse sfeer

Die hemele is die blyplek van geestelike wesens en die aarde die blyplek van liggaamlike wesens.

In die hemele is daar twee koninkryke, nl. die Koninkryk van God en die koninkryk van Duisternis.

13.2 Sommige feite rakende die Koninkryk van Duisternis

Aangesien ons reeds heelwat gesê het oor die Koninkryk van God, sal ons nou 'n aantal feite gee oor die koninkryk van Duisternis:

- Dit val onder die leierskap van Satan.
- Dit is boos. Trouens, daarin vind ons die oorsprong van alle boosheid.
- Dit sal totaal verwoes word met die koms van Christus; Hy wat Satan reeds oorwin en die mag van sy koninkryk oorwin het met Sy dood aan die kruis.
- Wanneer die sesde seël in Openbaring oopgemaak is, gebeur die volgende: " en die hemel (waar Satan en sy engele tot dan toe sou gewoon het) het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word en die sterre (gevalle engele) van die hemel (waarin hulle is) is neergewerp op die aarde".
- Die top range in dié koninkryk bestaan uit die 'onheilige' drie-eenheid:
 - Satan, wat van altyd af self God probeer wees.
 - Die Antichris wat op die punt staan om homself as die Christus van ons tyd aan die wêreld te bied. Hy sal homself stel in die plek van Jesus Christus, as die 'ware' Christus.
 - Die Valse Profeet, wat reeds aan die werk is en hom as die Heilige Gees voordoen: "met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie."
- Die res van hierdie koninkryk bestaan uit hemelse wesens wat vir Lucifer (Satan) gevolg het toe hy teen God in opstand gekom het. Dit sluit al die gevalle engele in, wat omtrent een derde van alle engele uitmaak.
- Op die aarde is daar 'n menigte demoniese geeste wat allerhande onheil aanvang:
 - Hulle smag daarna om in 'n menslike liggaam intrek te neem.
 - Vanaf die tyd van die groot vloed het hulle moeilikheid gemaak en hulle sal hiermee voortgaan tot by die wederkoms van Jesus Christus.
- By die wederkoms van Christus sal die Antichris en die Valse Profeet in die see van vuur gewerp word "wat vir die duivel en sy engele berei is."
- Satan, aan die ander kant, sal vir 'n 1000 jaar lank in die afgrond gebind word. En wanneer die 1000 jaar om is, sal hy uit sy gevangenis ontbind word. Hy sal uitgaan en kwaad stook dwarsoor die wêreld, maar word daarna ook in die see van vuur gewerp.
- In die laaste instansie word Dood en Doderyk, die laaste twee engele van Duisternis, ook in die see van vuur gewerp. Daarmee is dié woord volbring: "Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood."
- Op hierdie stadium het dié koninkryk van Duisternis finaal ophou bestaan, om nooit weer op te staan en moeilikheid te maak nie!
- In die tussentyd weet ons dat die hele wêreld tans in die mag van die Bose lê. Dit beteken dat die koninkryk van Duisternis nou die super-regering van hierdie wêreld is. Elke poging byvoorbeeld, om 'n wêreldregering tot stand te bring, word hiervandaan beplan.
- Die Here het aan ons bekend gemaak dat die duivel met groot woede teen ons sal optree, omdat hy weet dat sy tyd min is. Boosheid en ongeregtigheid sal toeneem soos die einde nader kom en in die laaste dae sal swaar tye kom. (Maar hou in gedagte dat die oorwinning en spoedige koms van die Koninkryk van God reeds verseker is.)
- In die finale stadium van die huidige bedeling sal die Antichris die hoof van 'n menigte nasies wees en effektief oor 'n wêreldregering heers en vir 'n tydperk van 3½ jaar sal hy die heiliges vervolgt, totdat "die Here hom met die asem van Sy mond sal verdelg en deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet sal maak".

13.3 Wat is ons verwantskap met die Koninkryk van Duisternis?

- Soos reeds gemeld, weet ons dat die hele wêreld onder die mag van die koninkryk van Duisternis is.
- En dit sal so bly totdat Jesus weer kom om Sy Koninkryk in die plek van die huidige BOSE een te stel. Dit is dié Evangelie, dit is die hoop van ons roeping.
- Meer nog, ons almal word as slawe van die bose koninkryk gebore!

- Dit is vir ons ONMOONTLIK om uit ons eie van hierdie slawerny, waarin ons gebore is, te ontsnap. Al sou ons hoe hard probeer, maak dit van ons net wegloop-slawe en dus nog steeds slawe van dié koninkryk.
- Slegs deur die bloed van Jesus kan ons VRYGEKOOP word!
- En dit word in genade aan ons verleen en nie op grond van ons eie werke nie.
- Deur die vrymakende krag van die Bloed van die Lam, deur geloof in Hom, word ons verlos uit die mag van die Duisternis en oorgebring in die Koninkryk van God. Daarmee verander ons ook van burgerskap en word 'slawe van geregtigheid'!
- Van daardie punt af leef ons nog in hierdie wêreld, maar ons is nie meer van hierdie wêreld nie. Ons bevind onself hier as bywoners en vreemdelinge en ambassadeurs in hierdie (bose) koninkryk.
- Die burgers van hierdie wêreld (veral die leiers) haat ons. Jesus sê: "As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle".
- Maar, die heersers van hierdie wêreld het nie die outoriteit om aan ons te doen net wat hulle wil nie, want die Here beskerm ons.
- Slegs heel aan die einde (die laaste drie en 'n half jaar) is dit aan die Antichris gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin. "Dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie."
- Die aarde was dus van vroeg reeds 'n soort oorlogsveld vir hierdie twee koninkryke. Jesus het hierin reeds die oorwinning behaal en sal aan die einde Sy Koninkryk op aarde vestig. ("Weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.")
- Al wat nou oorbly, is dat die Here nog tyd toelaat vir hulle wat uitverkies is, om die Koningskap van God te beërwe en dus saam met Christus te regeer wanneer Hy weer kom.

14 Die Gesag van die Gelowige

14.1 Op watter fondament is die Gesag van die Gelowige gegrond?

Jesus sê: "Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook. Gaan in My Naam. Alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee".

(Hulle wat aan Hom behoort, wat Sy Naam ontvang het, word burgers en ambassadeurs van die Koninkryk van God en hulle, en slegs hulle, is deur Hom gestuur en is bekleed met Sy gesag!)

Jesus sit nou in die hemele aan die regterhand van God die Vader en hy plaas ons op die aarde as Sy 'verteenwoordigers', om in Sy Naam op te tree. Enige wettige opdrag deur Hom gegee, word gerugsteun deur AL die krag van God en deur Sy Koningskap en gesag.

Dit is dus die fondament vir die gesag wat ek het: Ek is 'n verteenwoordiger van Jesus Christus op aarde en het die reg om namens Hom te praat en op te tree. Inderdaad behoort ek volkome aan Hom omdat ek nie met goud of silwer gekoop is nie, maar met die kosbare bloed van die Lam. So, wat ek ookal doen WORD gedoen in Sy Naam! (Hierdie feit behoort elke gelowige op aandag te laat staan!)

Volgens bovermelde is dit belangrik om daarop te let dat ek NIE geroep word, of toegelaat word, om iets in my eie naam of vir my eie doeleindes te doen nie.

14.2 Watter beperkings is daar op die Gelowige se gesag?

Aan Jesus is alle mag in die hemele en op aarde gegee. En aan ons is in Sy Naam gesag gegee. Die trefwydte van ons gesag is dus bykans onbeperk.

Drie besondere aspekte beperk egter die vlak van gesag wat ek in Jesus se Naam mag uitoefen:

- Eerstens: God dwing Hom op niemand af nie. Hy tree op wanneer Hy gevra word, maar nie andersom nie. In hierdie verband kan ons daarop let dat Jesus almal gesond gemaak het wat na Hom gekom het, maar Hy het niemand genees wat nie in geloof, vertrou en nood na Hom gekom het nie. (Die enkele uitsondering was toe Jesus die seun van die weduwee van Nain uit die dood opgewek het, sonder dat die seun Hom kon vra. In hierdie geval moet ons aanvaar dat sy ma direk, of met smeking in haar oë, daarvoor gevra het.) In die uitoefening van ons gesag moet ons dus sensitief wees t.o.v. hierdie aspek. God sê: "Vra en julle sal ontvang. Want hy wat vra, ontvang."
- Tweedens: Nooit mag ek my gesag in my eie belang gebruik of gebruik om my eie doelwitte te bereik nie. Ons mag slegs optree in die liefde van Christus; beide in ons liefde vir Hom en ons liefde vir diegene teenoor wie ons optree.
- Derdens: Ons mag nooit vergeet nie dat die Heilige Gees aan ons gegee is om ons in die waarheid te lei en ons Vriend en Helper te wees. Derhalwe moet ons niks doen sonder om die Heilige Gees in ons te raadpleeg en deur Sy wysheid gelei te word nie - beide in wat ons moet doen en nie moet doen nie.

14.3 Oor watter gesag beskik die Gelowige volgens die Skrif?

- Om siekes gesond te maak.
- Om melaatses te reinig.
- Om dooies op te wek.
- Om duiwels uit te dryf.
- Om in Sy Naam te seën.
- Om geestelike bande te bind en te ontbind.
- Om vloeke te kanselleer.
- Om mense hulle sondes te vergewe of te hou.
- Om berge (geestelik of simbolies) in die see te werp.
- Om te verkry net wat jy uitspreek.
- Om bv. iemand vir 'n beperkte tyd blind te verklaar (Hand. 13:6-12). (Hierdie aspek vra egter vir verdere verduideliking: 'n Christen sal nooit uit woede of selfregverdiging 'n vloek of iets slegs uitspreek nie. Daar mag egter gevalle opduik waar die beste voordeel, in 'n bepaalde omstandigheid, verkry kan word deur drastiese optrede. Dan moet die Christen nie huiwer om te doen wat nodig is nie, maar dit moet in liefde geskied.)
- In soverre dit persoonlike behoeftes en nood aangaan, moet ons ons begeertes deur gebed en smeking, met danksegging, aan God bekend maak.

14.4 Hoe moet die Gelowige hierdie gesag uitoefen?

Ten aanvang moet ek die grondslag en wettigheid van my gesag verstaan. As ek dit nie verstaan nie, sal ek nie gesag hê nie!

Tweedens, moet ek glo en vertrou dat die magte van my hemelse Koninkryk sal meewerk in ooreenstemming met die bevel wat in die Naam van Jesus Christus gegee word en dat my woorde van gesag ondersteun sal word met krag uit die hoogte.

Laastens, 'n saak van groot belang: Ware gesag word by wyse van 'n UITGESPROKE BEVEL uitgeoefen en nie by wyse van gebed of 'n versoek nie! Om vooraf te bid en leiding en wysheid by God te soek en al die eer aan Hom te laat toekom, is die regte ding om te doen. Dit is egter NIE die manier waarop gesag uitgeoefen word nie. Gesag word uitgeoefen deur middel van 'n gesproke bevel. So 'n bevel word NOOIT áán God gegee nie, maar WORD in die NAAM van Jesus gegee.

(Op hierdie punt mag dit goed wees om daarop te let dat toe Jesus op aarde was, Hy niemand genees het deur tot God te bid nie. Intendeel, in alle gevalle het Hy een of ander bevel gegee! Die geval van Lazarus wat uit die dood opgewek is, gee aan ons duidelike insig in hoe Jesus opgetree het. By hierdie geleentheid, terwille van die omstanders, het Hy inderdaad gebid, maar op so 'n wyse dat dit duidelik was dat HY REEDS met Sy Vader

gepraat het en dat Hy KLAAR die versekering gekry het dat Sy voorgenome manier van optrede korrek was. Hy het dit ook baie duidelik gemaak dat die krag agter Sy optrede van die VADER gekom het! Jesus het nooit die eer vir Homself geneem nie. Toe het Hy met GROOT gesag voortgegaan en met 'n luide stem, Lasarus BEVEEL om uit die graf te kom!))

14.5 Wat vind plaas indien die gelowige nie sy gesag uitoefen nie?

Hierdie is die hartseer deel: Soveel gelowiges bid vir siekes om gesond te word of vir duiwels om uitgedryf te word, ens. maar hulle gee NOOIT 'n bevel ooreenkomstig God se wil nie. En dan gebeur daar NIKS nie! Die siekes bly siek en die wat swaarkry bly in nood ... en dit hou aan en aan!

Waarom oefen Christene nie hulle gesag op die regte manier uit nie? Omdat hulle eenvoudig net deur Satan mislei is:

- Die meerderheid glo eenvoudig nie meer in wonderwerke en die krag van die Heilige Gees nie.
- Baie wat tog glo, glo nie dat HULLE self hierdie gesag mag uitoefen nie (iemand anders, soos die pastoor miskien, mag dalk); op die manier glo hulle dus nie regtig nie, en het hulle daarom nie gesag nie.
- Baie van hulle wat WEL glo, WEET nie dat 'n gesagsbevel gegee moet word nie en bid (vuriglik), sonder om die nodige bevel te gee.
- En vele ander, wat wel die waarheid ken, is so behep met hulle eie reputasie dat hulle nie sal waag om hierdie geloofstap te neem nie.

In al hierdie gevalle is die eindresultaat dieselfde:

- 'n Persoon word nie genees/vrygemaak nie, alhoewel dit beskikbaar IS in die Naam van Jesus.
- Satan geniet sy oorwinning en wreedheid.

Geliefdes, mag ons almal dié waarheid erken en in geloof optree!

15 Eindtyd Gebeure

15.1 Israel: Hoof oor al die Nasies

Aan die einde van die tyd sal Israel die Hoof oor al die nasies wees. Dit beteken dat van die begin van die duisendjarige vrederyk en daarna sal Israel die Wêreldregering vorm. Hulle sal 'n nasie van heersers wees. (Die naam Israel beteken ook letterlik 'Heerser met God' of 'Heers met God'.)

"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem."

(Let daarop dat, profeties, berge na koninkryke en heuwels na kleiner koninkryke verwys.)

"U het my 'n hoof gemaak van nasies; 'n volk wat ek nie geken het nie, het my gedien. Sodra hulle van my gehoor het, was hulle my gehoorsaam; uitlanders het kruipende na my gekom."

"As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God, om sorgvuldig te hou al Sy gebooe wat ek jou vandag beveel, dan sal die Here jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. (Dit sal spesifiek plaasvind na die herstel van Israel: volgende hoofstuk.) Die Here sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het. En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is en hulle sal jou vrees. En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie."

"Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof."

Aan Jakob is gesê: "Volke sal jou dien en nasies voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seen!"

15.2 Die Koning van Israel

In daardie dae, en vir ewig daarna, sal Israel onder die Koningskap van die Messias, Jesus Christus, wees.

"Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In Sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is Sy Naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GERECHTIGHEID."

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem ... Vredevors, tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor Sy Koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen."

"En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom JESUS noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie."

15.3 Die Herstel van Israel

15.3.1 Wanneer sal dit plaasvind?

Dit sal volg onmiddellik na die Wederkoms van Jesus Christus:

"Maar in daardie dae, ná die verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre van die hemel sal val en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word. DAN sal hulle die Seun van die Mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid. EN DAN sal Hy Sy engele uitstuur en Hy sal Sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel."

"En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer Sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van Sy volk los te koop wat sal oorbly. Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde."

15.3.2 'n Algehele Herstel en Hervorming

Israel sal vanuit al die lande waar hulle verstrooi is, bymekaar gemaak word. Maar meer nog, al hulle sondes en ongeregtighede sal vergewe word EN hulle sal in die ware sin van die woord verander word deurdat SONDE uit hulle UITGERUK sal word - hulle sal nooit weer sondig nie - en uiteindelik sal hulle dan vir God die volk wees wat hulle altyd bedoel was om te wees. En omdat hulle daarna al God se gebooie sal onderhou, sal Hy hulle al die seëninge skenk wat Hy beloof het, sou hulle Sy gebooie hou. (bv. Deut. 28; Lev. 26)

Meer nog, dit sal gebeur omdat God sê 'EK SAL', ongeag die meriete of mate van berou of geloof wat Israel mag hê. God het Sy beloftes gemaak aan Abraham, Isak en Jakob wat Hy sekerlik sal nakom en ten volle sal vervul.

- "Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van My heilige Naam wat julle onheilig het onder die nasies waar julle gekom het. En ek sal My grote Naam heilig wat onder die nasies onheilig is, wat julle onder hulle onheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die Here is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken. En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek

sal julle in jul land bring. Dan sal ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al julle onreinhede en van julle drekgode sal Ek julle reining. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal My Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees. En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede."

- "Daarom, so spreek dan nou die Here, die God van Israel, aangaande hierdie stad waarvan julle sê: Dit is in die hand van die koning van Babel oorgegee deur die swaard en die hongersnood en die pes - kyk, Ek laat hulle bymekaarkom uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in My toorn en in My grimmigheid en in groot gramskap; en Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle veilig laat woon. En hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders na hulle. En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal My vrees in hulle harte gee, sodat hulle van My nie afwyk nie. En Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen. En Ek sal hulle duursaam in hierdie land plant, met My hele hart en met My hele siel. Want so sê die Here: Soos Ek oor hierdie volk gebring het al hierdie groot onheile, so bring Ek oor hulle al die goeie wat Ek oor hulle spreek."
- "Daarom sê: So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee. En hulle sal daarnatoe kom en al sy verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder. En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in hulle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in My insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees."
- "Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by My verbond nie, en Ek het hulle verontagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek na dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal My wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want elkeen sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie."

Let gerus daarop hoeveel keer die Here in die voorafgaande die woorde 'EK SAL' gebruik.

En let daarop dat Hy nêrens die woord 'INDIEN' of 'AS' gebruik nie.

God sal dit alles doen omdat Hy dit sal doen Nie omdat die oorblyfsel van Israel dit werd is nie. Intendeel!

15.3.3	Is die huidige staat Israel dan nie die vervulling van hierdie profesie nie?
--------	--

Die antwoord op hierdie vraag is 'n dawerende 'NEE'!

Die redes vir so 'n besliste antwoord is die volgende:

Eerstens, nie een van bovermelde profesieë is of word in die hedendaagse Israel vervul nie.

Tweedens, Mark. 13:24-27 aangehaal in 15.3.1 hierbo, is baie duidelik oor wanneer hierdie gebeurtenis gaan plaasvind. Die Israel van vandag voldoen nie aan die vereistes van dié profesie nie.

Derdens, die aard van die terugkeer van Israel sal vreugdevol wees. ("So sal dan die losgekooptes van die Here teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.") Dit is NIE die geval in die huidige Israel nie. Deur die jare keer Jode terug na 'n oorlog-geteisterde land en 'n land vol stryd en tweedrag. Daar is baie meer verdriet as 'ewige vreugde'.

Vierdens, wanneer Israel herstel word sal daar 'n tyd van VREDE aanbreek en NIE OORLOG NIE. ("en Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle veilig laat woon.") Dit is, weereens, nie die geval in die huidige Israel nie.

Vyfdens, wanneer Israel herstel word, sal dit AL die stamme van Israel insluit en NIE SLEGS die Jode nie.

En laastens, wanneer Israel waarlik herstel word, sal dit onder die Koningskap van die Messias wees en hulle sal Hom ALMAL in waarheid aanbid en Hom eer! In die hedendaagse Israel is dit nie die geval nie - Jesus word nie ERKEN nie!!

15.3.4 Wat dan van die huidige Israel?

Dit is 'n vervalsing.

Soos wat die Antichris kom voor Jesus weer kom; so was die Kanaäniete voor Israel in die Beloofde Land, so het Ismael voor Isak gekom; Esau het voor Jakob gekom; Kain het voor Abel gekom; Saul het voor Dawid gekom, en so kom die valse voor die egte.

Terselfdertyd moet ons egter beseef dat God by elkeen van die vervalsings, hiebo genoem, betrokke was en dat geeneen daarvan sou plaasvind sonder Sy medewerking nie. 'n Groot aantal wonderwerke en vervulling van profesieë is dus betrokke by die totstandkoming en voortbestaan van die hedendaagse Israel. Een van die belangrikste hiervan is dat dit die 'bot van die vyeboom' verteenwoordig, wat 'n duidelike aanduiding is dat die eindtyd naby is. (Let daarop dat die vyeboom profeties, 'die Huis van Juda' aandui; dit is die 'Jode'.)

Die waarheid is egter dat die totstandkoming van die huidige staat van Israel deur ongelowiges en onheilige organisasies uitgedink, beplan en tot uitvoering gebring is. Dit is deel van die Nuwe Wêreld Orde-program wat, in sy wese en doelwitte, antichristelik is.

15.3.5 Hoe verseker God die voortbestaan van al die stamme van Israel tot aan die einde, sodat herstel kan plaasvind?

Hierdie is 'n baie belangrike vraag. In die eindtyd sal die basuine van waarskuwing blaas en die bakke van wraak op die aarde uitgestort word. Min sal hierdie ontsettende rampe oorleef. Die hele Israel, of een of meer van sy stamme, sal uitgewis kan word. Omdat Hy dit weet sal die Here vooraf sorg vir die oorlewing van al die stamme van Israel: in Openbaring 7 vind ons dat vier engele opdrag het om die aarde en die see te beskadig. Hulle het egter opdrag om te wag daarmee totdat 12 000 van elke stam van Israel op hulle voorhoofde verseël is. Dit sal aan hierdie mense bonatuurlike beskerming gee en verseker dat hulle in die tye wat kom, sal oorleef.

Daar moet ook gelet word daarop dat God van hierdie 144 000 geen spesiale meriete of bydraes vereis om hulle te laat verseël nie. God doen dit eensydig vir redes van Sy eie. Hierdie is ook 'n heel ander groep as die 144 000 van wie in Openbaring 14 gepraat word! (Later meer hieroor.)

In Openbaring 12 word hierdie groep (die oorblyfsel van Israel) as 'n vrou beskryf wat in die woestyn onderhou word vir 'n duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank, wat die tydperk van die Groot Verdrukking ('n tyd en tye en 'n halwe tyd) verteenwoordig, gevolg deur die uitstorting van wraak op die aarde.

15.3.6 Wat is die verskil tussen Israel en die Kerk?

Eerstens, Israel is NIE deur die Kerk vervang nie!

Tweedens, die beloftes aan Israel gemaak, is almal van 'n fisiese aard, en wentel rondom aardse seëninge en verkryging van die Beloofde Land. Beloftes aan die Kerk gemaak, is geestelik van aard en wentel rondom hemelse seëninge en beëwing van die Koninkryk van God..

En derdens, waar God in Sy verhouding met Israel verwys na "Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees", verwys Hy, in die geval van die Kerk, na "Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees".

Laat ons op die verskille let:

<u>Israel</u>	<u>Die Kerk</u>
➤ Fisies	➤ Geestelik
➤ Volk van God	➤ Kinders van God
➤ Kollektief	➤ Individueel
➤ Die Volk van God	➤ Die Liggaam van Christus
➤ Herstel	➤ Opstanding
➤ Die Beloofde Land as erfenis	➤ Die Koninkryk van God as erfenis
➤ Uit 'n mens gebore	➤ Uit God gebore
➤ Besnydenis	➤ Doop
➤ Geen keuse: Geboortereg	➤ 'n Keuse: Geloof en berou
➤ Finale bestemming: Die Nuwe Aarde	➤ Finale bestemming: Die Nuwe Jerusalem

ENIGE Israeliet mag Jesus as sy Messias en Verlosser aanneem voor dit te laat is en so 'n oorgang na die Kerk maak en die gevolglike hoër roeping in Christus, waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene is nie, maar Christus is alles en in almal!

15.4 Die Antichris

Die Antichris, so deur die Apostel Johannes genoem, staan ook bekend as:

- Die mens van sonde
- Die seun van die verderf
- Die wettelose een
- Die dier
- Die gruwel van verwoesting

Die woord 'anti' in die Grieks beteken 'in die plek van' eerder as die Engelse konnotasie 'teen'. Natuurlik sal die Antichris ook teen Jesus wees, maar laat ons weet dat hy homself sal voordoen AS die Christus en homself in Sy plek sal stel! Daardeur sal hy feitlik almal mislei dat hy die Christus vir die huidige tydsbestek is: Jesus sou dan kwansuis die Christus vir 'n verbygegene era gewees het, maar nie meer vir vandag nie. Terselfdertyd sal hy op subtiele maniere daarin slaag om (onder meer) deur Jode as die Messias en deur baie Christene as die Christus, aanvaar te word.

Uiterlik sal hy soos 'n gewone mens lyk. Geestelik sal hy egter die gees van die Antichris in hom omdra, wat moontlik die engel kan wees wat tweede-in-bevel is in Satan se koninkryk van Duisternis. Hy sal uitermate charismaties en intelligent wees. Hy sal bonatuurlik bygestaan word deur die oorblywende engel in Satan se topbestuur (in Openbaring die Valse Profeet genoem) wat hom in staat sal stel om allerhande soorte wonderwerke te doen (kragte, tekens en misleidende wonderwerke), waardeur hy die massas op aarde sal omhaal om hom te volg en uiteindelik te aanbid.

Hy sal 'n groot en uiters suksesvolle politieke leier wees wat waarskynlik na 'n internasionale krisis (moontlik finansiële) aan bewind sal kom. Deur 'n oplossing vir die krisis aan te bied en dit te laat werk, sal hy erken word as 'n soort van redder van die wêreld. Hy sal een van die leiers, inderdaad die grootste leier, binne die Nuwe Wêreld Orde word. Die hele Europa, die Midde-Ooste en Noord-Afrika sal onder sy jurisdiksie val.

Sy hoofkwartier sal in Jerusalem wees.

Hy sal daarin slaag om vrede na die Midde-Ooste te bring en sal 'n verdrag met baie lande, insluitend Israel (wat hom as die Messias sal aanvaar) sluit. Na drie en 'n half jaar sal hy die verdrag verbreek en homself as god verklaar en homself in die Tempel van God as god voorstel. Van dié oomblik af sal hy daarop aandring om aanbid te word. Hy, saam met die Valse Profeet, sal sorg dat almal, groot en klein, ryk en arm, vryman en slaaf, 'n merk op die regterhand of op die voorkop sal kry. Niemand sal kan koop of verkoop tensy hulle die merk van die Dier het nie.

God het Sy kinders vooraf gewaarsku om nie die merk van die Dier te neem nie, want deur dit te neem sal beteken dat die Dier en sy beeld vooraf reeds aanbid moet word. Alle Christene wat in opregtheid hulle self verloën en die Here Jesus Christus eerste in hulle lewens stel, sal weier om die merk te neem. Dit sal 'n tydperk inlui wat, in Jesus se woorde, bekend sal staan as "die Groot Verdrukking". Vir die volgende drie en 'n half jaar, of 42 maande of 1260 dae, sal die Dier, met groot woede, elkeen vervolg wat nie die merk geneem het nie. Aan die einde hiervan sal die Wegraping, tesame met die Eerste Opstanding, plaasvind. (Meer hieroor later.) Op hierdie stadium sal al God se kinders wat volhard het tot die einde dadelik opstandingsliggame ontvang (soos Jesus).

Dan sal God Sy woede uitstort op Satan (en die Antichris) en sy bese koninkryk en dit van die aarde afveel! Die finale fase sal die slag van Armageddon wees wanneer Jesus Self aarde toe sal kom, om nooit weer weg te gaan nie! Dan word die Dier en die Valse Profeet gevange geneem en lewend in die vuurpoel, wat met swawel brand, gewerp.

Satan, aan die ander kant, word in die afgrond gewerp en vir 'n duisend jaar lank toegesluit. Aan die einde van die duisend jaar sal Satan losgelaat word en hy sal uitgaan om die nasies te verlei. Daarna sal hy ook in die see van vuur en swael gewerp word, waar die Dier en Valse Profeet reeds is.

Dit sal die einde van die Antichris in sy menslike vorm wees. Die Here sal hom met die asem van Sy mond verdag en deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet maak. ("En dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond.") Dit sal die finale einde vir die Antichris wees!

15.5 Die Eerste Opstanding en die Tweede Opstanding

- In I Kor. 15:22-24 lees ons: "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde:
 - As eersteling Christus,
 - Daarna die wat aan Christus behoort by Sy koms,
 - Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee."
- In Op. 20:4-6 lees ons: "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die Woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank."
- In Joh. 5:25 en 28,29 sê Jesus: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe. Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."
- In Hand. 24:15,16 word vermeld: "Ek het 'n hoop op God, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges. Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê."

- In Fil. 3:7-11 sê Paulus dat alles wat vantevore vir hom belangrik was, het hy prysgegee en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word. "of ek miskien die opstanding (van)uit die dode kan bereik."

Uit al die voorafgaande kan ons duidelik onderskei dat, afgesien van Jesus se eie opstanding (die Eersteling), daar twee afsonderlike en duidelik verskillende, verdere opstandings sal wees, nl. die Eerste en Tweede Opstandings.

Die Eerste Opstanding:

- Die Eerste opstanding staan ook bekend as die opstanding tot die lewe.
- Ook genoem die opstanding van die regverdiges.
- Dis ook die opstanding uit die dode, tussen die dooies uit.
- Nie almal sal daaraan deel hê nie, slegs hulle wat waardig geag word.
- Hulle wat deel het aan die Eerste opstanding word genoem 'geseënd' en 'heilig'.
- Hulle sal leef en regeer met Christus.
- Hulle sal die Koninkryk van God beërwe.
- Oor hulle sal die tweede dood (see van vuur) geen mag hê nie.
- Hulle sal met verheerlikte opstandingsliggame beklee word, soos Jesus.
- Dit is diegene wat met Jesus se wederkoms, wat die duisendjarige regering van Jesus Christus inlui, opgewek sal word.
- Hulle sal "aan Christus behoort by Sy wederkoms".
- Dit is die opstanding van die oorwinnaars:
 - "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."
 - "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."
 - "Maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is."

Ons word vermaan om "te jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook hiervoor deur Christus gegryp is", en "dat ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is om die prys te verkry van die hoë roeping (opwaartse roeping) van God in Christus Jesus"; om te "stry om in te gaan deur die nou poort, want baie sal probeer om in te gaan en sal nie instaat wees nie" en "hardloop só dat julle die prys kan behaal".

Die Tweede Opstanding, aan die ander kant:

- Word ook genoem die opstanding van veroordeling.
- Ook genoem die opstanding van die onregverdiges.
- Dit is ook 'n opstanding van die 'dode' (Op. 20:12-13). Dit beteken dat hulle wat nooit lewe van Jesus ontvang het nie uit die dood 'gegee' sal word om geoordeel te word.
- Hulle loop beslis die risiko om in die See van Vuur gewerp te word.
- Hulle ontvang geen beloning nie.
- Hulle ontvang nie opstandingsliggame nie.
- Hulle word aan die einde van die duisendjarige regering van Christus voor die troon gebring, om geoordeel te word ooreenkomstig dit wat hulle gedoen het toe hulle in hulle liggame geleef het.

15.6	Die Groot Wit Troon Oordeel teenoor die Regterstoel van Christus
------	--

Hierdie is twee duidelik verskillende gebeure.

Jesus sal "die lewende en die dode oordeel by Sy verskyning en Sy koninkryk" twee afsonderlike gebeurtenisse.

Dit is 'n feit dat God die Vader die oordeel aan Sy Seun oorhandig het. Derhalwe is Jesus die Een wat eendag op die Groot Wit Troon sal sit en Hy is ook die Een voor wie die lewendes sal verskyn om geoordeel te word.

Wanneer ons die twee gebeurtenisse vergelyk, ontdek ons die volgende rakende die Groot Wit Troon Oordeel:

- Dit sal plaasvind "by Sy Koninkryk"; dit is na die duisendjarige regeertydperk, wanneer Jesus die Koninkryk aan God die Vader oorgee. ("Want Hy (Jesus) moet as Koning heers totdat Hy (God die Vader) al Sy (Jesus se) vyande onder Sy voete gestel het.") Dit sal aan die einde van die tye plaasvind wanneer die ou hemel en die ou aarde vervang sal word deur die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Dit is 'n oordeel van die dooies, nie die lewendes nie. Dit laat ons beseft dat geen wedergebore gelowige voor die Groot Wit Troon sal verskyn nie:
 - Jesus sê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe."
 - En weer sê Hy: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."
 - Volgens die Skrif word geen wedergebore gelowige dus by die dooies gereken nie. Vir dié rede word soms na die wat in Christus ontslaap het, verwys as dat hulle sou 'slaap'.
- Die aard van hierdie oordeel is straf eerder as beloning.
- Die eerste een om hier geoordeel te word is Satan self (die Dier en die Valse Profeet is 'n 1000 jaar vantevore reeds geoordeel en in die See van Vuur gewerp), en daarna sy engele Dood en Doderyk (Hades).
- Ons kan met veiligheid aanneem dat die oorblyfsel van Satan se koninkryk van gevalle engele en demone die volgende sal wees om geoordeel te word.
 - Op hierdie punt is dit vir die leser nodig om daarop te let dat die See van Vuur (ewige vuur) spesifiek daargestel is vir die duivel en sy engele.
 - Daar word gesê dat die duivel, die Dier en die Valse Profeet (en die res van sy bose koninkryk) in hierdie vuur "dag en nag gepynig sal word tot in alle ewigheid".
 - Mag die leuen wat so goed oor die jare in ons gedagtes vasgelê is, nl. 'dat die hel die plek is waar Satan en sy engele mense sal folter', finaal uitgewis wees. In die See van Vuur word hulle gepynig; hulle is in geen posisie om pyniging uit te deel nie.
- Laastens, engeen wie se naam nie in die Boek van die Lewe opgeteken staan nie, sal in die see van vuur gewerp word.
 - Eerstens sal dit **ALMAL** wat in Satan se bose koninkryk oorbly, insluit.
 - Tweedens, sal dit ook mense insluit wat God se genade en barmhartigheid verwerp het en wie se name uitgevee is uit die Boek van die Lewe of wie se name miskien nooit daarin opgeskryf was nie.
 - Wat die Boek van die Lewe betref, leer die Skrif ons:
 - Dat hulle wie se name nie in die Boek van die Lewe opgeskryf is nie, se name "nie van die grondlegging van die wêreld af in die Boek van die Lewe geskryf is nie".
 - Indien dit so is, beteken dit dat die wie se name wel in die Boek opgeskryf is kan aanvaar dat dit ook van die grondlegging van die wêreld af so is.
 - Ons vind ook **NIE** een enkele geval van engeen wie se naam eers op 'n later stadium in die Boek van die Lewe ingeskryf is nie (soos wat die tradisie ons wil leer nie). Inteendeel, ons vind egter etlike gevalle waar iemand se naam uit die Boek uitgevee kan word:
 - Op 13:8 ; Ex 32:32,33 ; Op 3:5 ; Ps 69:28 ; Fil 4:3 ; Luk 10:20 ; Op 22:18,19
 - Laat ons dus beseft dat ons by God welbekend is van voor die grondlegging van die wêreld af en ons kan **NIE** deur ons verdienste ons name in die Boek van die Lewe kry nie. Waar ons dus Sy genade ontvang het, moet ons vashou aan wat ons het en nie wegdwaal en dalk verloor wat ons s'n kon wees nie.
 - Indien daar by iemand 'n begeerte sou wees om uit te reik na God, wees dan verseker dat jou naam in die Boek van die Lewe opgeskryf IS. Reageer dan dadelik en gaan **SONDER** versuim na Hom!

Omtrent die 'Regterstoel van Christus' ontdek ons:

- Dit sal plaasvind met die Wederkoms van Christus, aan die einde van die huidige tyd en aan die begin van die duisendjarige regering.
- Slegs dié wat dan LEWE sal betrokke wees. Dit beteken dat slegs wedergebore gelowiges dan geoordeel sal word.

- Die klem sal eerder op beloning as straf wees.
 - "Want die Seun van die Mens staan gereed om met Sy engele in die heerlikheid van Sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen beloon volgens sy dade."
 - "Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang."
 - "Elkeen se werk sal aan die lig kom, want die Dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang, as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."
 - In die gelykenis van die talente (Mat. 25:14-30) word te kenne gegee dat Jesus, wanneer Hy terugkeer aarde toe, Sy diensknegte sal beoordeel in terme van wat hulle gedoen het met dit wat aan hulle toevertrou is. Dit is in ooreenstemming met die Regterstoel van Christus. Hier sien ons ook hoofsaaklik beloning. Ons sien ook egter straf in die geval van die nuttelose dienskneg wat in die buitenste duisternis uitgewerp is.
 - Dieselfde gebeur in die gelykenis van die ponde (Luk. 19). Wanneer Jesus weer kom sal Hy dadelik Sy diensknegte beoordeel, in terme van wat hulle gedoen het met wat aan hulle toevertrou is. Weereens sien ons dat die aard van die oordeel rondom beloning wentel. En ons sien weer dat die nuttelose dienskneg verloor wat syne kon wees.
- Daar is egter ook die moontlikheid van 'verskrikking' by hierdie oordeel betrokke:
 - Paulus sê: "Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. Omdat ons dan die vrees ('terror' - verskrikking) van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig."
 - Jesus sê: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in Gehenna."
 - Dit is tydens hierdie oordeel dat sommige gelowiges gered sal word, maar hulle siel sal verloor. (1 Kor 3:15 ; Mat 16:24-27 ; 1 Kor 5:5)
 - Meer oor 'die Redding van die Siel' later.
- Op hierdie tydstip sal almal wat hulle siel nie verloor nie, van Jesus die beloning ontvang van 'n opgestane liggaam tydens die eerste opstanding en sal hulle die Koninkryk van God beërwe (en hulle sal met Christus regeer).

15.7 Die Wegraping

Openbaring beskryf vir ons die finale gebeure, wat eerstens, dui op die oopmaak van sewe seëls.

Die oopmaak van die sewende seël lui die blaas van sewe basuine in. Die eerste vier basuine is ernstige finale waarskuwings aan die mensdom om hulle gereed te maak vir die wederkoms van die Here. Hierdie waarskuwings kom in die vorm van ernstige globale rampe. Die laaste drie basuine word 'weë' (smarte) genoem. Dit veronderstel dat die aard van hierdie basuine op straf, eerder as waarskuwings, dui. Dit lui die einde van hierdie huidige wêreldstelsel in.

Die sewende, en laaste, basuin kondig onderstaande gebeure aan wat beslis die mees glorieryke, maar tegelyk verskriklike , gebeure is om ooit in die geskiedenis van die mensdom, plaas te vind!

- Eerstens hoor ons groot stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."
- En dan word die tempel van God in die hemel sigbaar, en Sy verbondsark word in Sy tempel gesien.
- Dan vind die Eerste Opstanding plaas.
- Presies gelyktydig hiermee vind die Wegraping plaas.
- Hierna word in die hemel iets gesien soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die Dier en oor sy beeld en oor sy teken, en oor die getal van sy naam, staan op die see van glas, met harpe van God, en hulle sing die lied van Moses en van die Lam.

- Hierdie is die oorwinnaars wat uit die Groot Verdrukking kom. Hulle is óf deur die Antichris doodgemaak, in welke geval hulle opgestaan het, óf hulle het tot die einde oorleef, in welke geval hulle weggeraap is.
- Daarna gooi sewe engele sewe bakke van wraak, een vir een, op die aarde uit. Met hierdie laaste plaes is die wraak (toorn) van God afgehandel.
- Hierna vestig Jesus Sy heerskappy op aarde.

Alle mag is lank gelede al aan Jesus gegee. NOU is egter die tyd vir Sy Koninkryk om oor die hele aarde uitgeroep te word en vir Satan en sy koninkryk om vernietig te word!

Alvorens die Here egter Sy wraak op die aarde en sy inwoners uitstort, neem Hy dié wat Syne is weg. Dit is wat oor die algemeen in Christelike kringe bekend staan as die 'Wegraping'.

God sal nie toelaat dat die wat 'slaap' (reeds gesterf het) of die wat op die tydstip nog leef, die een die ander vooruitgaan nie. Derhalwe sal die oorgang van aardse na hemelse liggame vir beide groepe op dieselfde tydstip plaasvind. Dus sal die Eerste Opstanding en die Wegraping gelyktydig gebeur.

Daaropvolgend sien ons almal wat óf aan die Eerste Opstanding, óf aan die Wegraping deel gehad het, met harpe by die see van glas in die hemel staan.

Die Wegraping sal dus:

- Heel teen die einde plaasvind, onmiddellik na die laaste basuin geblaas het.
- Voorafgegaan word deur die Groot Verdrukking.
- Presies saamval met die Eerste Opstanding.
- Alle oorwinnaars wat nog in die lewe oorbly, insluit.
 - Dit sal wees 'die oorwinnaars oor die Dier en oor sy beeld en oor sy teken en oor die getal van sy naam'.
- Aangekondig word met 'n uitroep, met die stem van 'n aartsengel en met die basuin van God.

Hulle wat deel het aan die Wegraping, sal:

- 'In 'n oogwink' nuwe, verheerlikte, opgestane liggame ontvang.
- Die verganklike vir die onverganklike en die sterflike vir die onsterflike verruil.
- In die wolke weggevoer word om die Here in die lug tegemoet te gaan.
- So altyd by die Here wees.
- Oorwinnaars wees.
- Die Koningskap van God beërf.

15.8 Die Oes, Insameling, Dorsproses, Bymekaarmaak en Verbranding

15.8.1 Die Oes

"Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur."

Nog nooit in die geskiedenis van die mensdom was daar so 'n groot oes soos tans nie. Oor die afgelope vyftig na honderd jaar was daar letterlik 'n bevolkingsontploffing. Hoe sal almal ooit bereik word met die goeie nuus van die Koninkryk? Hoe sal hierdie groot oes ooit ingesamel word?

15.8.2 Die Insameling

Die grootste insameling van siele in die geskiedenis is ophande in wat die Here profeties na verwys as die 'Finale Helewing'. Dit is die Insameling wat voor die deur is. Dit sal van 'n bo-natuurlike aard wees. Elke nasie, stam, taal en volk sal die boodskap van die Koninkryk van God hoor. En elkeen sal sien en verstaan dat God lewe, dat Hy magtig is en in hul lewens betrokke is. Niemand sal kan sê, "Ek het nie geweet nie".

15.8.3 Die Dorsproses

Na die Insameling volg noodwendig die Dorsproses. Normaalweg word die dorsproses in ons lewens oor jare en op 'n verskeidenheid maniere, sagkens, deur die Here teweeggebring.

Die doel daarvan is om ons te kry om die vlees te verloën en volgens die Gees te wandel in die nuwe lewe - geskep in ware geregtigheid en goddelik in karakter. Almal van ons MOET êrens langs die pad 'n duidelike keuse vir Christus en teen onself maak (dit is teen die eie belange en selfbemaagtiging van die ou lewe); om ons self te verloën en Jesus Christus onder alle omstandighede te volg; om Hom MEER lief te hê as myself!

Teen die einde van die tyd is die omstandighede sodanig dat daar nie tyd is vir die dorsproses om tydszaam te geskied nie. Dit sal gevolglik vinniger moet plaasvind. Die manier waarop die Here dit sal laat gebeur, is om die Antichris toe te laat "om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin". Dit is wat Jesus die 'Groot Verdrukking' noem en dit sal vir drie en 'n half jaar duur. "En die horing het oorlog gevoer met die heiliges en hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het."

Gedurende die verdrukking sal enigeen wat die merk van die Dier wil ontvang, sodat hy kan koop en verkoop, eers die Dier en sy beeld moet aanbid en Jesus aldus verloën. Dit beteken dat Christene wat getrou bly aan Jesus dit SLEGS sal kan doen met groot nadeel vir hulleself en met selfverloëning wat hulle van alles kan ontnem - selfs hulle lewens. Hulle kan selfs gemartel word. Hy wat tot die einde volhard sal gered word en sal waarlik 'n oorwinnaar wees. So ook elkeen wat in die proses sy lewe verloor!

Dit is die Dorsproses wat gedurende die laaste drie en 'n half jaar sal plaasvind, waar die koring van die kaf geskei sal word.

15.8.4 Die Bymekaarmaak van die Koring in die Skuur

Johannes die Doper getuig aangaande Jesus: "Sy skop is in Sy hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en Sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."

Die 'bymekaarmaak van die koring in die skuur' is die 'Wegrapping'.

Indien ons I Thes. 4:13-18 met I Kor. 15:50-54 vergelyk, sien ons dat met die blaas van die Laaste Basuin die dooies op presies dieselfde oomblik opgewek word as wanneer die lewendes, in 'n oogwink', verander word. Almal wat in Christus is, dood of lewend, sal op daardie oomblik verheerlikte opstandingsliggame ontvang, soortgelyk aan dié van Jesus na Sy opstanding. Dan sal hulle almal in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug, en so sal hulle altyd by Hom wees!

Dit is die bymekaarmaak van die koring in die skuur.

Dit stem ooreen met die 'oes van die aarde' in Op. 14:14-16.

15.8.5 Die Verbranding van die Kaf

Met die blaas van die Laaste (Sewende) Basuin, hoor ons luide stemme wat met vreugde in die hemel uitroep: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!"

ALLE mag in hemel en op aarde is reeds tweeduisend jaar voor hierdie gebeure aan Jesus Christus gegee. Vir redes aan Hom bekend, wat insluit dat ek en jy wat nou nog leef nog moes inkom, het Jesus nie dadelik die duivel en sy hordes in die see van vuur gewerp nie. Nee, vir tweeduisend jaar het Hy geduldig gewag vir die tyd om reg te wees voor Hy Sy Koninkryk sal laat kom (soos Sy kinders al die jare al bid). Wanneer die Laaste Basuin binnekort blaas, SAL die tyd reg wees! En DAN sal Sy Koninkryk kom.

Die oomblik wanneer Jesus beheer oor hierdie wêreld neem, sal Hy eerstens die wêreld skoon maak van al die vuilheid! Maar voor Hy dit doen sal Hy Sy mense van die aarde wegneem. Dit is die Wegrapping en die Eerste Opstanding, soos hierbo uiteengesit. Nadat Sy eie mense uit die gevaar is, sal Hy Sy wraak oor hierdie bese koninkryk uitgiet in die vorm van die finale sewe Bakke van Wraak.

Dit is die Verbranding van die Kaf.

Dit stem ooreen met die "insameling van die druiwe van wraak" in Op. 14:17-20.

Geen Christen, behalwe hulle wat Jesus verloën en die merk van die Dier geneem het, sal op hierdie tydstip nog op die aarde wees nie.

Die duur van hierdie oordeel word op ongeveer negentig dae gestel. Die aard van die teistering sal so erg wees dat, indien dit langer sou duur, geeneen gered sou word nie. Hoe dit ookal is, die teistering eindig by die slag van Armageddon waar Jesus, aan die Hoof van die hemelse leërmagte, die Antichris en sy hordes verslaan.

15.8.6 Die Einde, of nee, eerder die Begin

Daaropvolgend sal Jesus die Olyfberg betree en dit sal Sy regering van vrede en voorspoed op aarde inlui. Hy sal ALLE dinge regstel en, aan die einde van die duisend jaar, die Koninkryk aan God die Vader oorhandig.

Die aarde sal in 'n Paradys omskep word!

15.9 Die Skape en die Bokke Oordeel

In Matt. 25 lees ons: "En wanneer die Seun van die Mens in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei."

15.9.1 Wanneer vind dit plaas?

Duidelik onmiddellik na die Wederkoms.

15.9.2 Wie sal met Jesus in heerlikheid wees?

Eerstens, al Sy heilige engele, soos hierbo aangedui.

Tweedens, moet ons in gedagte hou dat die heiliges van die Eerste Opstanding en die Wegrapping "altyd by die Here sal wees". Hulle sal dus ook by Jesus wees wanneer Hy in heerlikheid op Sy troon kom sit. Dit word bevestig wanneer Jesus in Sy profetiese rede verwys na "een van die geringstes van hierdie broeders van My". Dit is nie engele nie, maar wedergebore, opgestane heiliges, wat 'broers' van Jesus is!

15.9.3 Wie is die Nasies?

Dit is die mense wat die verskriklike tye wat die huidige gebeure onmiddellik voorafgegaan het, oorleef het. Min mense op aarde sal die Basuine (waarskuwings en die smarte) sowel as die finale sewe Bakke van Wraak oorleef het; moontlik minder as tien persent van die oorspronklike getal.

Let ook daarop dat hulle nie wedergebore gelowiges is nie. Hulle is almal mense wat die Dier en sy beeld aanbid het en die merk geneem het. Gelowige Christene is alreeds van die aarde weggeneem en is dan nie voor nie, maar agter die troon, saam met Jesus!

15.9.4 Wie is die Skape?

Die skape is diegene wat iets goed vir 'n Christen gedoen het, al sou dit net 'n kleinigheid wees.

Die beskrywing van die omstandighede waarin sulke Christene sou verkeer pas in by die toestande tydens die Groot Verdrukking, waartydens hulle vervolgd en verlate sou wees. Die 'skape' is dié wat medelye gehad het met die behoeftige Christene tydens die verdrukking.

Om hierdie rede verklaar Jesus hulle as 'regverdig' en dat hulle in die Koninkryk van God toegelaat sal word. Hulle sal dan voortaan die aarde weer bevolk onder die Koningskap van Jesus Christus. (Die genade en barmhartigheid van God is verstommend!)

Israel sal die regerende nasie op aarde wees. (Voor die hele wêreld bymekaargemaak, onsondig, maar steeds nie opgestane wesens nie.) Die ware, hemelse, regering oor die aarde sal by Jesus en Sy oorwinnars berus, hulle wat saam met Hom sal regeer. Hulle sal oor bo-natuurlike magte beskik en gevolglik sal GEEN sonde of oortreding ongemerk of ongestraf verbygaan nie. Hulle sal met 'n ysterstaf regeer. (Onthou dat die skape wat die aarde sal herbevolk nie wedergebore is nie en nie onsondig is soos Israel nie. Hulle sal dus sterk leierskap nodig hê om koers te hou.)

15.9.5 Wie is die Bokke?

Die bokke is diegene wat gedurende die Groot Verdrukking geen medelye hoegenaamd aan die Christene in nood betoon het nie.

Om dié rede stuur Jesus hulle die 'ewige straf' in. Dit beteken, onder meer, dat hulle liggaamlik vernietig sal word, want geen liggaam is 'ewig' nie. Dit word bevestig wanneer ons die gelykenis van die ponde lees (Luk.19), waar die vyande van Jesus, wat nie wou hê dat Hy koning oor hulle sou wees nie, voor Hom doodgeslaan is.

15.10 'n Kind word Gebore!

15.10.1 Hy kom soos 'n Dief

Wanneer ons nog 'n slag na die Wegraping kyk, sien ons die volgende:

- Dit sal plaasvind onmiddellik na die Groot Verdrukking.
- Die Verdrukking sal drie en 'n half jaar, of 1260 dae of 42 maande, duur. (Daar is geen ander gebeurtenis in die Skrif waarvoor God ons so 'n duidelike en afgebakende tydsduur gee nie. Die tydsduur word op nie minder as met drie verskillende eenhede van tydsmeting bevestig nie! God is ernstig om ons met dié inligting toe te rus.)
- Die begin van die Verdrukking sal gebeur wanneer die 'Gruwel van Verwoesting' (Antichris) homself, in die tempel van God, as god verklaar.
- Aangesien die aanvang, sowel as die duur, van die Verdrukking bekend sal wees, sal die presiese tyd van die Wegraping ook vooraf bekend wees!
- Die Wegraping, hoe glorieryk dit ook mag wees, sal nie 'n verrassing wees nie!
- Meer nog! Dit sal helder en duidelik deur die stem van 'n aartsengel en die basuin van God, aangekondig word.

Alles wat hierbo gesê is, maak dit duidelik dat die Wegraping NIE die geleentheid sal wees wanneer Jesus 'soos 'n dief' sal kom nie. Hierdie sal 'n ANDER gebeurtenis wees wat VOOR die Verdrukking sal plaasvind.

Die Wegraping sal ook nie saamval met die gebeurtenis waarna Jesus verwys as Hy sê dat ons moet "waak en bid" nie, want ons weet nie wanneer Hy miskien skielik kom en ons aan die slaap vind nie.

Wanneer dan sal dié gebeurtenis plaasvind wanneer Jesus skielik, soos 'n dief, sal kom??

Die antwoord is dat Jesus voor die Verdrukking sal kom vir hulle wat gereed is en op Hom wag; vir hulle wat voorbereid is op Sy koms en waardig geag word om saam met Hom te gaan!!

Ons vind etlike Skrifverwysings wat ons hieroor inlig:

- Luk. 21:36 -- "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die Mens te staan."
- Op. 3:10 -- "Omdat jy die woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."
- Matt. 25:10-13 -- "En onderwyl hulle gaan om te koop, het die Bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: 'Meneer, Meneer, maak vir ons oop!' Maar Hy antwoord en sê vir hulle, 'Ek ken julle nie'. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die Mens kom nie."
- Luk. 12:37 -- "Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die Heer wakker sal vind as Hy kom. Voorwaar ek sê vir julle, Hy sal Hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien."
- Op. 16:15 -- "Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie."
- Heb. 9:28 -- "... vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."
- I Thes. 5:4,6,9 -- "Maar julle broeders, is nie in duisternis nie, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus."

As daar een ding is waarvan die Here wil hê dat ons kennis moet neem is dit: Om gereed en voorbereid te wees; om voortdurend te waak en te bid, want Hy kom skielik en onverwags. Slegs hulle wat gereed en waaksaam is, sal Hom vergesel! Jesus gee persoonlik geen ander boodskap as juis hierdie so dikwels en so duidelik nie. Hiervan moet ons aflei dat Jesus werklik wil hê dat ons gereed moet wees!

15.10.2 Die Kind

In Openbaring 12 is die visioen van die Vrou, die Kind en die Draak, opgeteken:

Die Vrou, wat hemels (geestelik) is in aard, staan op die punt om geboorte te gee aan 'n kind. Die Draak (Satan) staan gereed om die kind te verslind sodra hy gebore word. Toe die kind gebore word, word hy weggeruk na God en Sy troon. Die Vrou bly op die aarde en moet vlug omdat die Draak haar wil vervolg. Sy word egter bonatuurlik beskerm vir 'n tydperk van 1260 dae (die duur van die Verdrukking). Intussen breek daar, met die aankoms van die kind, oorlog in die hemel uit. Satan en sy engele word verslaan en op die aarde neergewerp. Vreugde in die hemel, maar smart op aarde! Die draak, wat die Vrou nie leed kan aandoen nie, maar woedend is vir haar, spits hom nou toe op die res van haar afstammeling. Hulle is die 'wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou'.

Die betekenis van hierdie visioen is soos volg:

- Die hemelse vrou is die Kerk. Dit sluit die oorsprong van die kerk, nl. Israel, in.
- Die Draak is Satan.
- Die Kind is die Oorwinnaarskerk. Dit is hulle wat gereed is en uitsien na Jesus se koms wanneer Hy hulle kom weghaal. (Later meer hieroor.)
- Die vrou wat op die aarde bly is die verseëldes van Israel (Op. 7). (Haar geestelike deel (die Kind) is weggevoer.)
- Hulle wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou, is die Christene wat op aarde agterbly nadat die Kind na God weggeruk is. Hulle sal die heiliges in die Verdrukking wees.

Kronologies sal hierdie gebeure soos volg verloop:

- Die Vrou se barensnood, val saam met die eindtydgebure soos in Mat. 24:4-8 deur Jesus beskryf.
- Die geboorte van die Kind is rofweg wanneer 'n 'skielike verwoesting' die aarde tref (op 'n tydperk wat gesê sal word daar is 'Vrede en Veiligheid'.) Ons glo dit sal min of meer tien jaar voor Jesus se wederkoms wees.

- Die stadium wanneer Satan en sy engele op die aarde neergewerp word, sal moontlik ongeveer sewe jaar voor die einde wees.
- Die stadium waarop die draak sy woede op die Christene begin uithaal, sal drie en 'n half jaar voor die einde wees.

Maar al het ons hierdie tydskaal tot ons beskikking, het ons nog geen idee van wanneer die Kind gebore sal word nie. Wanneer die Kind gebore is, sal ons, tydsgewys, weet waar ons staan. In die tussentyd MOET ons waak en bid en gereed wees. Dit kan enige tyd gebeur.

Die geboorte van die Kind kondig die begin aan van die einde van die huidige tydperk. Vir hierde rede glo ons dat die geboorte van die Kind simbolies gekoppel is met die Fees van Trompette, wat die volgende fees is om volbring te word. Dit is moontlik dat die wegruk van die Oorwinnaarskerk êrens in die toekoms, tydens die viering van hierdie fees, kan plaasvind.

15.10.3 Is hierdie Kind nie Jesus nie?

Daar bestaan 'n algemene opvatting dat hierdie kind is Jesus. Dit kan egter nie wees nie, vir die volgende redes:

- a. Die Vrou kan op geen manier 'n voorstelling van Maria wees nie.
- b. Die hele Openbaring is deur Jesus gegee en Hy verwys na dinge wat gou moet gebeur, aanduidend van toekomstige gebeure.
- c. Jesus is nie net na Sy geboorte deur God na Sy troon weggeruk nie.

15.10.4 Waarom sê ons dat hierdie Kind die Oorwinnaarskerk verteenwoordig?

Die antwoord is dat hierdie Kind 'die nasies met 'n ysterstaf sal regeer'. Dit is waar slegs van Jesus en die Oorwinnaarskerk! En hulle sal dit as EEN doen.

In Op. 2:26-28 sê Jesus: "En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van My Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee."

Die verwysing na die môrester is 'n verdere aanduiding dat die Kind voor die Wederkoms van Christus gebore sal word. (Lg. sal soos die sonsopkoms wees.)

15.10.5 Hy wat nog terughou

'n Ander feit is dat hierdie kind MANLIK is.

In 2 Thes. 2:7 lees ons: "Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is." (Letterlik: 'toddathy uit die midde verwyder word.) "En dan sal die ongeregtige geopenbaar word."

In hierdie geval is dit duidelik 'n manlike persoon wat weggeruk is; daarom kan dit nie die kerk self wees nie, want die kerk is vroulik. Dit kan ook nie die Gees wees nie, want die Gees is onsydig.

As ons weer na Op. 12 kyk, sien ons dat Satan op die aarde neergewerp is NADAT die kind weggeruk is na God en Sy troon.

Uit dit alles kan ons aflei dat dit wat tans die wettelose een (Antichris) terughou om sy verskyning op die wêreldtoneel te maak, die feit is dat die manlike kind nog nie gebore is nie. God sal nie toelaat dat die Antichris openbaar gemaak word voordat die kind nie weggeruk is nie!

15.10.6 Die Kind-Moeder verhouding

Soos wat 'n ongebore kind ontwikkel, word dit stap vir stap, progressief, 'n afsonderlike wese. Al is die kind nog in die moeder, deel van haar, en sal dit uit haar gebore word, ontwikkel die kind tog ook dag vir dag as 'n afsonderlike mens. As die kind gebore word is dit heeltemal afsonderlik van die moeder.

Dit mag huidiglik ook die ervaring van die Kind wees in terme van sy verhouding tot die moederkerk.

15.10.7 Die Grootste Gebeurtenis!

Naas Jesus wat uit die dode opgewek is, sal die geboorte van die Kind die grootste enkele gebeurtenis in die mens se geskiedenis wees!

Dit verklaar waaom Jesus meer as enigiets anders, die feit onderstreep dat ons gereed MOET wees. Want Hy kom op 'n onverwagte uur en dag! Hy WIL hê dat ons deel moet wees van dié groot gebeurtenis!

Geliefdes, LAAT ons gereed wees!

15.10.8 Voor die Troon van God

"En haar kind is weggeruk na God en Sy troon."

Die volgende toneel rakende die Kind speel af in Op. 14:1-5. Voor die troon van God sien ons "die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die Naam van Sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe".

Ons sien weer dat die Kind die Oorwinnaarskerk is en dat die Lam, MET die Oorwinnaars "die nasies met 'n ysterstaf sal regeer". Jesus is, en sal natuurlik altyd, die Hoof van die Kerk wees.

Meer nog, ons vind dat die Naam van die Vader op hulle voorhoofde geskrywe is. Dit is 'n verdere bevestiging dat hulle die Oorwinnaars is, want ons lees van hulle dat Jesus op die oorwinnaars "die Naam van My God" sal skrywe. (Op. 3:12)

Daar moet ook gelet word daarop dat die simboliese getal van eenhonderd-vier-en-veertigduisend die getal van super-regering is. Twaalf is God se getal vir regering. Twaalf maal twaalf maal 'n duisend, dui op baie wat deel het aan die regering van regerings. Let ook op die veelheid van twaalwe wat voorkom in die afmetings van die Nuwe Jerusalem, wat die hoofstad van die heeal sal wees, met die Lam en Sy oorwinnaars wat vandaar sal regeer oor alles.

Ons kan redelik seker wees daarvan dat hierdie slegs 'n simboliese getal is. Indien dit 'n presiese getal sou wees, sou dit beteken dat Jesus sommige sou moes wegwys omdat daar nie meer 'vakatures' sou wees nie. Dit druis lynreg in teen die vermoë, karakter en roeping van God. Jesus verseker ons dat daar vele wonings in die huis van Sy Vader is en Hy moedig ons almal aan om die wedloop te hardloop en met vreugde te voltooi!

15.10.9 Meer oor die Kind

Laat ons neerskryf wat ons van die Kind weet:

- Vanuit die kerk gebore.
- Bestem vir leierskap.
- Verenig met die Lam. Een met Hom.
- Behoort aan God, die Vader. Doen alles in sy Naam. Het Sy Naam op hulle voorhoofde geskrywe.
- Sing 'n nuwe lied voor die troon wat niemand behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend kan leer nie. (Dit is waarskynlik die lied van die Lam waarna in Op. 15:3 verwys word. Dit is waar die heiliges van die Wegrapping en die Eerste Opstanding by die Kind aansluit voor die troon en saam sing hulle die lied van Moses EN die lied van die Lam.)

- Losgekoop van die wêreld, wat daarop dui dat hulle gelewe het op die tydstip van 'lossing'.
- Losgekoop tussen mense uit wat daarop dui dat daar ander sal wees wat sal agterbly wanneer hulle verlos word.
- Eerstelinge vir God en die Lam. Dit dui daarop dat hulle opgestane liggame (!!) sal ontvang, selfs voor die Eerste Opstanding. In 1 Kor. 15:23 word na Jesus, ná Sy opstanding, verwys as "Eersteling". Derhalwe verwys "eersteling vir God en die Lam" na 'n soortgelyke, maar latere, gebeurtenis. Maar, vlees en bloed kan nie voor die troon van God verskyn nie. Terwyl hulle tussen mense losgekoop is, kan hulle nie sondermeer geestelik voor die troon verskyn nie. Dit sou beteken dat alle verlostes, oor al die eeue, saam met hulle moes verskyn, wat nie die geval is nie. Die enigste manier vir hulle om voor die troon van God te verskyn sou in opgestane liggame wees.
- Hulle kom sonder sonde voor die troon van God, wat uit die konteks hierbo verstaan kan word.
- Die volgende word vereis om deel te kan hê aan die Kind:
 - Om die Lam te volg waar Hy ookal gaan.
 - Dat geen bedrog in jou mond gevind word nie.
 - Om rein te wees, deur geen vrou verontreinig te wees nie.
 - Dit moet geestelik verstaan word:
 - × Eerstens: Ons kan nie die Lam in die vleeslike volg nie en dus moet ons dié stelling geestelik verstaan.
 - × Dit impliseer dat ons die stelling om nie deur 'n vrou verontreinig te word nie, ook geestelik moet verstaan.
 - × Tweedens: Daar is niks vuil omtrent 'n vrou nie; dus moet die stelling geestelik verstaan word.
 - × Derdens: Mans en vroue sal ingesluit wees in die getal van die Oorwinnaarskind; dus moet die stelling geestelik verstaan word.
 - 'n Vrou wat verontreinig is 'n hoer.
 - 'n Geestelike hoer is 'n vals godsdiens. Optrede is vir persoonlike gewin, om geld of ander vergoeding te bekom, aandag te trek en selfs persoonlike toewyding te vra in die plek van Jesus.
 - Dit beteken dat ons nie ons trou, tyd, geld, aandag, ens. aan enige godsdiens moet gee nie, maar uitsluitlik en toegewyd ons aan die persoon van ons Here Jesus Christus moet oorgee! (2 Kor. 11:2-4) Oor 'n baie lang tyd, oor die eeue, het Satan 'n baie subtiele proses daargestel om ons trou aan Jesus weg te steel. 'n Kort voorbeeld om dit te illustreer sou wees: Indien Jesus sou sê, "Laat julle doop" en die godsdiens waarin jy is sê, "Dit is nie nodig nie. Besprinkel net die babas en noem dit doop"; wat sal jy doen? Aan wie sal jy jou trou gee? Dit is geestelike hoerery!
 - Dit beteken nie dat ons nie saam met ander heiliges moet aanbid nie. Ons moet! Maar ons moet NIE die spesifieke godsdiens of kerk waarin ons is dien deur daarin ontug te pleeg in plaas daarvan dat ons ons volle toewyding aan die persoon van Jesus Christus gee nie. En. Geliefdes, die afrokkeling van ons toewyding, deur die Hoer, gebeur op 'n baie verraderlike en subtiele manier. Wees versigtig!!

15.10.10 Die Drie Boodskappe

In Op. 14:6-11 lees ons van drie boodskappe wat aan die aardbewoners deurgegee word - aan alle nasies, stamme, tale en volke.

In die meeste vertalings word aangedui dat dit engele is wat hierdie boodskappe bring. Dit mag wel so wees, maar daar is ook 'n ander moontlikheid wat hier oorweeg sal word: dat dit inderdaad die honderd-vier-en-veertigduisend (die Kind) sal wees wat hierdie boodskappe oor die aarde sal uitdra voor die einde kom:

- Die Griekse woord 'angelos' beteken eintlik 'boodskapper'.
- Die Here het nooit engele aangewys om die Evangelie te verkondig nie. Hy HET sy dissipels uitgestuur om dié taak te verrig.
- In Matt. 9:37,38 en ook in Luk. 10:2 sê Jesus "Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur". In beide hierdie gevalle stuur Jesus dan sy dissipels uit om die boodskap van die Koninkryk van God (die Evangelie) te gaan

- verkondig. Nooit sal die oes so groot wees soos nou, aan die einde van die tyd, nie. Ons glo dat die honderd-vier-en-veertigduisend die arbeiders sal wees wat die oes sal inbring.
- 'Wat in die middel van die lug vlieg' dui op die dringendheid en spoed waarmee die taak uitgevoer sal word. Dit dui ook op die bo-natuurlike wyse waarop dit uitgevoer sal word.

Die tyd vir hierdie drie boodskappe om uitgedra te word sal kom. Op daardie tydstip sal al drie boodskappe baie duidelik deur almal verstaan word.

15.11 Die Merk van die Dier

"En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het."

15.11.1 Wat sal hierdie Merk van die Dier wees?

Op hierdie tydstip weet ons dat dit 'n rekenaarskyfie sal wees wat onder die vel ingeplant sal word.

Op die oomblik word wegbeweeg van kontant na elektroniese geldoorplasinge. Wat begin het as 'n kredietkaart-neiging, gaan nou al meer in die rigting van debietkaarte en sal seker later geheel na dié stelsel oorskakel. Die debietkaart het 'n ingeboude rekenaarskyfie met genoeg intelligensie en geheue om alle nodige funksies te verrig.

In die nabye toekoms gaan dit moontlik wees om AL jou inligting op 'n enkele kaart te hê. Dit sal jou ID, bestuurslisensie, paspoort, bankbesonderhede, ens. kan insluit.

Die GROOT probleem is egter dat so 'n kaart gesteel kan word, of kan breek, of verlore kan raak. Die oplossing hiervoor is om dieselfde rekenaarskyfie wat in die kaart is, onder die eienaar se vel in te plant.

Dit is 'n werkbare en baie netjiese oplossing. Dit word tans oor die hele wêreld onder geselekteerde groepe getoets (dikwels groepe werknemers van groot banke).

Dit moet verstaan word dat jy dan sonder hierdie skyfie of 'merk', niemand is nie. Jy sal geen ID, geen bestuurderslisensie, geen geld, geen niks hê en geen vermoë om te koop of te verkoop nie.

15.11.2 Wat sal nodig wees ten einde die Merk te kan ontvang?

Jy sal die Dier en sy beeld moet aanbid en daardeur DIE HERE JESUS CHRISTUS moet VERLOËN!

DIT sal die probleem vir die Christene wees, nie soseer die tegnologie wat ter sprake is nie.

15.11.3 Wat het Jesus hieroor te sê?

Hieroor het Jesus gesê: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. Elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is."

Hy sal ook die volgende boodskap laat verkondig aan almal op die aarde: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van Sy toorn."

15.11.4 Wat word van hulle wat nie die Merk neem nie?

Hulle sal in ellende verkeer omdat hulle nie kan koop of verkoop nie.

Meer nog. Hulle sal vervolgt, gemartel en gedood word.

15.12 Die Groot Verdrukking

Jesus beskryf die gebeure wat volg onmiddellik nadat die Antichris homself as god verklaar en die neem van die merk verpligtend gemaak het, so: "Dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie."

Gedurende hierdie tyd word aan die Dier outoriteit gegee om vir twee-en-veertig maande die septer te swaai. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin.

Geliefdes, dit sal 'n verskriklike tyd wees. Julle wil NIE deel daarin hê nie. "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die Mens te staan."

Een troos is dat die duur van die Verdrukking deur God beperk word tot 1260 dae, of 42 maande of 3½ jaar; 'n duidelik afgebakende tydperk. Die heiliges van die Verdrukking sal weet wanneer dit sal ophou!

Ons glo dat die Here, vir die duur van hierdie verdrukking, ondersteuning aan die heiliges sal gee; heel moontlik deur die bediening van die 144 000.

15.13 Die Sewe Seëls

Die sewe seëls verseël die boekrol wat in die regterhand is van Hom wat op die troon in die hemele sit.

Slegs Een is waardig om die seëls oop te maak. (Waar seëls ookal gebruik word om aan te dui dat die inhoud eksklusief is, mag slegs 'n gemagtigde persoon die seëls breek.)

Wanneer seëls oopgemaak word, lê dit iets bloot wat tevore verborge was.

So, wat nou openbaar gemaak word, was reeds tevore daar, maar word nou eers ontbloot. Geen bepaalde tydsvolgorde moet geheg word aan dit wat hier geopenbaar word nie. In hierdie geval is die boek 'n wettige dokument wat, soos dit later ten volle geopen word, as bindend en wettig verklaar word.

Wat WEL verkondig word, met die opening van die sewende seël, is dat die Koninkryk van God na die aarde kom. En die Lam, vir ons geslag, is die waardige Erfgenaam en Koning van hierdie Koninkryk! Die boek is dus die aankondiging en die titelakte van die Koninkryk en bevat ook die geskiedenis van die totstandkoming daarvan.

Die seëls is dan deel van God se verlossingsplan vir die mens en die vestiging van Sy Koninkryk op aarde - vir die verlossing van Sy hele skepping om deel te hê aan die glorieryke vryheid van die seuns van God.

Die seëls onthul ook (want dit is wat hulle doen) nie slegs wat in die verlede plaasgevind het ten opsigte van die volle verlossingsplan nie, maar ook die finale hoogtepunte van daardie plan.

Wat ons in die volgende paragraaf aanbied, doen ons in alle nederigheid en eerlikheid, as dit wat ons van Vader God gehoor en verstaan het. Ons besef terdeë dat al om die ander Skrif-interpretateerder geneig is om sy eie gevolgtrekkings hieromtrent te gee, en dit soms op 'n aggressiewe manier. Mag dit in hierdie geval nie so wees nie. Mag die Heilige Gees ons in alle waarheid lei.

15.13.1 Die Wit Perd

'n Algemene vertolking is dat die ruiter op die wit perd die Antichris is, aangesien sy boog nie 'n pyl het nie. Wat God egter aan ons openbaar het, dui op iets totaal anders.

Die eerste seël is die begin van die verlossing en die laaste seël die voltooiing daarvan. Dit begin wanneer die Vredevors uitgaan om te oorwin en eindig wanneer die Seun van God - die Vredevors - die outoriteit oorneem oor al die koninkryke van hierdie wêreld. So sal die hele wêreld deur Hom gered word. Soos dit begin met die Seun van God, so sal dit ook eindig - met Hom op die troon van Sy Koninkryk, tot in alle ewigheid.

Jesus se oorwinning is volkome! Hy gaan nie uit om te veg nie, maar om te oorwin. Hy het trouens reeds oorwin en sal steeds oorwin. Hy dra die kroon.

As 'n finale hoogtepunt en eindtyd-gebeurtenis, verteenwoordig die perd en sy ruiter die Oorwinnaarskind van Openbaring 12. Seëvierend is hy oppad na die oorwinning - soveel so dat Satan en sy volgelinge uit die hemel uitgewerp word! Die Kind is een met Christus en hy ontvang 'n kroon en is bestem om oor die nasies te regeer.

'n Finale gedagte: Die geboorte van die Kind lui die begin van die finale gebeure in - die finale hoogtepunte van God se verlossingsplan.

15.13.2 Die Rooi Perd

Op die hakke van die Seun van God kom die Verwoester. Hy word toegelaat om vrede van die aarde weg te neem - maar slegs vir 'n seisoen. Wanneer die einde kom sal hy in die See van Vuur gewerp word. Dit is die Antichris, want dit is hy wat op die rooi perd sit.

Soos wat die boodskap van die Vredevors, soos nog nooit vantevore nie, oor die lengte en breedte van die aarde uitgaan, so sal die Verwoester toegelaat word om, soos nog nooit vantevore nie, die vrede van die aarde weg te neem. Op sy hakke sal vernietiging volg tot aan die einde. Dit is nie om dowe neute dat Jesus van hom praat as die Gruwel van Verwoesting nie!

15.13.3 Die Swart Perd

Dit verteenwoordig hongersnood op die aarde. Teen die einde sal dit erger word as ooit tevore. Die hongersnood kom op die hakke van die Verwoester wat vrede van die aarde weggenem het.

Soos wat die Vredevors vrede in die mense se hart gee, so vernietig die Verwoester vrede in die hart van mense. En net so, is hierdie hongersnood in die geestelike eerder as in die fisiese. Dit is 'n hongersnood vir die suiwer koring en die suiwer gars; vir die suiwer wyn en suiwer olie - 'n tekort aan: volwasse, geesvervulde kinders van God; erfgename van die Koninkryk van God; volgelinge van die Vredevors wat, ten spyte van struikelblokke, tot aan die einde volhard; oorwinnaars oor die werke en invloed van die Verwoester.

Die ruiter op die swart perd se naam is Satan. Dit is aan hom gegee om dié op die aarde te toets; om die broers aan te kla; om die kerk teen te staan; om te mislei en te bedrieg. Hy is die bewerker van hierdie hongersnood. Deur sy sluheid word die goeie saad vernietig; deur die voëls opgepik; deur die sorg en rykdom en genieting van die lewe onvrugbaar gemaak. Dit is deur sy sluheid dat die mensekinders verlei word om eerder 'godsdienste te beoefen' as om die Seun van God te dien. Dit is deur sy sluheid dat die waarheid van die evangelie verwater word tot dit wat by die mens inpas, eerder as dit wat deur die Koning verorden is om by die oogmerke van Sy Koninkryk in te pas. Dit is deur sy sluheid dat Christene nie tot volwassenheid groei nie en min gereed sal wees om die Here tegemoet te gaan wanneer Hy weer kom.

"Moenie die olie en die wyn beskadig nie."

Die olie, glo ons, verwys na die 144 000 geesvervulde Christen-oorwinnaars van Op. 12 en 14; die wyn daarenteen verwys na die 144 000 verseëlde van Israel (Op. 7 en die vrou in die woestyn van Op. 12), wat op die oomblik nog water is, maar wat in wyn verander sal word by Jesus se koms. In beide gevalle sal Satan nie toegelaat word om van enige van dié twee groepe te steel of te vernietig nie!

15.13.4 Die Vaal Perd

Dit moet beslis ook geestelik eerder as vleeslik verstaan word.

Dit is bepaal dat almal sal sterf; tog het die Seun van God gekom sodat almal die Lewe kan hê! Behalwe vir 'n klein groepie, word dié lewe egter van almal beroof!

Wat hier gebeur is dat mense weggetrek en in die Dood en Doderyk ingedwing word, omdat hulle nie die Ruiter op die Wit perd aanvaar het nie. Dit het nog altyd gebeur. Teen die einde van die tyd sal dit groot afmetings aanneem. Hierdie dood sal veroorsaak word deur swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde - wat dui op die geestelike planne wat gebruik sal word, en gebruik is, om mense te vernietig.

'Wilde diere' is die geestelike hordes van boosheid wat mense wat geen beskerming het nie, aanval, verslind en vernietig.

'Pes' is verkeerde leringe wat mense se denke en harte vergiftig en so op groot skaal 'dood' veroorsaak.

'Swaard' is die mens wat sy eie verlossing probeer bewerk en dan deur sy eie pogings vernietig word.

'Hongersnood' is gebrek aan lering, gebrek aan kennis, gebrek aan die suiwer Woord van God - wat tot die dood lei.

Betreffende die 'Vierde deel van die aarde': Dit kan gesien word as 'n fisiese werklikheid in die eindtyd; dat 'n kwart van alle mense op aarde sal sterf. Hierdie syfer verskraal egter steeds teen wat Dood en Hades deur die eeue gedoen het aan hulle wat ewige lewe sou kon ontvang het.

15.13.5 Die Martelare

Die vyfde seël het betrekking op hulle almal wat deur die eeue heen Lewe ontvang het (wedergebore is), maar wat deur die wêreld verwerp, mishandel en selfs doodgemaak is.

Aan elkeen van hulle word wit klere (opstandingsliggame) gegee, wat dui op hulle status as oorwinnaars.

15.13.6 Die vernietiging van Satan se koninkryk

Die sesde seël dui op die voltooiing van alle dinge; die koninkryk van Satan sal finaal vernietig en uitgewis word.

Dit neem 'n aanvang wanneer Satan en sy hele koninkryk uit die hemel, soos vallende sterre, op die aarde neerval.

Sy woning in die hemele word gekanselleer (soos 'n boek toegerol).

Laastens word al sy koninkryke, groot en klein, en al sy mense op aarde, groot en klein, uit hulle posisies geskud en moet hulle vlug en wegkruip voor die aangesig van die Koning wat in Sy toorn kom.

15.13.7 Die Basuine

Die sewende seël openbaar die werklike gebeure wat as waarskuwings aan die einde sal dien en wat 'n hoogtepunt bereik met die koms van die Seun van God op die wolke, om die wat aan Hom behoort, saam met Hom te neem. En dan sal die einde kom.

15.14 Die Sewe Basuine

Die basuine kondig die naderende koms van die Koninkryk van God aan.

Die eerste vier basuine is waarskuwings.

Die laaste drie basuine word 'weë' (smarte) genoem, omdat hulle straf vir 'n onboetvaardige wêreld aankondig en loslaat.

Hierdie basuin-gebeure is werklik en nie simbolies nie, al sou dit ook in die geestelike gebied plaasvind, soos die hordes demone wat uit die afgrond losgelaat word.

15.14.1 'n Komeet tref die Aarde

Die eerste vier basuine is afsonderlike gebeurtenisse, moontlik 'n paar dae uitmekaar uit. Almal het egter dieselfde oorsprong, nl. 'n komeet wat die aarde tref.

Die eerste basuin dui daarop dat die stert van die komeet 'n kontinent (moontlik Afrika) tref. Die stert van hael en vuur en verskillende materiale is op die aarde gegooi. Dit veroorsaak dood en verwoesting, veral aan die bome en ander plantegroei.

Die tweede basuin is die grootste deel van die komeet wat in 'n osean (moontlik die Stille Oseaan) stort. Dit is iets soos 'n groot berg wat brandend die see tref. Dit sal groot getybolwe veroorsaak. 'n Groot hoeveelheid lewende organismes sal sterf. Baie skepe sal vergaan en baie lewens velore gaan.

Die derde basuin kondig die val aan, van 'n sekondêre deel van die komeet, op 'n waterryke gebied (moontlik die Amasoonkom). Dit sal die water in die gebied rondom vergiftig, met gevolglike baie sterftes.

Die naam van die komeet sal Alsem, wat bitter beteken, genoem word - of 'n naam tot dié effek.

Daaropvolgend sal die son, maan en sterre verduister word deur die uitval van die komeet in die atmosfeer. Dit sal duisternis oor 'n deel van die aarde meebring. Dit is die vierde basuin. Die profesie wat sê dat die maan soos bloed word en die son soos 'n harige sak, gaan hiermee ook in vervulling.

15.14.2 Wee! Wee! Wee!

Die laaste drie basuine word 'weë' genoem. Hulle doel is eerder om te straf as om te waarsku.

Die begin van hierdie weë of smarte sal wees wanneer Satan uit die hemel op die aarde neergewerp word.

Met die blaas van die vyfde basuin sal die gees van die Antichris (hier die Vernietiger, of Abádon of Apóllion genoem) 'n horde demone lei om diegene wat nie die seël van God op hulle voorhoofde het nie, aan te val. (Moontlik sal hierdie mense reeds die merk van die Dier op hul voorhoofde hê wanneer hierdie gebeure plaasvind.) Hulle sal nie plantegroei mag beskadig of enige mense doodmaak nie, maar hulle sal mense so erg pynig dat hulle daarna sal verlang om te sterwe!

Dit sal vir vyf maande lank duur.

Hierdie demone word deur Satan uit die bodemlose afgrond vrygelaat.

Die sesde basuin is moontlik engele wat losgelaat word om 'n derde van die mensdom dood te maak.

Dit kan dalk ook 'n kernoorlog in die Midde Ooste wees. Die vuur, rook en swael mag dui op die vernietigingskrag van kernwapens: die direkte ontploffing, die gepaardgaande skokgolwe en vlieënde puin en die kernafval. Die borsharnasse van rooi, geel en blou kan moontlik verwys na Rusland, China en die Verenigde Nasies.

Hoe dit ookal sy, deur hierdie plaë is 'n derde van die mense gedood en die res het hulle nie bekeer nie.

Hierdie plaag sal dertien maande duur. (Profeties is een dag gelyk aan een jaar, 'n uur gelyk aan 'n twaalfde van 'n dag, d.w.s. een maand. Die herhaling van die tydsduur in Op. 9:15 is 'n bevestiging van die duur van die plaag.)

15.14.3 Die Laaste Basuin

Die laaste basuin lui die vernietiging van Satan se koninkryk en die aanvang van God se Koninkryk in. Die afsluiting is die Slag van Armageddon en die Wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Die volgende reeks gebeurtenisse vind plaas nadat die sewende basuin geblaas het:

- Met die finale oopmaak van die laaste seël word God se Koningskap oor die hele aarde aangekondig.
- Die Eerste Opstanding en die Wegrapping vind plaas. (God haal Sy mense van die aarde af weg.)
- Die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in Sy tempel gesien. Dit beteken dat Hy nou Sy verbond vervul en al Sy beloftes volbring.
- Sewe engele stort die sewe laaste plaë op die aarde uit en daarmee is die grimmigheid van God voleindig. Die laaste van dié plaë is die slag van Armageddon.
- Jesus Christus kom aarde toe as die Koning van die konings en Here van die here.

15.15 Die Finale Aftelling


Ons besef terdeë dat, deur 'n tydskaal aan die eindtydgebeure te probeer koppel, ons die gebied van veronderstelling betree. Die Skrif sê dat ons nou ten dele ken, maar eendag sal ons ten volle ken. Hiermee stem ons saam. Wanneer al hierdie gebeure eendag ten volle voltooi is, sal ons ten volle ken.

In die tussentyd bied ons dit aan wat ons in alle nederigheid en eerlikheid glo ons van die Here ontvang en verstaan het. Die tyd sal enige fout of wanbegrip uitwys en wanneer dit gebeur, sal ons graag die fout regstel.

Ons bied dus aan wat ons het, in die geloof dat dit sal help om dit wat God bekend gemaak het, beter te kan begryp.

Die volgende bladsy moet soos volg verstaan word: Alle tydaanduidings moet, vanaf die Wederkoms af terug, geneem word. Dit word in jare gemeet. So byvoorbeeld, beteken '-8' (minus 8) agt jaar voor die Wederkoms, '-10' beteken tien jaar voor die Wederkoms, ens.

Ons weet NIE wanneer die eerste gebeurtenis op die aftellingskalender sal plaasvind nie. Sodra ons dit weet, kan al die ander gebeure akkuraat voorspel word. Dus, wanneer die Kind gebore is, sal die res van die kalender bekend wees.



16 Twee Bome in die Tuin van Eden

Waarom het God dit vir die mens moontlik gemaak om te sondig?

Waarom het Hy die Boom van Lewe en die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad in die Tuin geplaas?

Wat is die betekenis van die Boom van Lewe?

God het beslis van meet af aan geweet dat die mens in sonde sou val. Juis daarom is dit nodig om vrae, soos dié hierbo, te vra. God het ook van meet af aan geweet dat dit die dood van Sy Seun aan die kruis sou kos om die mens te verlos en weer te versoen met Homself. Waarom het God dan hoegenaamd toegelaat dat dit alles gebeur?

Omdat God van elke man en elke vrou verwag, om uit EIE vrye wil, 'n keuse vir Hom of teen Hom te maak!! Want God het gekies om, op hierdie manier, 'n Bruid vir Sy Seun te verkry. 'n Bruid wat, vrywilliglik, vir Hom bo haarself sou verkies en wat Sy wil en belange bo haar eie sal stel! Sonder die moontlikheid om teen Hom te kies, sou die keuse vir Hom leeg en sonder betekenis wees. Dit sou sonder liefde en dus betekenisloos wees.

Vir God is daar nie ruimte vir liefde en eie-belang om saam te bestaan nie. Dit is waarom Hy hierdie saak altyd op die spits sal dryf. Gedurende die Groot Verdrukking, met die Merk van die Dier, sal dit weereens om hierdie saak wentel: Wees óf lief vir Hom, óf lief vir jouself; óf jy verloën Hom, óf verloën jouself. Hy ag hierdie saak so belangrik dat dit Sy eie vernedering en offer, tot die dood toe, waardig was. Aan die einde van die Millennium, wanneer Satan uit die afgrond losgelaat word om die nasies te verlei, sal hierdie saak weereens op die spits gedryf word. Almal wat in die voorafgaande 1000 jaar gebore is, sal ook moet kies: Vir God of teen God.

Wat 'n verstommende feit! En tog so duidelik verstaanbaar. Die Almagtige God, met Sy bo-natuurlike vermoëns, word nooit onverwags of onvoorbereid betrap nie. Dit beteken dat God vooruit geweet het wat die prys vir ons verlossing sou wees. In die lig daarvan het Hy geoordeel dat die eindresultaat van Sy plan van aksie, die prys werd was wat betaal sou moes word!! Derhalwe moet ons nooit die belangrikheid onderskat, wat die Here daaraan heg, dat ek my eie vrye wil moet uitoefen om vir of téén Hom te kies nie. Dit geld vir al die vele besluite dwarsdeur ons lewe.

Die Seun was bereid om dié prys vir Sy Bruid te betaal!

Die Bruid is hulle wat bereid is om dieselfde prys vir haar Bruidegom te betaal! Dit beteken ook dat hulle die toetse en beproewings van die lewe met vreugde sal verdra, met harte gevul met liefde, hoop en geloof in hulle aanstaande Bruidegom.

Wanneer die mens ten gunste van homself of sy eie belange kies, is dit so goed hy kies die Boom van Kennis.

Wanneer die mens die Here Jesus kies en Sy belange en wil bo sy eie stel, is dit so goed hy kies die Boom van Lewe. {Jesus IS die Lewe!}

Herhaaldelik waarsku Jesus ons dat hy wat sy siel vind, dit sal verloor; en wie sy siel om Jesus ontwil verloor, dit sal vind! Hy wat van die Boom van Kennis eet sal sterf; maar hy wat van die Boom van Lewe eet sal leef.

Geliefdes, laat ons leef op die manier waartoe Jesus ons aanspoor: om myself daaglik te verloën, my kruis op te neem en Hom te volg waarheen Hy my ookal lei. Mag ek al die dae van my lewe hierin volhard totdat ek jubelend saam met Paulus kan sê dat ek die wedloop voleindig het, dat ek die geloof behou het en dat ek op die punt staan om die kroon van geregtigheid van die Here te ontvang.

Wanneer ons na al die lyding en smart in die wêreld kyk, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat dit die gevolg is van die mens se sonde; en soos die mens meer en meer sondig sal lyding en smart toeneem. Terselfdertyd egter, is die huidige beproewinge 'n manier waarop God ons toets en louter sodat ons bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus.

Nou vir die goeie nuus van die Evangelie: Die Koninkryk van God kom! En dan sal alle ongeregtigheid, alle sonde, al die swaarkry en al die smarte vir ewig iets van die verlede wees. En God sal vir ewig op die Nuwe Aarde by die mens woon. En die Seun en Sy oorwinnaars (elkeen wat die regte keuse gemaak het en daarby gebly het, kom wat wou) sal vir ewig saam wees in ewige vreugde, en saam regeer en heers oor die hele skepping. Halleluja!!

17 Die Redding van die Siel

17.1 Inleiding

Nêrens in die Bybel vind ons: 'Glo net en jou siel sal gered word (of is gered) nie'. Tog is dit iets wat klaarblyklik wêreldwyd gepredik word??

Wat vind ons WEL in die Skrif?

- "Wie sy siel vind sal dit verloor; en wie sy siel verloor om My ontwil, sal dit vind." Mat. 10:39
- "Want elkeen wat sy siel wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy siel om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" Mar. 8:35-37
- "Want elkeen wat sy siel wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy siel om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?" Luk. 9:24-25 (Ook Mat. 16:25-27)
- "Elkeen wat probeer om sy siel te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou." (lit. 'birth it into life') Luk. 17:33
- "Wie sy siel liefhet, sal dit verloor; maar wie sy siel haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe." Joh. 12:25
- ". . . . en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry." 1 Pet. 1:9
- "Want julle het lydsaamheid nodig, om nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het My siel geen welbehag in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die siel." Heb. 10:36-39
- "Deur julle volharding moet julle jul siel in besit kry (lit. 'acquire as a personal possession')." Luk. 21:19
- "En hulle het oorwin en hulle het tot die dood toe hulle siele nie liefgehad nie." Op. 12:11

En so sien ons oor en oor dat die siel nie alreeds (verlede tyd) gered is nie. Intendeel, dit sal (toekomstige tyd) gered word, indien aan die nodige vereistes voldoen word. In die aanhalings hierbo word uitsluitlik met Jesus se volgelinge gepraat. Dit beteken dat Christene gevaar loop om hulle siele te verloor! Neem asseblief kennis hiervan, geliefdes. Jesus het jou lief, maar Hy gaan nooit terug op Sy Woord of op die beginsels daarin vervat nie. Ten einde jou siel te red, moet jy ten minste twee dinge doen, nl.:

- 1) Verloor jou siel in hierdie lewe om Jesus ontwil en om die evangelie ontwil!
- 2) Volhard tot die einde! Dit beteken dat jy sal vashou aan die geloof en jou siel tot die dood toe nie sal liefhê nie.

Verdere onderskeid:

- God gee ewige lewe.
- Jy moet jou siel verloor, sodat dit gered kan word.

- God nooi die maagde na die bruilof.
- Hulle moet gereed wees met genoeg olie vir hulle lampe.

- God gee geestelike geboorte.
- Jy moet tot wasdom groei. (Geestelike groei is ten koste van die eie-ek, of siel).

17.2 Wat is die siel?

Die siel is die LEWE binne die liggaam, m.a.w. die bewuste selfewe in teenstelling met die biologiese lewe.

Dit behels die karakter, persoonlikheid, natuurlike gewes en tekortkominge, verstandelike vermoëns, besluitnemingsmag, kognitiewe vermoëns, emosies, wilskrag, ens., ens.

Die siel is JY. Jou liggaam is bloot die voertuig, of die huis, of die tent waarin jy op aarde wandel.

Wanneer die siel die liggaam verlaat, is die liggaam dood. (vgl. Gen. 35:18)

Dit lyk verder asof die siel, wanneer dit die liggaam verlaat, die karakter en kennis daarin vasgevang, saamneem. (In na-doodse ondervindings, kan gebeure en mense van die aarde herken word.)

In die begin het die Here God die mens gemaak uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. God het dus die lewe van die siel daarin geadem.

In na-doodse of naby-doodse ervarings, verlaat mense hulle liggame en sien skynbaar die liggaam wat agterbly terwyl die siel dit verlaat.

In die Skrif word sinonieme vir siel aangegee as self en ook lewe. Alhoewel hierdie lewe nie verwar moet word met die LEWE wat Jesus ons gee nie. Lg. is van 'n hoër aard as die sielslewe.

Toe die mens in sonde geval het, het sonde in effek sy siel binnegedring. Dit het gemaak dat die mens selfgesentreerd geraak het. Daarmee is die skeppingsdoel met die mens, nl. om God-gesentreerd te leef, veryd. Sonde beteken 'om die teiken te mis'. Vanaf die sondeval en daarna is die geneigdheid van die mens om homself te dien en selfs te aanbid. In die sondige mens word God gesien as óf 'n probleem, óf dat Hy daar is terwille van MY en om MY voorspoedig te maak. Dit is sonde! En dit vestig homself in die siel van die mens. Die werklik regverdig mens sal nie toegee aan die siel se eise nie, maar sal hom onderwerp aan die regverdig vereistes van God se wil.

17.3 Wat is die verskil tussen siel en gees?

In vele teologiese kringe word siel en gees as sinoniem beskou. Dit is nie die geval nie, soos uit die volgende Skrifgedeeltes blyk:

- "Maar die natuurlike mens (soulish man) neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." I Kor. 2:14
- "En daar is hemelse liggame en aardse liggame; maar die heerlijkheid van die hemelse is anders as dié van die aardse. So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; 'n natuurlike liggaam (soulish body) word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam (soulish body), en daar is 'n geestelike liggaam." I Kor. 15:40, 42, 44
- "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike (soulish); daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel." I Kor. 15:45-47
- "En mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!" I Thes. 5:23
- "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees." Heb. 4:12

- "Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik (soulish), duiwels." Jak. 3:15
- "Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense (soulish persons) wat die Gees nie het nie." Judas:19

Waar die siel die setel van sonde is, is die gees die setel van geregtigheid.

Die siel is die mens se lewe in die liggaam.

Die gees is God se lewe in die mens.

Die siel is aards.

Die gees is hemels.

Die siel soek sy eie belang. Dit is ego-sentries.

Die gees soek God se belang. God is die middelpunt.

Die siel is die lewe van die eerste geboorte (vlees verwek vlees).

Die gees is die tweede geboorte, die geboorte van bo (Gees verwek gees).

Die siel is uit die mens gebore.

Die gees is uit God gebore.

Die siel is die lewe van die verganklike liggaam.

Die gees is die lewe van die opstandingsliggaam (wat onverganklik is).

Die siel verbruik lewe.

Die gees gee lewe.

Die siel kom eerste.

Die gees kom daarna.

Die siel moet nog gered word.

Die gees is reeds gered.

Die siel kan sterf, tot niet gaan, verlore gaan.

Die gees is onsterflik, soos God.

Die siel dra die stempel en karakter van die gevalle mens.

Die gees dra die stempel en karakter van God.

Die gees en die siel is dus sekerlik NIE een en dieselfde NIE.

17.4 Wat beteken dit om jou siel te 'verloor'?

Eerstens, net 'n opmerking: Die leser moet kennis neem daarvan dat baie vertalings die Griekse woord 'psyche' as 'lewe' vertaal. Die korrekte vertaling van dié woord is deurgaans 'siel'. Met 'lewe' verstaan ons die konsep van lewendig wees, m.a.w. om asem te haal, te beweeg, ens. So vind ons in die Ou Vertaling van die Afrikaanse Bybel dat die woord 'psyche' soms as 'lewe' en soms as 'siel' vertaal word - vgl. Mat. 16:25 en 26 as voorbeeld. In ander vertalings word die woord 'lewe' feitlik deurgaans gebruik om die woord 'psyche' mee te vertaal. In die oorspronklike Grieks word genoemde woord egter deurgaans gebruik. Dit is belangrik om te weet, want die gedagte om jou fisiese lewe te verloor, ten einde dit te red, maak geen sin nie. Derhalwe word die gedagte dikwels deur Christene geignoreer, terwyl dit een van die belangrikste beginsels is wat Jesus ons gegee het!

Jesus plaas die gedagte 'om die siel te verloor', teenoor die volgende begrippe:

- Om die siel te vind. (Mat. 10:39 en 16:25)
- Om die siel te red. (Mark. 8:35 en Luk. 9:24)

- Om die siel te behou. {Lit.: To 'bring forth alive', or to 'give birth into 'zoe'-type life'} (Luk. 17:33)
- Om die siel vir die ewige lewe te bewaar. (Joh. 12:25)
- Om die siel as 'n beloning in besit te neem. (Heb. 10:39)

Jesus sê ook die volgende: "Deur julle volharding moet julle jul siel in besit kry." (Luk. 21:19) {Lit.: 'Acquire as a personal possession'}

Uit al die bovermelde word dit duidelik dat, indien jy jou siel verloor, jy dit nie in die lewe hierna sal hê nie. Dit sal van jou weggeneem word en nie langer aan jou behoort nie. Jy sal dit nie hê nie, al sou jy ewige lewe hê. Jy sal 'nakend bevind word'.

Ewige lewe is 'n geskenk van God. Om die siel te red is iets wat jy verkry deur jouself daaglik te verloën, ten gunste van Jesus.

17.5 Is die siel onverganklik?

Weereens, in die grootste deel van die Christendom word geglo dat die siel onsterflik is. Dit blyk selfs een van die onaantasbare leerstellings van die 'geloof' te wees. Tog word hierdie aanname nie deur die Skrif gestaaf nie! Die teenoorgestelde is in werklikheid waar:

- Ezeg. 18:4 -- "Die siel wat sondig, dié moet sterwe."
- Jak. 5:19,20 -- "Laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek."

Toegee, die siel sterf nie saam met die liggaam of op die oomblik dat dit die liggaam verlaat nie. Die oomblik wat die siel die liggaam verlaat, is die liggaam dood. Op die oordeelsdag sal die siele egter geoordeel en sommige ook veroordeel word. Menige siel sal verlore gaan of eenkant gewerp word om te vergaan. (Mat. 10:28)

Ons verstaan nog nie die meganisme hieraan verbonde nie, maar ons weet wel dat die 'verlore' siel nie ewige lewe sal verkry nie en sal sterf.

17.6 Is die gees onverganklik?

Die antwoord is 'n duidelike 'Ja'.

Om die waarheid te sê, alle geestelike wesens, insluitende engele en selfs Satan, is onverganklik.

Hulle wat uit God gebore is, dit is in gees, het ewige lewe.

"Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." Toe Jesus hierdie woorde geuiter het, het Hy sekerlik nie na die liggaam of die siel verwys nie. Die rede hiervoor is dat almal oor beide liggaam en siel beskik, of hulle nou in Jesus glo of nie! Nee, Hy het hier verwys na die nuwe lewe in die gees wat Hy self sou verwerf en aan dié gee wat in Hom glo.

Derhalwe, of ons nou ons siele gaan verloor of nie, dit bly waar "dat elkeen wat in Jesus glo, nooit sal sterf nie" omdat die nuwe geesteslewe wat ons van God ontvang, onverganklik is. Dit is so dat baie Christene wat ewige lewe ontvang, omdat hulle wedergebore is, hulle siele sal verloor omdat hulle nalaat om te doen wat Jesus van hulle vereis (daarmee verbeur hulle ook 'n erfenis in die Koninkryk van God): Hulle verloor nie hulle siele ter wille van Hom en die evangelie nie; hulle verloën hulleself nie daaglik om Jesus te volg waar Hy ookal mag lei nie.

Nota: Daar is ook 'n ander kant aan onsterflikheid: As die gees sou sondig is geen verlossing moontlik nie. Juis om hierdie rede sal Satan en sy engele vir ewig in die See van Vuur gewerp word. Hierdie saak is so ernstig dat Paulus in 1 Kor. 5 iemand aan Satan oorgelewer het tot verderf van die vlees, sodat sy gees gered kan word in die

dag van die Here Jesus! Ons weet ook dat God doelbewus vir Adam en Eva weggehou het van die Boom van Lewe nadat hulle in sonde geval het. Sou hulle in daardie sondige staat ewige lewe ontvang het, sou geen verlossing ooit vir hulle moontlik gewees het nie. Jesus het gekom om vir ons in God nuwe lewe, en dit sonder sonde, te gee. "Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, want hy is uit God gebore." Die sondige vlees, daarenteen, moet en sal sterf, om ons vir ewig van sonde vry te stel!

17.7	Wat is die gevolge indien die siel verlore gaan?
------	--

Wat presies met jou siel gaan gebeur as dit sou verlore gaan, is tans nie aan ons bekend nie. Miskien word dit net op 'n geestelike ashoop gegooi; dit mag vergaan en net wegraak; of wat ookal. Maar ons weet jy sal dit vir ewig verloor, en daarmee saam veel, veel meer.

Jesus sê: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in Gehenna." Dit dui op die erns daarvan as die siel verloor word.

In Rom. 8:17 lees ons ons is "erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word." Jesus se lyding bestaan daaruit dat Hy Homself en Sy eiebelang prysgegee het ter wille van Vader God se wil en ter wille van die mensdom. Indien ek dus nie dieselfde doen nie, beteken dit dat ek nie saam met Jesus ly nie en ook nie 'n mede-erfgenaam sal wees saam met Hom nie.

Die eerste gevolg van 'n verlore siel is dus dat hy NIE 'n mede-erfgenaam met Christus sal wees nie. Hy sal sy erfenis verloor!

In Op. 21:7 lees ons: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."

Die tweede gevolg van 'n verlore siel is dat daardie persoon NIE 'n oorwinnaar sal wees nie. Gevolglik sal die volgende seëninge verlore gaan:

- Die ontvangs van Kindskap.
- Om die Koninkryk van God te beërf.
- Om saam met Christus te regeer.
- Om as Bruid van Christus aanvaar te word.
- Om toegang te kry tot die Boom van Lewe, of tot die Nuwe Jerusalem.
- Om die Naam van God en van Christus te ontvang.

Die derde gevolg van die verlore siel is dat jy ook jou opstandingsliggaam sal verloor. Die vereiste is om jou siel in hierdie lewe te verloor ten einde dit te red vir die lewe wat kom en so waardig geag te word om die Opstanding vanuit die dode te kan bereik; dit is die Eerste Opstanding. (Fil. 3:7-11). Sou jy nie deel hê aan die Eerste Opstanding nie, sal jy ook nie 'n opstandingsliggaam ontvang nie. Jy sal dus vir ewig 'n geesteswese bly en sal dus nie onberispelik - gees, siel en liggaam - bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus nie. Jy sal nakend bevind word. Dit is asof die siel 'beklee' word deur die liggaam en die gees 'beklee' word deur die siel. Sonder die siel sal die gees 'nakend' wees; sonder die siel sal daar geen liggaam wees nie; indien die siel nie gered is vir die lewe hierna nie, sal daar nie 'n opstandingsliggaam wees nie.

Die gevolg daarvan om die siel te verloor, is so ernstig van aard dat ons kan verstaan waarom diesulkes met geweene en geknere van die tande reageer.

17.8	Wat is die vereistes vir die siel om gered te word?
------	---

Jesus beklemtoon by herhaling:

- "Wie sy siel vind sal dit verloor; en wie sy siel verloor om My ontwil, sal dit vind."

- "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?"
- "Want elkeen wat sy siel wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy siel om My ontwil verloor, sal dit red."
- "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."

En Paulus stel dit so:

- "Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja, waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word."
- Ons lewe moet een van selfverloëning wees waar NIE ek nie, maar Christus eerste en allesoorheersend in my gedagtes en optrede is.
- Ons moet só leef dat NIE hierdie wêreld nie, maar die een wat kom, vir my belangrik is.
- Ons moet so leef dat ek die beheer oor my eie lewe oorgee ten gunste van Jesus, sodat Hy volle beheer kan hê oor my lewe.
- Ons moet so leef dat Jesus en wat Hy van my wil maak in die huidige lewe, sowel as die lewe wat kom, belangriker is as wie en wat ek dink ek is of kan wees.
- Ons moet so leef dat my gerief, sukses en reputasie vir my nie waarde sal hê nie, maar dat die Here Jesus vir my alles sal wees.

Jesus sê: "Want EK het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." Dit moet ook die riglyn vir ons lewens wees. Op die manier sal ons die siel hier verloor, maar dit in die ewige lewe behou.

17.9 Hoe belangrik is dit dat die siel gered moet word?

Ons meen dat hierdie vraag reeds in die voorafgaande paragrawe beantwoord is. Maar, om die saak in perspektief te plaas, kan ons luister na wat Petrus te sê het oor die redding van die siel. Hy sê: ". . . en (julle) die einddoel van julle geloof, die saligheid (redding) van julle siele kan verkry." Dit beteken dat die groot prys vir die wedloop wat ons hardloop, 'n wedloop van geloof, die redding van die siel is.

Paulus stel dit weer so: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is."

Geliefdes, die redding van ons siele lê aan die hart van die wedloop waarin ons is en aan die hart van God se wil en doel vir ons op aarde! Jesus stel dit as belangriker as dat 'n mens die hele wêreld as wins sou verkry!

Iemand het tereg opgemerk dat God meer belangstel in ons karakter as in ons gerief. Hy stel meer daarin belang om ons na ewige oorwinning te lei as om ons met aardse sukses en rykdom te bederf. (Natuurlik sal Hy ons nie in die steek laat nie en niks sal ons ooit skei van God se liefde in Christus Jesus nie.) Ons moet die fokus van ons lewe en ons harte rig op dit wat waarlik van belang is en nie my eie wil en begeertes soek nie, maar inderdaad dié van die Here.

17.10 Opsomming

- Daar is Christene wat oorwinnaars IS, en daar is Christene wat NIE oorwinnaars is nie.
- Daar is Christene wat die wil van God doen; en daar is dié wat nie die wil van God doen nie.
- Daar is Christene wat die Koninkryk van God beërf; en daar is dié wat die Koninkryk van God nie beërf nie.
- Daar is Christene wat waardig geag word om deel te hê aan die opstanding uit die dode; en dié wat NIE waardig geag word nie.
- Daar is Christene wat die wedloop met volharding hardloop; en daar is dié wat dit nie doen nie.
- Daar is Christene wat 'n beloning sal ontvang; en dié wat as ontroue diensknegte weggestuur sal word.

- Daar is Christene wat die Koningskap van God sal binnegaan; dan is daar dié wat dit sal kan sien, maar dit nie sal kan binnegaan nie.
- Daar is Christene wat hulle siel sal red; en dié wat dit sal verloor.

18 Vlug uit Babilon!

"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou." Op. 18:4,5

"Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregthede nie; want dit is die tyd van wraak vir die Here: Hy gee hom sy verdiende loon. Babel was in die hand van die Here 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword." Jer. 51:6,7

18.1 Wat of wie is Babilon?

Babilon van ouds was 'n fisiese koninkryk waarheen Israel weggevoer is en in gevangenskap gehou is.

Profeties mag Babilon moontlik 'n toekomstige fisiese koninkryk of stad wees. Aangesien ons weet dat ons naby die einde van die huidige profetiese kalender is, moet ons kyk of daar êrens 'n land of stad op aarde is wat aan dié moontlikheid voldoen. Wanneer ons dit doen, moet ons erken dat daar nêrens 'n land of koninkryk (behalwe miskien die VSA) is wat naastenby aan die vereistes voldoen nie. Wat stede betref, kom New York naby daaraan om aan sekere vereistes van die profesieë te voldoen. Dit lyk selfs moontlik dat New York, dalk in die nabye toekoms, deur 'n kernaaval van 'n aard vernietig kan word. Dit sal maak dat skepe sal wegbly wanneer hulle die rook van haar vernietiging sien.

Wanneer ons egter in die Skrif kyk na die profetiese uitbeelding van Babilon in die eindtyd, moet ons die afleiding maak dat dit verwys na iets baie meer en groter as, byvoorbeeld, die stad New York. Daar word verwys na 'n soort koninkryk of stelsel wat die NASIES gevange hou en met wie die konings van die aarde hoereer. Dit is 'n wêreldwye stelsel! Dit is nie om dowe neutte dat dit die Groot Babilon genoem word nie!

Die eenvoudige antwoord is dat **GROOT BABILON IS DIE ALGEHELE GODSDIENSSTELSEL OP AARDE!** Ons sal hierdie gevolgtrekking in die volgende paragrawe verduidelik.

Dit is nie om dowe neutte dat die boek Openbaring juis daardie naam moes kry nie. Dit openbaar baie dinge wat andersins verborge sou bly. Een hiervan is die betekenis van die geestelike Babilon.

In Op. 17 word sy as 'n hoer uitgebeeld, om die waarheid te sê, as die moeder van die hoere. Sy is die groot hoer wat op baie waters sit en sy het in haar hand 'n goue beker vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery. Hierdie hoerery en ontug kan **NET GEESTELIK** van aard wees. Aangesien die ware Kerk slegs as 'n rein maagd vir Christus aangebied kan word, is die Hoer duidelik die teenpool van die Bruid van Christus.

- Babilon is ryk, bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels.
- Deur die eeue was sy verantwoordelik vir die dood van baie heiliges (bv. gedurende die Inkwisisie in die Middel-eeue).
- Sy verkoop haar dienste vir geld.
- Sy maak dat mense hulle eerder met haar vereenselwig as met Christus.
- Sy is slegs aan haarself en haar eie vooruitgang getrou.
- Sy hoereer met die konings van die aarde. Dit beteken dat sy in bondgenootskap is met die politieke stelsel en regerings op aarde. Hierdie hoerery bestaan uit leuens en bedrog en word gepleeg vir die onderlinge bevordering van beide partye se belange.

- God sal maak dat sy, onder die Nuwe Wêreld Orde Regering, verlate, naak en deur vuur verteer sal word.

In Op. 14 is die 144 000 oorwinnaars wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein. Die besoedeling hier dui op omgang met Babilon, die Hoer. Daarom geliefdes, indien jy vasgevang is in die net van Babilon die Hoer, sal jy nie by die Oorwinnaars getel word nie. Jy sal nie ontsnap van dit wat voorlê en om voor die Seun van die Mens te verskyn nie. Daarom die vermaning: Vlugh uit Babilon!

18.2 Hoe moet ek uit Babilon vlugh?

- Eerstens moet ons maagdelik rein vir Christus wees.
- Ons moet nie wegbeweeg van ons opregte toewyding en trou aan Christus nie.
- Ons moet nie afdwaal en ons eie vooruitgang en/of plesier soek in plaas daarvan om Christus te soek en rein te bly vir Hom nie.
- Ons behoort nie aan een of ander denominasie te behoort, net omdat dit die sosiaal aanvaarbare ding is om te doen nie.
- Ons behoort nie vir persoonlike gewin aan 'n godsdienstige stelsel deel te neem nie.
- Indien die 'kerk' waaraan ek behoort betaling eis vir dienste gelewer, moet ek padgee! Sy is 'n hoer.
- Ons moet NIE deel hê aan praktyke en leringe wat bots met die leer van Christus en Sy woord nie, maar desnieteenstaande aangebied word as tradisionele kerklike leerstellings.
- In die tyd waarin ons leef, moet ons die Here ernstig vra of ons amptelik lid moet bly van enige kerkorganisasie. Laat die Here Jesus Christus jou hierin lei. Ons sal hieroor NIE enige wet of opdrag neerlê nie. Babilon is geestelik en nie fisies van aard nie. Dit is in die hart eerder as in die liggaam; maar waar jou liggaam is, sal 'n aanduiding wees van waar jou hart is.

18.3 Watter Babiloniese gebruike is daar in vandag se kerke?

Dit is nie sonder goeie rede dat die Here die naam Babilon aan hierdie eindtyd-misleiding gee nie. So twee- tot driehonderd jaar na Christus het daar 'n 'huwelik' of vermenging tussen die sg. Babiloniese Misterie Godsdiens en die Christendom plaasgevind. Dit het veral sy beslag gekry toe Konstantyn die Christendom tot die amptelike godsdiens van Rome verklaar het. Wat hier gebeur het, is dat vele van die Babiloniese gebruike, simbole en gewoontes óf direk, óf in vermomde vorm in die Kerk ingesluip het.

Die paragrawe wat hierop volg sal sommige daarvan uitwys.

Die leser word ernstig gemaan om uit Babilon te vlugh en om hom/haar nie te besmet met die Hoer nie.

Die groot probleem met hierdie gebruike is dat dit so 'n integrale deel van die erkende kerkstelsel geword het, dat dit soos godslastering klink om dit selfs net te bevraagteken! Maar ons moet!

- Toe Hy oor die eindtye gevra is, was Jesus se eerste woorde 'n waarskuwing: "Pas op dat niemand julle mislei nie."
- Op 'n ander plek sê Hy: "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou." (Mark. 7:9)
- In Jer. 9:13-16 lees ons: "En die Here het gesê: Omdat hulle My wet wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en na My stem nie geluister en daarin nie gewandel het nie, maar gewandel het agter die gehardheid van hulle hart en agter die Baäls aan, waaraan hulle vaders hulle gewoon gemaak het, daarom stuur Ek die swaard agter hulle aan totdat Ek hulle verteer het." (Baäl dui hier op Babiloniese aanbidding.)
- In 1 Tim. 4:1,2 lees ons: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van dwiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete."

- En in 2 Tim. 4:3 word verklaar: "Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie."

Geliefdes, ons MOET hierdie waarskuwings ernstig bejeën! Moet asseblief nie enigiets wat van jou gevestigde geloofstelsel verskil, sommer net verwerp nie. Wees nederig en vra God om die waarheid vir jou oop te maak. Bestudeer die Skrif en moet niks aanvaar wat nie duidelik in die Skrif bevestig word nie.

18.3.1 Kinderbesprinkeling

Hierdie onderwerp is reeds in Hoofstuk 6 hanteer.

Ten slotte moet opgemerk word dat daar in die Skrif nie 'n enkele voorbeeld of enige bevestiging is wat daarop dui dat die kinderbesprinkeling as plaasvervanger vir die doop van die gelowige kan dien nie. Tog vind ons dat die grootste deel van vandag se Christendom die gebruik van kinderbesprinkeling toepas. Mag die leser, deur die genade van God, 'n idee kry van hoe ver die verrotting, a.g.v. Babiloniese gebruike, reeds die kerk binnegedring het!

Nota: Die oorsprong van kinderbesprinkeling kan duidelik teruggevoer word na die Babiloniese afgodery. Dit is egter nie die doel van hierdie boek of die roeping van die skrywer om die leuen te ontleed of te bestudeer nie, maar om eerder die waarheid te stel, soos van God ontvang. Lesers wat meer hieroor wil weet kan daarvoor lees in "The Two Babylons" deur Rev. Alexander Hislop.

Nog 'n opmerking: Dit is 'n goeie ding vir die ouers van 'n jong kind om die kind aan God toe te wy. Maar dit is nie goed om die kind met 'n Babiloniese gebruik te besmet nie. Maria het Jesus 'n geruime tyd na Sy besnydenis na die tempel gebring om Hom aan God toe te wy. (Luk. 2:22,23) Dit is wat gelowige ouers behoort te doen indien hulle wil. God sal jou nie verplig om dit te doen nie, of jou kwalik neem as jy dit nie doen nie. Hy ken ons harte en ons kan Hom nie mislei nie.

18.3.2 Kerktorings

Vir sommige lesers mag dit as 'n skok kom, maar kerktorings het GEEN grond in die Skrif nie. Nêrens is daar selfs die geringste aanduiding van 'n toring in óf die Tabernakel, óf die Tempel nie. In die kerkgeskiedenis, soos deur die Gees vir ons in die Skrif uiteengesit, is daar nêrens eers 'n gebou wat opgerig is vir die doel van Christelike samekomste nie, wat nog van torings. Die Christene het óf in privaat wonings, óf in bestaande geboue byeengekóm.

So, wat is die oorsprong en die doel van kerktorings?

Ten grondslag van Babiloniese aanbidding is die aanbidding van die Songod en die sg. 'Skare van die Hemel' (Host of Heaven). Seksuele losbandigheid en groot klem op die seksualiteit van die mens was (en is steeds) 'n belangrike deel van dié aanbiddingstelsel en die aanbiddingsaktiwiteite. (Dit het daartoe bygedra om dit onder die massas gewild te maak.) Tempelprostitute (manlik én vroulik) was algemeen in die Babiloniese plekke van aanbidding, soos bv. die Baäl-tempels waarvan ons in die Bybel lees. Baäl, as voorbeeld, was ook die god van vrugbaarheid en was veronderstel om goeie oeste en die goeie aanteel van vee te verseker. (Dit verduidelik waarom God droogtes gestuur en oeste vernietig het elke keer as Israel hulle vertrou in Baäl gestel het.)

Een van die belangrikste simbole in die Babiloniese godsdienstelsel was (en is steeds) die falliese simbool van die manlike seksorgaan wat aangebied word in die vorm van 'n gedenknaald, of paal, of toring, of 'n obelisk. Daar moet op gewys word dat, waar torings/gedenknaalde/obeliske/totempale, ens. geheel afwesig is by die ware aanbidding van God, wemel die heidense aanbidding hiervan. In die Bybel lees ons oor en oor van klippilare wat verbind word met Baäl-aanbidding. (1 Kon. 14:23,24; Deut. 12:2-5; Lev. 26:1; ens.)

"Ook mag jy vir jou geen klippilaar, wat die Here jou God haat, oprig nie." (Deut. 16:22)

Dit is ongelukkig die oorsprong en betekenis van elke kerktoring, groot of klein. Dit is 'n heidense, falliese simbool ter ere van die songod.

{'n Tyd gelede het die eggenote van 'n dominee in Suid-Afrika 'n openbaring van die Here gekry wat kerktorings afkeur. Sy het dit in haar eie gemeente bekend gemaak. Die landswye reaksie was heftig. Het ons in 'n ander tyd geleef sou sy seker gestenig, of fisies gekruisig gewees het. En dit deur die lede van haar eie denominasie en nie heidene nie! Waarom??}

Nota: Die teenwoordigheid van massiewe gedenknaalde, by die magsentra van beide die VSA en die Rooms-Katolieke Kerk, byvoorbeeld, laat 'n mens dink.

18.3.3 Nikolaïetisme

In Op. 2:6 en weer in Op. 2:15 sê die Here baie duidelik dat Hy die werke en die leer van die Nikolaïete HAAT. Dit is ernstig. Ons moet dus verstaan wat hierdie leer is.

Die sleutel om dit te verstaan, lê opgesluit in die betekenis van die Griekse woord vir Nikolaïetisme. Dit bestaan uit die samevoeging van twee woorde, *nikao* en *laos*. Die betekenis van eg. is 'om te oorwin' of 'om te heers'. Die betekenis van die tweede woord is die 'massas of gewone mense'. Saamgevat, beteken Nikolaïetisme dus 'om oorwinning oor die lekedom uit te oefen' of 'oorheersing van die gewone lidmate deur die geestelike leiers (ampsdraers)'.

Geliefdes, die benadering dat ampsdraers die meerderes van die gewone lidmate is en dat hulle die enigstes is wat die geheimenisse ken en verstaan en die Skrif kan uitleê omdat hulle die ingewydes sou wees, terwyl die leke nie ingewy is en dus 'niks' sou verstaan nie, is NIE van die Here nie. Die Here haat dit!

Gedurende die Middeleeue is hierdie leer tot die uiterste gevoer; soveel so dat die lekedom nie eers toegelaat is om Bybels te besit nie. Die eerste Christene wat dit op hulle geneem het om die Bybel te vertaal vir gebruik deur die gewone mense, het op die brandstapel beland! Selfs die klere van sommige ampsdraers is ontwerp om hulle bo die gewone mense te stel. In baie denominasies word slegs ampsdraers op die kansel toegelaat! Dit word as heiligskennis beskou as 'n gewone mens op die kansel sou klim om iets te sê. Slegs hierdie sogenaamde geestelikes mag preek of boodskappe bring. Enige vrae oor Skrifuitleg mag alleenlik deur hulle hanteer word. Op hierdie wyse word misleiding behou en bevestig. Die leuen word gevestig en perpetueer op 'n eenvoudige wyse: Nuwe ampsdraers word naamlik opgelei deur bestaandes by wie die leuen reeds ingeprent is. Omdat die leier se woord as wet aanvaar moet word (Nikolaïetisme) word dit deur die nuweling aanvaar, en so leef dit voort.

Die Here Self sal op Sy regte tyd met die Nikolaïete afreken en hulle straf. Geliefde, sorg net dat jy nie een van hulle is wanneer Hy weer kom nie.

18.3.4 Geldmaak onder die dekmantel van godsdiens

Die Hoer wil betaal wees vir haar dienste!

En haar sukses word gemeet aan die hoeveelheid geld wat sy maak en hoeveel kliënte sy kan versamel! (Dit sal belangrike syfers in die jaarverslag wees.)

Die Bruid, aan die ander kant, gee haarself in liefde aan die Bruidegom, sonder voorbehoud, met vreugde en dankbaarheid! Sy vra geen vergoeding nie en sal haar sukses aan niks anders meet as die kwaliteit van haar verhouding met haar Geliefde nie. En haar Bruidegom sal haar behoeftes bevredig met al die wysheid en vermoëns tot Sy beskikking. Sy lewer nooit 'n diens met die gedagte dat sy in ruil daarvoor deur haar Eggenoot vergoed en versorg moet word nie. Hy sal dit in elk geval doen omdat Hy haar liefhet!

Enige geldmaakskema of -projek, insluitende weeklikse kollektes en maandelikse insamelings by die huise van lede, dra die teken van die Hoer.

Die enkele keer toe Jesus, terwyl Hy op aarde was, regtig kwaad geword het, was oor die geldmakery in die tempel.

18.3.5 Kersfees

God het aan Israel een weeklikse en agt jaarlikse feeste gegee om te onderhou. Hulle is:

- Die weeklikse Sabbat.
 - (Dit wys terug op die Skepping, sowel as vooruit op die Verlossing en die Millennium.)
- Die Pasga
 - (Vervul toe Christus, ons Paaslam, gesterf het.)
- Die Fees van Ongesuurde Brood
 - (Dit dui op die Christen se wandel in heiligheid.)
- Die Fees van die Eersteling Gerf
 - (Vervul met Jesus se opstanding.)
- Die Oesfees (Pinkster)
 - (Vervul met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag.)
- Die Trompetfees
 - (Sal vervul word met die Wederkoms van Christus.)
- Die Groot Versoendag
 - (Oordeel en verlossing; sal vervul word onmiddellik na die Wederkoms van Christus; die Regterstoel van Christus en Satan word in die Afgrond gewerp.)
- Die Loofhuttefees
 - (Sal vervul word by die aanbreek van die Millennium.)
- Die Laaste Groot Dag
 - (Sal vervul word by die koms van die ewige Nuwe Hemele en Nuwe Aarde.)

Vandag hou die kerk nie een van hierdie feeste nie, maar hou wel die feeste van Kersfees en Paasfees (Easter) (wat nêrens in die Skrif gestaaf word nie) saam met die wêreld. Waarom?

Maar laat ons eers nog 'n paar vrae vra:

- Waarom vier ons Jesus se verjaarsdag as Hy nooit vir ons so 'n opdrag gegee het nie? Hy het ons opdrag gegee om Sy dood te gedenk.
- Die enigste twee verjaarsdae wat in die Skrif genoem word, is die van die Egiptiese Farao en van koning Herodes (wat vir Johannes die Doper onthoof het). Waarom dan kies die kerk om 'n verjaardagfees vir Jesus te hê?
- Waarom word Sy verjaarsdag in die middel van die Noordelike halfrond se winter gevier, terwyl ons weet dat Sy werklike geboorte plaasgevind het terwyl die skaapwagters, in die nag, buite in die veld was met hulle skape? Dit sou nooit in die middel van die winter gebeur het nie.
- Waarom val Kersfees saam met die geboortedatum van die Babiloniese songod?
- Wat is die betekenis van die Kersboom met sy versiersels, en Kersvader, ens.?
- Waarom neem die hele wêreld so eendragtig deel aan Kersfees? Dit word gevier deur nie-Christene, ja, selfs ook ateïste en ongelowige Jode.
- En nog vele moontlike vrae met ewe verontrustende antwoorde . . .

Weereens, dit is nie die doel van hierdie boek om die leuen te analiseer nie, maar om eerder die waarheid aan te bied.

Die waarheid in hierdie geval is dat die geboorte van Christus as 'n vermomming gebruik word om die dood en reïnkarnasie van die Babiloniese songod te vier en so hierdie fees aan die lewe te hou. (Dit beteken: Kersfees vier eintlik die geboorte van die gereïnkarneerde songod en nie van Jesus nie!! Die fees gaan gepaard met dronkenskap, uitspattigheid en kommersialisme. Die 'Yule logs' wat op die vuur gegooi word om deur die nag te brand, die Kersboom die volgende oggend, dit alles dui op die dood en reïnkarnasie van die songod; derhalwe ook die geskenke. (Nota: In SA word hierdie gebruik nie altyd so noukeurig gevolg nie.) Die Kersboom is egter 'n simbool van die gereïnkarneerde songod. Die klokkes, Kersvader, die mispel en steekpalm ('holly'), ens. hou alles verband met die Babiloniese Misterie Godsdiens. Kersfees is 'n Babiloniese fees en moet nie deur Christene gevier word nie!

Geliefdes, God se seën rus NIE op die viering van Kersfees nie. Dit is die tyd van die jaar wanneer die meeste selfmoorde, moorde, dronkenskap, verkragtings, motor-ongelukke, ens. voorkom. Die hele gees van dronkenskap,

uitspattigheid en kommersialisme is vreemd aan onse Here! (X-mas sou 'n meer paslike naam wees vir hierdie fees.) Die goeie aspekte daaraan verbonde, soos bv. die familiesaamtrekke, mag dalk net die aas wees wat jou die hoek sal laat sluk, wat sal maak dat jy deel word van hierdie heidense fees. Sal Jesus dit goedkeur?

18.3.6 Paasfees/Easter

Die Engelse naam 'Easter' kom van die naam van die godin Ishtar, na wie 'n Babiloniese fees vernoem is om haar te eer. Sy was die godin van liefde en oorlog in Babilon. Haar Romeise eweknie was Venus en haar Griekse eweknie Diana. Oorlewering het dit dat sy in 'n groot eier aarde toe gekom het. Die eier is nou hol omdat sy nie meer daarin is nie. Verder is sy die moeder van die songod (so word sy genoem 'moeder van god') en ook die 'koningin van die hemel'. Die songod is gebore op 25 Desember; dus het bevrugting op 25 Maart plaasgevind. Die Ishtar-feesnaweek word altyd gehou op die naweek die naaste aan 25 Maart. Die simbole by die fees verteenwoordig Ishtar, bv. die paaseier (Easter egg); of verteenwoordig vrugbaarheid, soos die paashaas (Easter bunny).

Die Joodse Pasga wat gekoppel is met Jesus se kruisiging en opstanding is gebruik as vermomming om hierdie heidense fees as die sogenaamde 'paasfees' (easter) in te bring. Niks is egter aan die simbole wat gebruik is, verander nie en ook nie die karakter van die fees nie. Waarom, bv. die Maandag vakansiedag? Waarom die Vrydag, wanneer Jesus inderwaarheid op 'n Woensdag gekruisig is? (Verwys na Hoofstuk 18.3.10) Waarom altyd van Vrydag tot Maandag en nie op die Pasga soos nou nog deur die Jode gevier nie?

Geliefde Christen, jy moet hierdie vrae vir jouself vra. Laat die Heilige Gees jou leer en lei en vlug uit Babilon voordat dit te laat is. Die tyd raak kort!

18.3.7 Maria-aanbidding

Waar kom hierdie eienaardige verskynsel vandaan: dat 'n blote vrou, lank reeds dood, vereer en aanbid sou word op 'n wyse wat, in sommige kringe, selfs die aanbidding wat die Opgestane Here Jesus toekom, oorskry?

Die antwoord hierop en die oorsprong daarvan word gevind in die Babiloniese 'Maria'. Hierdie 'Maria' wat so aanbid word, is inderwaarheid nie die ware moeder van Jesus nie. Sy is die 'koningin van die hemel' of die sg. 'moeder-van-god' waarmee ons in die vorige paragraaf reeds kennis gemaak het. (Interessantheidshalwe - net onlangs is Maria amptelik deur die Rooms-Katolieke Kerk verklaar as 'Koningin van die Hemel'.) In die Babiloniese godsdiens is sy 'n hoër godheid as haar seun, die songod.

Die welbekende Madonna-en-kind uitbeelding het sy ware oorsprong en betekenis in die 'koningin van die hemel' en haar gereïnkarneerde songod-baba. Die oorspronklike paar na die val van die Toring van Babel, by aanvang van die Babiloniese afgodery, was Semiramis en Tammuz. Oor die jare en in verskillende kulture het die name ook verskil. (Een van die eienskappe van Babel is chaos en verwarring - of 'misterie', soos hulle dit graag noem.) In Egipte byvoorbeeld, is hulle name Siris en Osiris. In Israel was dit Astarte en Baäl. En soos vroeër gemeld, in Griekeland is die 'koningin van die hemel' Diana genoem, en in Rome was sy Venus.

Skrifverwysings na hierdie heidense afgodsaanbidding kan gevind word in Hand. 19:24-35; Jer. 7:18; Jer. 44:17-25; Hand. 7:42; 2 Kon. 17:16; 2 Kon. 21:1-7; 2 Kon. 23:4,5; met vele ander verwysings na Baäl, Astarte, hoogtes, ens.

Op die punt waar die Misterie godsdiens van Babilon en die Kerk, soos vroeër genoem, bymekaar gekom het, is die 'koningin van die hemel' behou as 'n godheid om aanbid te word. Dit is gedoen deur haar te verbloem as Maria, die moeder van Jesus. Sy is en bly egter die 'koningin van die hemel' en om haar te aanbid ontlok God se toorn!

Weereens, geliefde Christen, pleit ons by jou om uit Babilon te vlug voor dit te laat is.

18.3.8 Die teken van die kruis

Vir die meeste Christene is die teken en simbool van die kruis heilig en goed. Die probleem is egter dat die Here ons NIE leer om hierdie simbool as heilig te eer nie. In die vroeë kerk (voor dit deur Babilon besoedel is) is dit nooit gebruik nie. In die Bybel het verwysings na die kruis te make met die wyse waarop die Here gesterf het en met die simboliek dat ons ook onself moet verloën, moet 'sterf aan onself' en Hom moet volg. Nooit word die kruis voorgestel as 'n simbool wat gebruik, gedra of vertoon moet word nie.

Laat ons 'n paar vrae hieroor vra:

- Die Griekse woord 'stauros' verwys glad nie na 'n kruis nie en derhalwe vra 'n mens waar die woord 'kruis' dan vandaan kom?
- Waarom sou die Romeine moeite doen om 'n kruis te maak indien hulle doel was om 'n man aan 'n houtpaal vas te spyker en te laat sterf?
- Waarom het die simbool of voorstelling van Jesus aan die kruis soveel prominensie in sekere kringe, wanneer Hy in heerlijkheid OPGESTAAN het en aan die regterhand van God sit en met heerlijkheid bekleed is in die hoogste hemele?
- Waarom, in die lig van die voorafgaande, vind ons Jesus óf aan 'n kruis gespyker (in magtelose vernedering), óf as 'n baba in 'n krip (ook in magtelose vernedering): en dit terwyl Hy inderdaad die opgestane Koning van die konings is?
- Diegene met 'n aanvoeling vir die meganiese sal besef dat, om 'n kruis te maak met 'n dwarshout wat 'n man se gewig kan dra, een of ander vorm van dwarsstut sal vereis. Daarsonder sal die dwarshout óf breek, óf skeeftrek. Waarom sien ons dan nooit 'n simbool of beeld van só 'n werkbare kruis nie? Verder, waarom sou die Romeise soldate so 'n ingewikkelde struktuur maak as 'n eenvoudige houtpaal dieselfde doel sou dien?
- Nog meer. Diegene met 'n aanvoeling vir die meganiese, sal weet dat die uitgestrekte posisie van die arms ondraaglike stremming op die handpalms en gewigte van die gekruisigde sal plaas. Die spykers sal beslis uitskeur! Met die hande direk bo die kop vasgespyker, verminder die stremming op die handpalms en gewigte dramaties en die spykers sal nie uitskeur nie. Die punt is dus dat, vir doeleindes van 'n kruisiging, werk die dwarshout-metode nie. Daarenteen sal 'n eenvoudige paal, met die hande bo die kop en die voete na onder vasgespyker, wel werk. Waarom sou die Romeine dan enigsins 'n onwerkbare struktuur gebruik het?

Geliefdes, die Griekse woord 'stauros', wat op een of ander manier as 'kruis' vertaal is, dui inderdaad op 'n paal of folterpaal. Dit is baie duidelik. Die Latyse woord 'stauro' en die Engelse woord 'staff' is hieraan verwant. Die korrekte beskrywing sou dus wees "'n regopstaande folterpaal'. Dit stem ooreen met die uitdrukking wat dikwels in Engese vertalings van die Skrif gebruik word, te wél "Jesus was hanged on a tree".

Waar kom die woord 'kruis' en die voorstelling van die dwarshout-kruisstruktuur vandaan?

Die antwoord is dat dit sy oorsprong het in die antieke Babilon waar dit gebruik is as 'n simbool vir die god Tammuz (reeds na verwys in 'n vorige paragraaf, synde die oorspronklike gereïnkarneerde songod). Die simbool van die kruis het ooreengestem met die mistieke Tau, die voorletter van sy naam. Teen die middel van die derde eeu NC het die kerk óf afgewyk van, óf 'n bespotting gemaak van sekere leringe van die Christelike geloof. Ten einde die aansien van die afvallige geestelike stelsel te verhoog, is heidene onvoorwaardelik in die kerk opgeneem en toegelaat om hulle heidense tekens en simbole te behou. Vandaar is die rou heidense simbool nl. die Tau, of T, met die verlaagde dwarsstuk, in die kerk ingebring onder dekmantel dat dit die 'kruis' van Christus voorstel.

Weereens Babilon vermom as die Christendom!

Geliefdes, as julle die Here Jesus Christus liefhet en weet wat julle nou weet, mag ek in liefde vermaan dat julle:

- Nie die teken van die songod aan julle sal dra nie,
- Of op enigiets wat aan julle behoort nie,
- Dit nie sal verkoop of daarmee sal handel dryf nie,
- Nie daarvoor sal neerbuig of dit eer sal gee nie,
- Nie die teken van die kruis moet maak nie.

Hierdie dinge hoort by Babilon die Hoer, en nie by die Bruid van Christus nie.

18.3.9 Heiliging van die Sondag

Hierdie is ook 'n hoogs omstrede onderwerp, en sou gerieflikheidshalwe eerder met rus gelaat kon wees, maar Paulus sê tereg "die dwang is my opgelê . . ."

Ten eerste: Oor baie jare eer baie Christene die Sondag as 'die dag van die Here', met harte gevul van liefde en toewyding aan die Here Jesus. Hulle doen dit uit liefde vir Hom, al is dit uit onkunde. En die Here weet dit en Hy verstaan dit en ons is seker Hy respekteer dit.

Die oorsprong en wese van die heiliging van Sondag is egter nie in die Skrif te vind nie. Inteendeel, dit word gevind waar Babilon die Kerk binnedring. Die Sondag is presies wat die woord sê: Die heilige dag van die songod, die hoofgod van Babilon. Dit is die dag wat deur die Hoer heilig verklaar is.

Dit is nie moeilik om uit die geskiedenis vas te stel hoe Konstantyn, in samewerking met die kerk van sy tyd, verklaar het dat Sondag, as 'Opstandingsdag', as 'n 'heilige dag' en as 'n Sabbat gehou moes word nie. (Neem kennis dat die Sondag vir alle tye deur die songod-aanbidders as heilig beskou is.) Kort hierna is 'n amptelike verbod geplaas op die hou van die ware Sabbat, die sewende dag. Op een stadium was die hou van die Sabbat strafbaar met die dood. Soos die jare verbygegaan het, het die Sondag die Sabbat heeltemal vervang as dié 'heilige' dag van die week. Die Hoer spog selfs in amptelike dokumente dat haar mag en invloed van so 'n aard is dat sy selfs een van God se gebooie kon verander!

Van die begin af het God die sewende dag geheilig. Later het Hy die heiliging van die Sabbat as 'n integrale deel van die Verbond, wat Hy by Sinai met hulle gesluit het, vir Israel gegee om te onderhou. Nêrens in die Skrif het Hy ooit dié opdrag gewysig nie. (Ons moet sekerlik saamstem dat SLEGS Hy wat die Sabbat ingestel het, oor die outoriteit beskik om daaraan te verander.) Die argument dat God 'van gedagte verander het' omdat Jesus op die eerste dag van die week sou opgestaan het en die Heilige Gees op die eerste dag van die week uitgestort is, dra absoluut geen gewig nie. Kyk ons na die Feesdae van God (bv. in Lev. 23), sal die ernstige leser daarvan kennis neem dat beide die opstanding van Jesus (Fees van die Eerstelinggerf) en die Pinksterfees van die begin af bepaal is om plaas te vind op 'die dag na die Sabbat'. So, God is op geen manier onverhoeds betrap wat miskien sou kon meebring dat Hy Sy bevale en beloftes rakende die Sabbat sou moes verander ten einde dit op 'die dag na die Sabbat', te laat plaasvind nie.

'n Laaste gedagte: Dit is aan Israel gegee om die Sabbat 'van aand tot aand' te hou. (Dit is van sonsondergang tot sonsondergang. Lev 23:32). Let ook daarop dat Jesus se dissipels moeite gedoen het om Sy liggaam voor sonsondergang in die graf te kry. (Dit was omdat die volgende dag ook 'n Sabbat was - nl. 'n spesiale Sabbat as eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode.) Die Hoer se tyd egter, is van middernag tot middernag.

Nee geliefdes, om te verklaar dat die Eerste dag van die week heilig sou wees, is 'n opdrag van die Hoer, maar nie van God nie. Neem asseblief kennis van dié feit.

Die vraag ontstaan nou: Wat moet ons hieromtrent doen?

- In die eerste plek moet ons nie wette aan mekaar voorskryf nie. Deur enige wet vir onself te aanvaar of self te maak, verval ons net in hoogmoed en selfverheerliking. Dan sien ons neer op 'n ieder en elk wat nie glo soos ons glo nie. Geliefdes, dit is NIE die pad om te loop nie.
- Tweedens moet ons onthou dat "Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie".
- Derdens, onthou: "Die Seun van die Mens is Here ook van die Sabbat".
- En vierdens: Vlug asseblief uit Babilon uit.

Binne die konteks van die voorafgaande raai ons jou aan om na Jesus, die Here van die Sabbat, te gaan en HOM vir wysheid en leiding te vra. Hy sal jou antwoord.

18.3.10 Goeie Vrydag

a) Jesus is op 'n Woensdag gekruisig

Jesus sê baie duidelik: "Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die Mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees." (Mat. 12:40)

Dit dui daarop dat Jesus gesterf het en begrawe is op die vierde dag van die week, teen die aand se kant. Hy het opgestaan uit die dode voor die nag aangebreek het, na die sewende dag. (Onthou dat God se dae is van sononder tot sononder.)

Die dag wat op die kruisiging gevolg het was 'n sogenaamde 'Hoogsabbat': Dit beteken dat dit 'n spesiale Sabbat was - een van sewe spesiale Sabbatte wat deel uitmaak van God se Feeste wat jaarliks deur Israel gehou moes word. Hierdie bepaalde Sabbat was die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode en het gevolg direk op die dag dat die Paaslam geoffer is. Laasgenoemde is ook genoem 'die Dag van Voorbereiding'.

So was dit dan:

- Jesus het gesterf op die presiese oomblik toe die Paaslamers regoor Israel geslag is - wat die tyd was vir die aandoffer. Dit was die 'negende uur' of te wel 'drieuur in die middag' in terme van moderne tydsberekening.
- Dit het alles plaasgevind op die Dag van Voorbereiding wat in daardie jaar op 'n Woensdag geval het, wat die vierde dag van die week is.
- Die volgende dag, Donderdag, was die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode. Dit was 'n Sabbat, ook 'n Hoogsabbat genoem.
- Toe hierdie Sabbat verby was, het die vrou uitgegaan en speserye gekoop om Hom te gaan salf. Dit was die Vrydag. (Daar was op die Woensdag na Jesus se dood nie tyd hiervoor nie, omrede daar skaars genoeg tyd was om Sy liggaam in die graf te kry voor die aanbreek van die Sabbat, met sononder.) "En toe die Sabbat verby was, het Maria Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf." (Mark 16:1)
- "Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die Sabbat gerus, volgens die gebod." (Luk. 23:56). Die vrou het die hele Vrydag gebruik om die nodige speserye, nie net aan te skaf nie, maar ook voor te berei. Daarna het hulle op die gewone Sabbat, Saterdag, gerus, met die oog daarop om Jesus op die eerste dag van die week te gaan balsem.
- Laastens: "En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. En hulle het die steen van die graf afgerol gevind." (Luk. 24:1,2) Hulle sou nie direk na die Sabbat die vorige aand kon gaan nie, want dit sou te donker wees om te werk. Hulle het dus baie vroeg die volgende oggend gegaan, net om te vind dat Jesus reeds opgestaan het.

Dit alles beteken dat beide die Donderdag en Saterdag van daardie week Sabbatte was. Die dag tussenin (Vrydag) is deur die vrou gebruik om speserye te koop en voor te berei. Hulle sou dit dan vroeg die Sondagoggend aanwend. Teen dié tyd het Jesus egter reeds opgestaan. Aangesien hy nie vier nagte in die graf sou wees nie, beteken dit dat hy reeds die vorige aand opgestaan het.

Die leser moet verstaan dat God nooit onderskat moet word nie - veral wat betref Sy vermoë en voorneme om al Sy woorde en oogmerke presies te volbring, soos wat Hy dit vooraf bekend gemaak het!

b) Waarom staan die kruisigingsdag dan oor die algemeen bekend as Goeie Vrydag?

Beide Goeie Vrydag en Paasmaandag is ingestel ten einde die fees van Ishtar of Diana te akkommodeer. Deur die onregmatige koppeling van Jesus se kruisiging met die Ishtar-fees is daar 'n onverdiende 'Christelike' fatsoenlikheid aan hierdie Babiloniese fees verleen. Vir hierdie doel is die Woensdag-kruisiging ongeleë en is die Vrydag-kruisiging gefabriseer. Deur middel van eindelose herhaling deur korrupte kerkleiers, is die Vrydag as kruisigingsdag as 'feit' in die kerktradisie gevestig.

c) Die Eerste April

'n Sekere studie wat gedoen is om die presiese datum van die kruisiging te bepaal, het met die verstommende antwoord na vore gekom, dat dit 1 April, 27 NC was. Sonder om op die meriete of korrektheid al dan nie van hierdie studie in te gaan, vra ons maar net van die leser: Neem asseblief kennis! En laat die Heilige Gees jou lei!

- Waar het Aprilgek- dag (April fool's day) ontstaan?
- Deur wie het dit ontstaan?
- Kan Satan in sy haat teenoor Jesus dalk sover gaan?
- As jy die Here Jesus liefhet en aanbid, behoort jy hoegenaamd iets met dié dag te doen hê?

Ons doen ernstig aan die hand dat jy nie deel sal hê aan dié dag nie. Nie deur jou deelname, nie deur jou woorde of praatjies nie en selfs nie deur te lag vir Aprilgek-grappies nie.

18.3.11	Hel
---------	-----

Vir selfsugtige redes en om voordeel te trek uit mense se vrees, het die Hoer 'n leerstelling ontwikkel rondom die hel en ewige straf wat baie ver verwyder is van wat God in die Bybel daaromtrent leer.

In die eerste plek: Satan en sy hordes is NIE in bevel van die hel nie en deel nie daar straf uit nie. Dis nie wat die Skrif ons leer nie. Inteendeel, dit word so gestel: ". . . die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele". Satan en sy engele sal vir ewig die hoofgevangenes in hierdie plek van straf wees. Hulle sal in GEEN posisie wees om straf uit te deel nie.

Tweedens, blyk dit dat daar verskeie plekke van straf is. Vanweë die bose invloed van die Hoer het dit gebeur dat al hierdie plekke met die woord 'hel' vertaal is en word dan gelykgestel aan die plek waar Satan die oppergesag sou voer. Geliefdes, kom ons probeer die verwarring opklaar. (Onthou, Babel beteken 'verwarring'.)

Die verskillende plekke in die Bybel wat almal óf so vertaal word, óf op een of ander stadium aanvaar word as die 'hel', is soos volg:

- Die Poel (of See) van Vuur :
 - Dit is die werklike plek van straf. Nie alleenlik Satan en sy engele nie, maar almal wie se name nie in die Boek van die Lewe gevind word nie, sal hierin gewerp word. Satan en sy engele sal vir ewig daarin wees. Of dié wie se name nie in die Boek van die Lewe gevind is nie vir ewig, of net vir n tyd daar sal wees, weet ons nie. Ons glo egter dat God in elke geval regverdig sal oordeel en dat Hy straf sal uitdeel ooreenkomstig die oortredinge.
 - Dit sal 'n plek van straf wees vir geesteswesens. Ons weet dat Satan en sy engele geesteswesens is. Die menslike liggaam sal nie eers een sekonde in dié plek kan voortbestaan nie.
- Hades, of Sheol, of die Doderyk :
 - 'Hades' is die Griekse en 'Sheol' die Hebreuse woord vir die Doderyk.
 - Hades is ook die naam van die gevalle engel wat in beheer is van die Doderyk. By die Groot Wit Troon Oordeel sal hy ook in die See van Vuur gegooi word.
 - Die Doderyk is ook die plek vir ontslape siele.
 - Dit word dikwels ook verkeerdlik vertaal met 'graf'.
 - Voor Jesus se kruisiging het alle mense se siele na die Doderyk neergedaal: van die regverdige Abraham en Lazarus, tot die onregverdige ryk man van wie Jesus ons vertel. Dit is egter so dat 'n groot afgrond die regverdige en die onregverdige van mekaar geskei het.
 - Toe Jesus gesterf het, het Sy siel na die Doderyk neergedaal. Maar omdat nóg Satan, nóg die Doderyk enige mag oor Hom gehad het, het Hy die Poorte van die Doderyk afgebreek, die sleutels geneem en almal wat Syne was daaruit geneem en na die Paradys weggevoer. Dit is dan ook so dat van daardie oomblik af, almal wat aan Jesus behoort na hulle dood Paradys toe gaan en nie meer na die Doderyk nie. Dit het die moordenaar aan die kruis ingesluit. Die

onregverdiges gaan egter steeds na hul dood Doderyk toe, waar hulle wag om aan die einde van die tyd geoordeel te word.

- Na die Groot Wit Troon Oordeel sal daar weggedoen word met die Doderyk.

➤ Die Graf :

- Eienaardig genoeg word graf in sommige vertalings ook as 'hel' vertaal.
- Maar die graf is eenvoudig slegs die fisiese plek waarin die dooie liggaam gaan en het niks met die hel te make nie.

➤ Gehenna :

- Jesus verwys 'n paar keer na Gehenna.
- Hy leer ons egter nêrens dat dit die hel is nie, of dat dit selfs 'n spesiale plek van straf is nie. Die feit is, dat in die tyd van Jesus, was Gehenna fisies 'n plek in die dal van Hinnom waar al Jerusalem se afval gestort is. Soos met enige stortingsterrein of afvalhoop, is dit 'n plek waar onbruikbare en weggooigoed gestort word. Dit is ook 'n plek waar gewoonlik vure brand of smeul om ontslae te raak van die gemors en om te voorkom dat peste uitbroei.
- Dit is presies waarna Jesus verwys as Hy figuurlik na Gehenna verwys.
- Ons begryp reeds dat die See van Vuur 'n plek van straf is waar geesteswesens sal wees. Ons begryp ook dat Hades of die Doderyk 'n plek is vir afgestorwe siele. Verder dat die graf 'n plek is vir dooie liggame. Wanneer Jesus dan verwys na die vernietiging van beide siel en liggaam, of dat dit op die ashoop van Gehenna beland, praat Hy figuurlik en die mense van Sy tyd het presies geweet wat Gehenna beteken. Gehenna kan dus nie met die graf, of Hades of die See van Vuur verbind word nie. Dit bly 'n afvalhoop vir dit wat eenkant gegooi word omdat dit nie geskik is vir die koninkryk nie.

➤ Tartarus :

- Hierdie plek word slegs eenkeer in die Bybel by name genoem nl. in 2 Pet. 2:4.
- In Judas :6, word ook daarna verwys, maar nie direk by name nie.
- Dit is die plek waar die engele wat op 'n bepaalde manier oortree het, gehou word, wagtende op hulle oordeel.
- Dit was 'n klein getal engele wat hulle woning verlaat en wederregtelik gemeenskap met dogters van die mens gehad het, in die era voor die Vloed. Uit hierdie oortreding is reuse gebore. Een van die redes vir die Groot Vloed was om hulle uit te wis. Omdat hierdie reuse egter die samevoeging van menslike vroue en geesteswesens was, het hul gees nie saam met hul liggame in die Vloed omgekom nie, want geeste is ewige wesens. Dit is die oorsprong van bose geeste of demone en hulle het steeds 'n drang daarna om in 'n liggaam te leef. Hulle is toegelaat om onheil op aarde te pleeg totdat hulle tyd kom. (Verwys na Jesus se gesprek met die bose geeste in die besetene van Gadara: Mat. 8:29 + Luk. 8:31). (Nota: Demone verskil radikaal van engele.)

Dit is dan wat ons in die Skrif vind. Die Here wei nêrens uit oor die aard of duur of felheid van die straf wat aan oortreders opgelê sal word nie. Daar word inderdaad skaars daaraan geraak. Waaroor die Here heelwat uitwei is oor Sy Koninkryk en hoe om dit te beërf en nie eenkant gewerp te word nie. Hy wil graag aan ons Sy volheid gee.

Geliefdes, laat ons daarop konsentreer om eerder die heerlikheid van die Koninkryk as die aakligheid van die straf te verkondig.

19 Om misleidende geeste en tekens en wonders van die leuen te onderskei

- "Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan."
- "Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges."
- ". . . omdat hulle in hul gehoor gestreeel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."
- "En uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek."
- ". . . goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid . . . "
- ". . . en hulle mond spreek trotse woorde, terwyl hulle mense vlei ter wille van voordeel."
- "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."
- "Kom na My toe en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele."
- ". . . sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid."

Uit die bovermelde vind ons die leidrade wat God ons gee om die 'gees van die leuen' te onderskei:

- Dit soek sy eie belang.
 - Soek eie voordeel en rykdom.
 - Soek eie roem en eer.
 - Soek om dissipels vir homself te maak.
- Dit sal uitbuit.
 - Deur vleitaaal.
 - Deur groot welsprekendheid.
 - Deur aan mense te vertel wat hulle graag wil hoor. (Gewildheid en om deur mense aanvaar en vereer te word is vir diesulkes baie belangriker as wat die waarheid ooit kan wees.)
 - Deur te vermaak en aan mense te bied wat hulle wil hê.
 - Deur die mens se inherente hebsug te bevredig.
 - 'Volg my en jy sal daarby baat.'
 - 'Gee vir my en jy sal selfs meer terug ontvang.'
 - 'Hoe meer jy vir my gee, hoe meer sal jy terug ontvang.'
- Dit sal gekenmerk word deur verwaandheid en, indien dit uitgedaag word, deur ruheid en ongevoeligheid.
 - Jesus aan die ander kant is geken aan Sy sagmoedigheid en nederigheid van hart.
- Alle tekens en wonders sal spoggerig wees en so wyd moontlik, vir eie gewin, geadverteer word.
 - Daarteenoor het Jesus NOOIT wonderwerke vir eie gewin gedoen nie - eerder die teenoorgestelde. Hy het mense vermaan om nie bekend te maak wat plaasgevind het nie.
- Dit sal 'spoggerig' (flashy) wees.
 - Jesus, aan die ander kant, was altyd nederig. Terwyl Hy op aarde was het Hy met die swakkes en behoeftiges geassosieer.
- Van buite gesien, sal dit goed en mooi lyk en klink, maar sy vrugte sal eiebelang, hoogmoed en ruheid wees - nie die vrug van die Gees van God nie.

Geliefde, mag jy wat hierdie lees, dit verstaan en ontvanklik wees om in liefde die waarheid te ontvang en daarvolgens op te tree.

20 Tiendes en Vrywillige Offergawes

20.1 Tiendes

Ons het reeds gewys op die Hoer wat alles - en nog meer - vir haarself wil hê. Maar wat leer God ons in Sy Woord?

Om hierdie saak te verstaan, moet ons kyk na God se model wat Hy in die Ou Testament aan ons gegee het, nl. Israel.

In die eerste plek, en baie belangrik, moet ons weet: God is die Gewer van alle dinge. En Hy dring daarop aan dat ons dit sal besef en daarvan sal getuig deur ons tiendes aan Hom te gee. Om meer presies te wees: Ons moet die eerste tiende van alles wat ons uit Sy hand ontvang, aan Hom teruggee. Die oorblywende nege tiendes kan ons vir eie gebruik hou.

In die tweede plek het God die Priesters en Leviete opgerig wat GEEN deel of erfenis van die land sou ontvang waardeur hulle 'n inkomste vir hulleself kon bekom nie. Hulle het uitsluitlik aan die Here God behoort. Hy is hulle erfenis en hulle moet vir Hom leef en werk sonder vergoeding. Hulle sal dan die tiendes ontvang van die wat wel 'n inkomste van die Here ontvang en op dié wyse sal hulle vir hulleself en hulle gesinne kan sorg. Op hierdie wyse het God die beginsel van tiendes (en van gee) ingestel. Hy het ook die wyse waarop dit gedoen en aan wie dit gegee moes word bepaal. Let dan daarop dat God beveel het dat die tiendes aan die Leviete gegee moes word. Hy het nie beveel dat dit aan 'n organisasie gegee moes word nie. Waar mense dit wel na die 'voorradkamers' gebring het, het dié bloot as versamelpunt gedien vanwaar dit verder tussen al die Leviete in daardie bepaalde omgewing versprei is. (Die Tempel in Jerusalem is 'n goeie voorbeeld van so 'n plek.)

So het God dan twaalf stamme vir Israel gevestig, met hulle eie inkomstebronne in die land en Hy het een stam gevestig sonder daardie middele. Hy het dan bepaal dat die twaalf hulle tiendes aan daardie een, die Leviete, moes gee.

Die Leviete weer, moes ook hulle tiendes gee. Dit moes na die Priesters gaan.

(Slaan asseblief die Skrifverwysings in die Bylaag na.)

20.2 Vrywillige Offergawes

Wat dan van vrywillige offergawes?

Die antwoord is dat dit presies is wat dit sê, nl. offergawes wat uit vrye wil gegee word. God beveel jou nie om dit te gee nie. Dit kom nie in die plek van die tiendes nie; dit is bo en behalwe die tiendes wat jy reeds gee. (Deut. 12:6). Tiendes is verpligtend; vrywillige offergawes nie.

Dit is waarna Paulus verwys in 2 Kor. 9:5-15.

20.3 Maar dit was die Ou Testament. Wat nou? Geld tiendes en vrywillige offers steeds?

Laat ons dié vraag met 'n paar ander vrae beantwoord:

- Het God intussen verander?
- Het die rede om tiendes te gee intussen verander?
- Het die feit dat God die Gewer van alle goeie dinge is intussen verander?
- Het God die opdrag rondom tiendes intussen afgeskaf?
- Het God nie vandag steeds Sy 'Leviëte' wat voltyds in Sy diens staan nie?
- Het God op enige stadium Sy opdrag verander na 'gee julle tiendes aan 'n organisasie i.p.v. aan die Leviëte'?
- Het vrywillige offergawes intussen die tiendes vervang?

Geliefdes nee, tiendes en vrywillige offergawes is nog steeds net so van toepassing soos altyd. God het NIE verander nie, en sal ook nooit nie. Sy beginsels bly vir altyd dieselfde. Hy het nog steeds 'Leviëte' wat Hom dien. Hy gee ons ook steeds geleentheid om vrywillige offers te gee in soverre ons kan en wil. Vrywillige offergawes het nie tiendes vervang nie. En Hy het nie opdrag of sanksie gegee dat ons ons tiendes aan 'n organisasie moet gee nie. Jy kan dit met jou vrywillige offers doen as jy wil, maar die tiende moet gaan aan die 'Leviëte in jou midde'. Deur gebed en deur te wag op die Here sal jy wel weet aan wie om jou tiende, ter wille van Hom, te gee. (Onthou, die tiende is nooit jou eiendom om aan te wend soos JY wil nie. Dit behoort aan die Here om daarmee te maak soos Hy wil.

Die Hoer sal daarop aandring dat jy alles aan 'n organisasie moet gee. (Bedoelende haarself.) Maar geliefde, as jy deel is van die enigste ware Kerk wat ons in Handelinge vind, moet dan nie wat aan God behoort vir die Hoer gee nie! Bid tot Hom en Hy sal jou wys wat Hy wil hê jy met jou bydraes moet doen.

20.4 Wie is die hedendaagse 'Leviëte'?

In hierdie verband word jy versoek om asseblief biddend die volgende Skrifgedeeltes na te slaan. Laat die Here jou in Sy waarheid lei:

Hand 6:4 ; 2 Tim 2:3,4 ; Gal 6:6 ; Fil 4:10, 15-20 ; Rom 15:27 ; 1 Kor 9:1-14 ; Ef 4:11,12 + Deut 10:8,9 + 2 Kron 35:3 + Neh 8:7,8.

God roep steeds sommige en stel hulle voltyds in die bediening aan! Hulle is die hedendaagse 'Leviëte'. Die res van ons is veronderstel om hulle met ons tiendes te ondersteun.

Dit is so dat baie van hulle deelyds moet werk om hulle gesinne te onderhou, maar dit is omdat dié wat deur God aangestel is om hulle met tiendes te ondersteun, dit nie doen nie. Hulle hou dit óf vir hulleself óf gee dit aan die Hoer. (Neh 13:10-12)

Geliefde, laat die Here jou oë oopmaak vir die waarheid en tree dienooreenkomstig op.

21 Spesifieke gedagtes

21.1 Geloof

Geloof :

- Is 'n AKSIE van TOEVERTROUE.
- Is gegrond op 'n seker kennis van God se bestaan, karakter en mag.

- Is die uitoefening van 'n absolute en roekelose vertrouwe op God se karakter en vermoëns soos in Sy Woord aan ons geopenbaar.
- Moet tot aksie oorgaan om werklik geloof te wees. Geloof sonder werke is dood.
- Laat toe dat God in totale beheer is van die manier waarop 'n saak verloop en ook die tydsverloop daarvan.
- Is nie 'n vermoede nie.
- Dink nie daaraan om God onder 'n verpligting te plaas om iets ooreenkomstig my tydsberekening en behoeftes te doen nie.
- Is om in volhardende vertrouwe op God te wag.

21.2	Duisende geslagte
------	-------------------

Ons vind hierdie uitdrukking 'n hele aantal kere in die Skrif. (Deut 7:9 ; Ps 105:8 ; 1 Kron 16:15 ; Ex 20:6 ; Deut 5:10)

Ons lees maklik daarvoor sonder om die werklike betekenis daarvan te begryp. Moontlik dink ons dalk dat daar reeds duisende geslagte was en dat daar nog duisende sal wees. Indien ons egter in Lukas 3 na die stamboom van Jesus kyk, besef ons dat ons sal moet herbesin oor dié saak. Want van Adam tot by Jesus is daar slegs 76 geslagte (!) Neem ons die minimum van twintig jaar per geslag, vind ons dat rofweg nog 100 geslagte van daardie tyd af gekom en gegaan het. Dit gee vir ons minder as 200 geslagte van Adam af tot by die wederkoms van Christus! Sou ons toelaat vir nog 50 geslagte in die Millennium, is ons steeds ver van 'n duisend geslagte af.

Geliefdes, dit bring twee aspekte na vore:

1. Wat betref God se plan vir die mens om voort te plant en die aarde te vul, is ons maar nog aan die begin van Sy plan en NIE naby die einde daarvan nie.
2. Dit word nou duidelik dat, afgesien van die eerste ongeveer 300 geslagte, die res van die duisende geslagte wat nog moet kom, op die Nuwe Aarde sal wees.

Indien ons verder kennis neem van die feit dat "die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry, nie trou en in die huwelik uitgegee word nie, want hulle is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is", besef ons dat die Nuwe Aarde deur 'normale' mense bewoon sal word. Hulle sal nog voortplant, in teenstelling met hulle wat die opstanding uit die dode verkry het.

Feit is dat hulle wat die oorwinnaars is en "daardie eeu verkry het", sal saam met Christus heers en regeer as Sy Bruid en met Sy heerlikheid bekleed wees. Hulle sal in die Nuwe Jerusalem gesetel wees en nie verder voortplant nie. Die res van die Nuwe Aarde sal bewoon word deur mense 'wat nuut gemaak' is en wat wel sal voortplant.

Die presiese aard van hierdie mans en vroue wat die Nuwe Aarde sal bewoon is nie heeltemal duidelik nie, maar ons kan ten minste die volgende aanneem:

- Sonde sal uit hulle weggeeneem wees. Soos wat dit aan die begin van die Millennium uit Israel weggeeneem is. Anders sou dood op die punt nie reeds oorwin gewees het nie. (Aan die einde van die Millennium is die dood as die 'laaste vyand oorwin'.)
- Hulle sal soos Adam en Eva voor die Sondeval wees, net nog beter. (Rom 5:15, 17, 20 : 'baie beter'.)
- Die Nuwe Aarde sal soos 'n reuse Tuin van Eden wees, net beter.
- Die moontlikheid om siek te word sal nog bestaan, maar genesing van alle siektes sal ook beskikbaar wees. (Op. 22:2)
- Die aard van hulle omstandighede sal vir ewig wees geregtigheid, vrede en blydskap in die Koninkryk van God.

Geliefde, mag hiedie jou help om God se wonderlike verlossingsplan in 'n nuwe lig te sien.

21.3 Waarom Jesus Self nooit iemand gedoop het nie

In Joh. 4:2 lees ons dat Jesus Self nie gedoop het nie, maar sy dissipels wel. Waarom sou dit wees?

Die antwoord lê daarin dat ons, deur die doop, met Christus verenig word in Sy dood en opstanding. Dit is 'n ewige verbond en ooreenkoms tussen Christus en die dopeling en met Sy bloed verseël. In werklikheid vind met die doop 'n huwelik plaas tussen die dopeling en Jesus.

Die Bruidegom tree nooit as huweliksbevestiger op nie! Hy is een van die twee partye wat deelneem aan die uitruil van die beloftes en wat aldus verenig word in 'n ewige verbond van liefde en versorging en waar dié twee voortaan alles saam doen. Hy is dus 'n deelnemer aan die seremonie en NIE die een wat dit voltrek nie.

21.4 Verskillende geslagsregisters vir Jesus?

In Lukas 3 vind ons 'n geslagsregister van Jesus, en een in Mattheüs 1 wat aansienlik daarvan verskil. Waarom sou dit wees?

Die antwoord is dat die geslagsregister in Mattheüs dié is van Josef, die wetlike vader van Jesus, terwyl die een in Lukas dié is van Maria, die fisiese moeder van Jesus.

Mattheüs gee die wetlike geslagsregister van Jesus, die Koning van Israel; die Leeu van die stam van Juda.

Lukas gee die fisiese geslagsregister van Jesus, Seun van die Mens.

Wetlik:

- Wetlik is Jesus die Seun van Abraham en derhalwe die Saad van Abraham. As sulks is Hy die Erfgenaam van al die beloftes aan Abraham gemaak.
- Wetlik is Jesus ook die Seun van Dawid en derhalwe die Ontvanger van die belofte van ewigdurende Koningskap wat aan Dawid en sy nageslag gemaak is. "En die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee."
- Wetlik bewys hierdie geslagsregister ook dat Jesus 'n regstreekse Koninklike afstammeling is. Indien sake nie deur die verstrooiing van Israel en die onderdrukking deur die Romeine vertroebel is nie, sou Hy die ware Koning van die Jode gewees het.
- Laastens: Die wetlike geslagsregister van Jesus het met Abraham begin. Dit is ook waar Israel begin en vanwaar die Koningskap 'n werklikheid word.

Fisies:

- Jesus se fisiese geslagsregister gaan terug tot by Adam, wie ook 'seun van God' genoem word. Dit begin dus by God Self en by die skepping. Dit wys dat die afkoms van Jesus, van begin tot einde, suiwer en perfek is: Die eerste Adam tot die Laaste Adam; van suiwer bloed; 'n Lam sonder gebrek!

21.5 "Laat U Koninkryk kom", of "Laat U Koninkryk uitgebrei word" ??

Jesus het ons leer bid, "Laat U Koninkryk kom, soos in die hemel net so ook op die aarde". Tog hoor ons so dikwels dat gebid word, "Laat U Koninkryk uitgebrei word . . ." Wat sou die betekenis hiervan wees?

Geliefdes, so 'n gebed soos laasgenoemde, mag dalk uit onkunde gebid word; moontlik na die voorbeeld van ander wat dieselfde bid. So 'n gebed sou egter aandui dat geglo word dat die Koninkryk reeds gekom het en nou uitgebrei moet word. Dit kan ook die foutiewe begrip aandui dat die Kerk die koninkryk van God IS; of meer bepaald, dat my kerk die koninkryk van God IS. Dit, geliefdes, is 'n dwaling.

Maar ongelukkig is dit die algemene opvatting. Die grootste deel van die hedendaagse kerk verstaan nie, óf weier om te verstaan, dat God se plan is om Sy Koninkryk na die aarde te bring en ALLE dinge aan Hom te onderwerp. En dan sal daar vrede en geregtigheid wees; dan sal God se wil geskied en dan sal God se Naam geheilig word op aarde, net soos in die hemel!

Nou egter (al is dit onwetend) glo die meerderheid dat die kerk die koninkryk van God op aarde is. Indien dit egter die geval sou wees, dan sou die gebed "Laat U Koninkryk kom!" mos totaal sinneloos wees. Die kerk is reeds hier - dit is duidelik; so waarom sou ons bid dat dit nog moet kom? So, die gebed word verander in dié sin dat die kerk moet groei, eerder as dat die Koninkryk mag kom. En meeste van die tyd beteken dit dat MY kerk moet groei.

Geliefdes, ons moet wegbeweeg van hierdie mens-gesentreerde en self-gesentreerde godsdiens en begin bid soos God dit wil hê. Ons moet nie in die eerste plek behep wees met ons behoeftes, of met die kerk, of met my kerk nie. Ons moet in die eerste plek soek na Sy Koninkryk en Sy geregtigheid en op Hom VERTROU om in ons behoeftes te voorsien! God-gesentreerd en NIE self-gesentreerd nie!

22 Slawe van Jesus Christus

Elke skrywer in die Nuwe Testament (behalwe die Evangelies, waar die skrywers hulself nie bekendstel nie) identifiseer homself as " 'n slaaf van Jesus Christus".

Meeste vertalings het weggedoen met die woord 'slaaf' aangesien dit 'n ongewilde woord geword het en dit vervang met die woord 'dienskneg'. Die korrekte vertaling van die Griekse woord 'doulos' is en bly egter slaaf en nie dienskneg nie. (Dienskneg impliseer dat iemand betaal word vir dienste gelewer, en dat hy vir homself sorg in terme van behuising, klere, ens. Hy kan ook enige tyd uit diens tree, sou hy so verkies.)

'n Slaaf daarenteen behoort lewenslank en geheel en al aan sy meester. Hy het geen sê oor die gang van sy lewe nie, hy besit niks nie en hy ontvang geen eer of vergoeding nie. Sy enigste ware vergoeding is die tevredenheid van sy meester en die liefde en versorging en erkenning wat hy van hom ontvang. Hy, aan die ander kant, kan sy meester vertrou om hom van kos en klere, mediese sorg, beskerming, blyplek en nog meer te voorsien. In kort, hy leef vir sy meester en sy meester sorg vir hom.

In die geval van ons Here, Jesus Christus, weet ons Sy verhouding tot ons is een van liefde en sagmoedigheid en nie van vrees, dreigemente en straf nie. Sy juk is sag en Sy las is lig. GEEN beter Meester sal gevind word nie! En Hy sal altyd vir ons sorg - nie alleen omdat ons Sy eiendom is nie, maar ook omdat Hy ons WAARLIK liefhet.

Hierdie, is ons ware verhouding met ons Here, terwyl ons in dié lewe is:

- Hy is ons Here, wat beteken dat Hy ons besit.
- Ons is teen 'n prys gekoop! Ons moet nie slawe van mense word nie.
- Deur Sy bloed is ons deur God vrygekoop.
- Die nagmaal (verbondsmaal) is 'n voordurende herinnering daaraan dat ons deur die bloed van die Lam gekoop is. Ons behoort aan Hom.
- Ons uitsluitlike doel is om HOM te behaag. Vir ons is daar geen ander vergoeding of eer om voor te werk nie.
- Hy sal altyd, in alle opsigte, vir ons sorg.

In die lewe hierna sal ons deel in Sy heerlikheid en nie langer slawe wees nie, maar saam met Hom regeer. "As ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe. As ons verdra, sal ons met Hom regeer."

23 Swaarkry en Lyding

Die vraag word dikwels, ook deur Christene, gevra: 'Waarom is daar swaarkry en lyding op aarde en waarom gaan dit net aan en aan?' Nie-Christene, en ongelukkig soms Christene ook, gaan sover as om God die skuld te gee daarvoor. Wat is egter die waarheid rakende swaarkry en lyding op aarde?

Laat ons net weer duidelikheid kry oor wat God van voorneme is om te doen in verband met swaarkry en lyding. Op die regte tyd gaan Sy Koninkryk na hierdie aarde kom en dan sal ALLE swaarkry en lyding tot 'n einde kom, wanneer Sy wil hier op aarde sal geskied soos in die hemel.

In die tussentyd egter, sal swaarkry en lyding voortgaan, solank as wat sonde voortduur. Van die heel begin af het God by die mens aanbeveel wat gedoen behoort te word. Die mens het gekies om nie na God se raad te luister nie. Om hierdie rede het sonde, swaarkry en lyding deel geword van die lewe hier op aarde. Nietemin is daar vir hulle wat God liefhet en Hom Heer en Meester van hulle lewens gemaak het, verligting! God sal altyd die wat aan Hom behoort beskerm, alhoewel ons nie vry is van toetse en beproewings nie. Niks kan egter met God se eiendom gebeur indien Hy sou besluit om dit te voorkom nie. En omdat God goed is en lief is vir ons, kan ons weet dat wat Hy ookal toelaat om met ons te gebeur, op die langduur goed sal wees vir ons, al verstaan ons dit nie nou nie! (Die ongelukkige waarheid is dat hulle wat kies om die rug op God te draai en Hom as die vyand sien, het nie Sy beskerming nie. Derhalwe ly hulle soms vreeslik aan die hand van die boosheid in die wêreld. Vir hierdie rede moet ons almal ernstig aanhou bid: "Laat U Koninkryk kom!".)

Laat ons 'n paar woorde wat van die Here kom, aanhaal:

- "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is"
- "Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."
- "En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop."
- "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie."
- "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."
- "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."
- "Want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?"
- "My kind, jy leef in 'n onvolmaakte, gebrekkige wêreld. Korrupsie, ydelheid, pyn en dood het deel van hierdie wêreld geword omdat sonde die wêreld binnegedring het. En nie een van My kinders is in hulle liggaam, wese of omstandighede hiervan vrygestel nie. Maar, Ek het ook bepaal dat die manier waarop My kinders hierdie ongunstige omstandighede verdra, deurslaggewend sal wees vir die beloning wat hulle van My sal ontvang. Wees dus verseker dat selfs die ongunstige omstandighede wat Ek in jou lewe toelaat, nie is omdat Ek jou nie liefhet nie. Inteendeel, dit is gebaseer op My geregtigheid en is 'n uitdrukking van My liefde. My kind, Ek weet binne die beperkings van die menslike verstand, klink dit sinneloos. Moenie iets anders verwag nie. Maar in die gees weet ons, dra dit ewige vrug in heerlikheid."

Geliefdes, die Here sien dinge met ander oë as ons. Ons is geneig om selgs in terme van hierdie wêreld en die dinge en waardes van hierdie wêreld, te dink. Die Here kyk na die lewe hierna - 'n lewe wat vir ewig sal wees - terwyl Hy, terselfdertyd, NIE ons huidige behoeftes verontagsaam nie. Ons Here is nie onsensitief nie. Nee, Hy is die mees sorgsame en liefdevolle Wese wat daar is. Sy prioriteite is egter nooit so deurmekaar soos ons

s'n soms kan wees nie. Vir dié rede het Hy dan ook baie meer belang by ons karaktervorming as ons gerief. En hierdie gesindheid van Hom is gevol met Sy liefde en geregtigheid!

Geliefdes, laat ons ons Here VERTROU en nooit twyfel aan Sy teenwoordigheid en Sy liefde nie. Ook nie aan Sy oneindige mag en skeppingskrag wat altyd in ons belang optree nie, ongeag ons beperkte en deurmekaar denke en begrip.

En dan, laat ons die Goeie Nuus weereens verkondig:

Die Koninkryk van God kom! En wanneer ons Here en Koning gekom het en Satan en sy bese koninkryk vernietig is, sal lyding vir altyd tot 'n einde kom!!

"En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."

24 Voorspoed

Voorspoed is my deel!

Kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

- "Groot is die Here wat 'n welbehag het in die voorspoed van Sy knecht!"
- "En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."
- "Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie."
- "Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe."

Die Here het beslis ons voorspoed in gedagte, MAAR Hy het die ewigheid in gedagte. Die huidige tyd waarin ons leef is baie soos 'n werkplek waarin ons tot voorwerpe van heerlikheid gemaak word, wat in die ewigheid die Koning se paleis in Sy majesteit sal help opluister. Die werkplek is NIE die plek van voorspoed of heerlikheid of gerief nie. Dit alles sal volg as ons in die Koning se paleis kom. Die werkplek is 'n plek van toetsing en beproewing; waar gehamer en gesmelt word, waar gesuiwer word en gevorm word. Indien ons aandring op gerief en voorspoed in die werkplek, sal ons gevaar loop om nie te kwalifiseer vir 'n posisie van heerlikheid in die Koning se paleis nie.

Luister na die Here se hart in die volgende gedeeltes:

- "Maar God wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, lewend gemaak saam met Christus sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van Sy genade en goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.
- "Dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van Sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van Sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo."
- "Salig is julle, armes, want aan julle behoort die Koninkryk van God. Maar wee julle rykes, want julle het julle troos weg."
- "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

Derhalwe moet dit nou duidelik wees dat die Here wel voorspoed vir ons in gedagte het, maar dat dit in Sy komende Koninkryk sal wees, eerder as in ons huidige lewe.

'n Driejaar oue kind weet presies wat hy wil hê of waarvan hy hou, maar vir seker weet hy nie wat goed is vir hom nie. Op dieselfde manier, en nog meer so, is ons in ons huidige lewe nie toegerus om te weet wat 'goed' is, of wat ware voorspoed is nie; ons weet slegs wat ons vir die oomblik wil hê of waarvan ons hou.

Ja, indien ons in Hom glo en in gehoorsaamheid wandel, sal ons ook in hierdie lewe voorspoedig wees. Maar die manier waarop ons voorspoedig sal wees, sal nie wees volgens hierdie wêreld se maatstawwe nie, maar volgens God se pad vir ons. Ons sal wees "soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit". Dit sal wees dat "die Here my Herder is wat my sal laat neerlê in groen weivelde en al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, sal ek geen onheil vrees nie. Hy sal 'n tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders berei en my hoof vet maak met olie. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae".

Die Here verbind altyd my voorspoed met Sy Koninkryk wat kom, en waaraan daar geen einde sal wees nie. Hy sal nooit my ewige erfenis vir 'n verbygaande genot of gerief verpand nie. Ongelukkig kan ek, soos Esau, dit self doen.

"Want baie - van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê - wandel as vyande van die kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge. Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus. Wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam."

Laat ons die dinge bedink wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Wat die vlees bedink is vyandskap teen God.

Geliefdes, dit wil voorkom asof daar deesdae baie Christene is wat, soos die verlore seun, NOU hulle erfposie wil hê. En hulle sal net so seker hulle erfposie verloor deur dit in hierdie lewe te vermors!

Laat ons die Here vertrou om Sy plan vir ons lewe uit te werk, al sou dit ons deur moeilike tye neem. Hy sal ons nooit verlaat of begewe nie! Kom, laat Hy ons voorspoedig maak in hierdie lewe en in die lewe hierna, soos net Hy kan. En onthou, hy het ons voorspoed in gedagte. Hy is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil!

25 Voorwaardes om te oorwin : 'n Opsomming

Veel is reeds gesê oor hierdie saak en wat hier volg, is 'n opsomming daarvan:

Die volgende begrippe is basies almal dieselfde:

- Oorwinning.
- Om die Koninkryk van God te beërf of binne te gaan.
- Redding van die siel.
- Om deur die nou poort in te gaan.
- Om die eerste opstanding te verkry.

Die voorwaardes wat ons in die Bybel vind, is:

- Losgekoop deur die bloed van die Lam.
- Wedergebore wees.
- Gedoop wees.
- Selfverloëning (selfs tot die dood toe, as dit moet).
- NIE eie-belang of bevordering van die self nie.
- Om jou siel (selflewe) in hierdie lewe te verloor ten gunste van Jesus.
- Met volharding die weldoop van die geloof te hardloop en dit te voltooi.
- Om soos 'n kind te word.
- Om in die Gees te wandel en NIE in die vlees nie.

- Om geestelik volwasse te raak in die Here, wat dan sal blyk uit die vrug van die Gees in my lewe.
- Waak en bid altyd.
- Om die koms van die Here te verwag: wees gereed en wag; sien met vreugde daarna uit.
- My hart en lewe met Jesus gevul en nie met myself nie.
- Om te weet dat ek totaal afhanklik is van God (arm van gees).
- Om NIE die werke van die vlees te beoefen nie.
- Om die wil van God te doen.
- Om God bo alles lief te hê.
- Om NIE hierdie wêreld lief te hê nie.
- Moenie skatte bymekaar maak op die aarde nie.
- Om NIE agtertoe te kyk en terug te verlang as jy eers jou hand aan die ploeg geslaan het nie.
- Om vervolgt te word ter wille van die geregtigheid.
- Om Sy werke tot aan die einde te doen.
- Om verdrukking met blydskap te verduur.
- Om NIE die Dier te aanbid of sy merk te neem nie.
- Om alles skade te ag om Hom te ken en in Hom gevind te word.
- Om die Lam te volg waar Hy ookal heengaan.
- Om nie besoedel te raak met Babilon, die Hoer, nie.
- Dat geen bedrog in my mond gevind word nie.

Opsommend:

1. Gee jouself sonder voorbehoud, geheel-en-al, oor aan Jesus as jou Bruidegom, en
2. Bly rein en getrou (loyal, faithful, dedicated) aan Hom tot die einde toe.

26 Selfverloëning teenoor Eie-belang

Ons glo dat hierdie die kernsaak is in ons wandel met God.

Toe die mens in die tuin van Eden 'n keuse moes maak, was hierdie aan die hart daarvan: Selfverloëning versus Eie-belang. Dit is aan die hart daarvan of ons in die Gees of in die vlees sal wandel. Dit is 'n kernsaak of ek 'n oorwinnaar sal wees, al dan nie. Wat Jesus van ons vra, is dít: "om onself te verloën, ons kruis elke dag op te neem, en Hom te volg" ("En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenes, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.")

Die begrippe ongeregtheid, onregverdigheid en wetteloosheid hou verband met mekaar. Almal van hulle dui op eie-belang in plaas van selfverloëning. Die feit dat die mens homself en sy eie-belang bo God gekies het, lê aan die hart van die sondeval. Net hier het die mens verander van 'n wese wat God gesoek het, na 'n wese wat sy eie-belang nastreef. En daarin lê die wortel van alle sonde!

Hier in die eindtye sal die Antichris die beliggaming van self-bevorderende arrogansie wees. Hy word "die man van sonde" genoem en die "wettelose een". Hy word verbind met onregverdigheid en ongeregtheid. Ons glo die misleiding in die eindtyd sal veral na vore kom en gemeet kan word aan hierdie maatstaf: eie-belang of selfverloëning? Wie is die middelpunt van ons (of hulle) denke, prediking en beplanning? Jesus Christus of die Self?

27 Die Kwessie van beheer

'n Ander manier om te kyk na selfverloëning en eie-belang, is in terme van beheer.

Die mens het 'n inherente begeerte om sy eie lewe en omstandighede te bepaal en te beheer, selfs absoluut te beheer. Hieruit ontspring die verkeerde besluit wat die mens in die Tuin van Eden geneem het deur die Boom van Kennis bo die Boom van Lewe te kies. Op hierdie manier het hy gereken dat hy beheer sou verkry, selfs oor God se invloed oor sy lewe. Tot vandag toe is die mens se aandrang om beheer oor sy eie lewe uit te oefen 'n hooforsaak van sonde in sy lewe. God wil naamlik hê dat ons van die Boom van die Lewe moet eet - Hy is die Lewe, en Hy weet dat Sy beheer oor ons lewens, die beste sal wees vir ons.

Gedurende Sy lewe op aarde het Jesus hierdie beginsel streng toegepas, wat die essensiële rede is waarom Hy in alle opsigte oorwin het. Toe Satan Hom in die woestyn versoek het, was die kern van daardie versoekinge om Jesus by die punt te bring om Eie beheer oor Sy lewe en omstandighede te neem. Jesus het gekom om die Vader se wil te doen. (Heb. 10:9) In Joh. 6:38 sê Jesus: "Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het". Dwarsdeur Sy lewe het Jesus nooit Sy wil gesoek nie, maar Hy het in alle dinge, deur gebed, die wil van die Vader gesoek, om dit te doen. Hierdie beginsel is op die spits gedryf in die Tuin van Getsemane toe Jesus met bloedsweet by die Vader gepleit het dat die beker van Hom weggeneem sou word, maar daarby gebly het en volhard het om uit te roep: "Nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied!" Hiermee was Jesus se volkome oorwinning voltrek.

Wanneer Jesus sê dat 'hy wat sy siel behou, dit sal verloor' en 'hy wat sy siel verloor, sal dit vind', bedoel Hy in werklikheid dat, 'hy wat beheer oor sy eie lewe behou, sal dit hierna verloor; maar hy wat beheer oor sy eie lewe hier prysgee ten gunste van Jesus, sal dit hierna tot in ewigheid ontvang.' Hierdie is 'n kernbeginsel op pad na oorwinning. Deur die verkeerde toepassing van hierdie beginsel het die mens in sonde geval; en deur die korrekte toepassing het Jesus oorwinning oor sonde en dood behaal.

Selfs ook die doop versimboliseer die vrywillige oorgang vanuit my vorige lewe, wat onder my eie beheer gestaan het, na die nuwe - wat oorhandig word aan die Eienaarskap en beheer van Jesus Christus.

Geliefde, gee tog beheer prys oor jou eie lewe en omstandighede ten gunste van Jesus, ons Here en Saligmaker, en neem dit asseblief nooit weer terug nie.

Mag die Here ons oë oopmaak om te sien en te verstaan en die Waarheid te volg!

Genade vir julle en vrede van God, ons Vader en die Here, Jesus Christus.

Amen.

Bylae A: Skrifverwysings

{Gerangskik volgens Paragraafnummers}

Voorwoord: Mat 13:11-17; Mat 7:8; 2 Thes 2:10-12; Hand 17:10-12

Addisionele Skrifte: Mar 4:11-12; Luk 8:10

1

1.1 Addisionele Skrifte: Mat 24:3-5,11,14; 2 Pet 2:1-3; 2 Thes 2:3; Mat 7:15-16; 2 Kor 11:2-4

1.2 Joh 14:6, Joh 17:7; 1 Kor 3:19; 2 Kor 3:6; Joh 8:31-32,36

1.3 Addisionele Skrifte: 1 Tim 6:3-5

2

2 Kor 5:20; Op 14:6-7; Joh 6:37; Mat 28:18-20; Rom 8:7-8; Rom 8:19-21; Rom 8:16-18;
Luk 20:34-36; Kol 1:19-23

3

3.1 Mat 6:9-10; Jes 9:6-7; Op 2:26-27, Op 3:21, Op 20:4-6; Luk 20:35-36; Fil 3:20-21;
1 Kor 15:51-53; 1 Joh 3:2; Op 19:16; Deut 28:1; Jes 49:8, Jes 2:4, Jes 49:12-13, 51:11; Jes 11:6;
Jes 11:7; Jes 11:8; Heb 1:8; Ps 37:9-11, 37:10, 37:22; Hab 2:14; Is 11:9; Num 14:21; Jer 31:34;
Fil 2:9-11; Luk 11:2; Op 20:7-9; Eseg 38:7-12, 21-23; Op 21:1; Ps 115:16; Op 21:3;
Op 21:22, 22:3-5, 3:12, 14:1; Deut 7:9; Op 21:4, 21:5; Op 20:10, 21:8, 21:24; Op 22:1-2

Addisionele Skrifte: Ps 145:1-13, 22:27-28, 18:43-44; Jes 11:1-10, 12:1-6, 40:3-11, 65:17-25;
Eseg 36:21-28, 28:25-26; Dan 7:8-14, 23-27; Hand 3:19-21; Ps 47, 72, 110; Jer 33:14-18;
Hos 14:4-8; Joël 2:18-27, 3:18-21; Amos 9:11-15; Obadja: 17, 18, 21; Miga 4:1-8;
Sag 2:10-12, 14:8-9, 14:16-20; Mal 4:1-3; Op 2:26-27, 3:21, 21:1-5 + 22-27, 22:1-5

3.2 Joh 14:30; 2 Kor 4:4; Ef 6:12; Rom 8:3-4; Hand 2:22-24; 1 Kor 2:6-8; Joh 3:16-17;
Hand 3:19-21; Op 3:21; Fil 3:7-14; 2 Tim 4:6-8

Addisionele Skrifte: Op 2:26-27; 2 Tim 2:12; Dan 7:27

3.3 Mat 6:9-10; Hand 1:3; Heb 2:1-8

Addisionele Skrifte: Luk 16:16; Mat 13:10-11, 19, 24, 31, 33, 44, 45, 47; Mar 14:25; Mat 6:33;
Mat 9:35; Luk 4:43 + 4:18; Luk 8:1; Luk 9:11; Mat 24:14; Mat 28:18-19; Luk 9:1-2; Luk 23:51;
Luk 10:10-11; Luk 9:60; Hand 19:8; Rom 1:16; Gal 1:8-9; 1 Thes 2:12; 2 Thes 1:5; 2 Pet 1:10-11;
1 Pet 1:13; Kol 1:23

3.4 Luk 22:28-30; Mat 6:33

3.5

3.5.1 Joh 3:36; Joh 5:24; 1 Joh 5:1, 20, 13; Joh 6:47

3.5.2

3.5.3 Addisionele Skrifte: 'Beloning volgens werke' in die Nuwe Testament: Mat 5:12, 46;
Mat 6:1-6, 16, 18; Mat 10:41, 42; Mat 16:27; Mat 25:14-30; Mar 9:41; Luk 6:23, 35;

- Luk 14:14; Luk 19:11-27; 1 Kor 3:8, 14; 1 Kor 9:17; Rom 2:6; 2 Kor 5:9-11; 2 Joh :8;
2 Tim 4:14; Op 11:18; Op 22:12
- 3.6 1 Kor 15:50; Luk 13:28
- 3.7 2 Kor 4:4; Ef 6:12; Joh 14:30; Mat 4:8-9; Luk 11:2; 2 Kor 5:20; Heb 11:13; 1 Pet 2:11;
2 Pet 3:13; Heb 11:16; Fil 3:20-21; Heb 1:8; Op 11:15; Luk 21:31
- 4 Joh 1:18; Op 19:16; Luk 6:5; Mat 16:16; Ef 1:6; Kol 1:13; 1 Tim 6:15; Op 22:13; Op 3:14; Op 5:5;
Op 5:6; Gal 3:16; Op 19:13; Hand 3:6; Jes 9:6; Op 22:16; Kol 1:18; Op 19:11; Kol 1:14-20;
1 Tim 6:16; Rom 8:29; Op 1:13-16; Op 3:1; Heb 12:2; Op 3:7; Op 1:18; Op 3:14; Mat 28:18;
Op 19:11; Op 19:14; Op 19:15; 2 Tim 4:1; Mat 1:21; Jes 9:6; Jes 9:7
- 5
- 5.1 2 Pet 3:8; Ex 20:11
- 5.1.1 Mat 24:3-13
- 5.2
- 5.2.1 Heb 4:4-9
- 5.2.2 Lev 23; Lev 23:41-42; 1 Kor 10:11; 2 Kor 5:1; 2 Pet 3:8
- 5.2.3 Op 13:16-17; Op 11:7-12; Mat 24:15-18; Mat 24:6-8; 2 Thes 2:3; 1 Tim 6:14-15; Dan 12:4
- 5.2.4 Jos 3:3-4; 1 Kor 15:20-23
- 5.2.5 Gen 1:14; Job 9:8-9, 38:31-33; Amos 5:8; Ps 148:1-6; Jer 31:35; Eseg 34:30-31; Ps 100:3;
Ps 79:13; Ps 74:1; Mat 4:18-19; Mat 13:47-48; Heb 4:3-9; Rom 8:19-21
- 5.3 Ef 1:9-11; Kol 1:19-20; Heb 2:10; Rom 8:29; Joh 1:12-13; Op 21:7; Ef 5:22-32; Op 21:2, 21:9-11,
19:7-9; Mat 22:1-14; Rom 8:19-25
- 5.4 Rom 8:16-17; Hand 26:18; Kol 1:12; Ef 1:18; Fil 3:7-14; 2 Tim 4:8
- 6
- 6.1 Kol 2:12; Rom 6:2-3; Mar 16:16
- 6.2 Hand 22:16; Titus 3:5; Joh 3:3,5; Gal 3:27 Rom 6:3-4; Kol 2:12; Gal 3:27; 1 Kor 12:13;
Mat 28:19; 1 Pet 3:20-21
- 6.3 Hand 8:37; Mat 28:19; Hand 8:38-39
- 6.4 Hand 19:1-7
- 6.5
- 6.6 Joh 5:24; Mat 7:21-23; Mak 7:7, 9, 13; Luk 11:52; Mat 23:13; Mar 16:16
- 7
- 7.1 Joh 3:1-10; Joh 1:12-13
- 7.2 Joh 1:12-13; 1 Joh 5:1; Ef 2:4-6; 1 Pet 1:23; 1 Pet 1:3-5; Heb 11:6
- 7.3 Mat 28:18; Ef 1:20-22; Joh 3:17; Hand 10:38; Rom 6:9; Hand 2:34-36; Joh 5:21, 17:2;
1 Joh 5:1,4-5
- 8
- 8.1 Joh 5:24; 1 Joh 5:18; 1 Pet 1:16; Mat 5:48; Kol 1:22; Ef 1:4; Ef 2:6; 2 Kor 5:21; 1 Kor 1:30;
Fil 3:9; 1 Joh 3:9; Gal 5:22-23

- 8.2 Ef 4:22-24; 2 Kor 4:16; Gal 5:16-23; Rom 8:12-14; Gal 2:20
- 8.3 Joh 17:2-3; Joh 5:21; 1 Joh 5:20; 1 Joh 5:11
Addisionele Skrifte: Rom 8:10; Joh 3:35; Joh 11:25-26; Joh 14:6
- 8.4 Joh 11:25-26; Joh 3:18-19
- 8.5 Heb 2:3; Joh 3:18-20
- 9
- 9.1 Rom 8:12; Rom 8:13-14; Gal 6:7-8; Mat 25:30; Heb 12:1; 1 Tim 6:12; Luk 13:24
- 9.2 Rom 6:11; Gal 2:20; Gal 5:16; Kol 2:6; Kol 3:2-3; 2 Kor 5:17; Kol 1:27; Ef 4:24
Addisionele Skrifte: Gal 2:20; Rom 6:4
- 9.3 Mar 8:34; Luk 9:23; Ef 4:22; Gal 5:19-21; Kol 3:5,8-11
Addisionele Skrifte: Rom 6:12-13
- 9.4 Heb 12:1-3
- 10
- 10.1 1 Joh 5:11; Ef 2:6; 2 Kor 4:16; Rom 8:13; 2 Kor 4:16; Joh 11:26; 1 Kor 15:47-49; Joh 1:12-13;
1 Joh 3:9; Fil 3:19-20; Gal 5:18,23; Rom 8:7; Rom 5:1-2
- 10.2
- 10.3 Gal 5:21; Mat 7:21-23; Luk 13:24-28
- 11
- 11.1 Op 3:16; Op 3:17-19; Rom 8:5; 1 Pet 5:8-9; 2 Kor 2:11
- 11.2 Luk 12:15; Luk 12:21; Mat 6:21; Mat 6:19-20; Luk 6:24-26; Luk 18:24; Heb 13:5;
1 Joh 2:15-17; Jak 4:4; Fil 3:18-19
- 11.3 Mat 6:30-33; Luk 14:33; Gal 2:19-20; Luk 9:23; 1 Kor 15:31; Kol 3:1-2; 2 Tim 4:6-8;
Luk 12:29-34
- 11.4 Ef 3:20; 2 Kor 9:8; Fil 4:19; Mat 6:19-21; Fil 3:20 - 4:1
- 12
- 12.1 Joh 14:12
- 12.2 1 Kor 12:4-11; Job 33:14-16; Hand 10:9-16; Joh 16:13; Joh 16:7-11; Joh 16:14; Joh 15:26;
Joh 14:26
- 12.3 2 Thes 2:12
- 13
- 13.1 Kol 1:12-13; Hand 26:17-18
- 13.1 Ps 115:16
- 13.2 Kol 2:15; Op 6:13-14; 2 Thes 2:9-10; Op 12:4; Op 19:20; Mat 25:41; Op 20:1-3; Op 20:7-10;
Op 20:14; 1 Kor 15:26,54-55; 1 Joh 5:19; Op 12:12; Op 22:11; 2 Tim 3:1; Dan 9:26-27; Op 13:5-7;
Dan 7:25; 2 Thes 2:8
- 13.3 1 Joh 5:19; Kol 1:23; Kol 1:13-14; Rom 6:17-18; Heb 11:9,13; Fil 3:20; 2 Kor 5:20; Joh 15:19;
Op 13:5-7; Dan 7:25; Mat 24:21; Hand 2:36; Mat 28:18; Op 2:26-27; Op 3:21; Rom 8:17

- 14.1 Luk 10:19-20; Mat 18:18; Joh 20:21, 16:23; Hand 3:16; Hand 2:38; Mat 28:19; Gal 3:26-29 (27);
Heb 1:3 Ef 1:19-20; 1 Pet 1:18-19
- 14.2 Mat 28:18-19; Mar 16:15-17; Luk 10:19; Mat 12:15; Hand 5:16; Luk 4:40; (Mar 6:5-6); Mat 7:8;
2 Kor 5:14; Mar 12:29-31; Mat 7:21-23; Jak 4:3-5; Joh 16:13
- 14.3 Mat 10:8; 1 Pet 3:9; Mat 18:18; Gal 3:13; Luk 10:19-20; Joh 20:21-23 + Mat 9:1-8; Mat 21:21;
Mar 11:23; Hand 13:6-12; Fil 4:6; Luk 11:11-12
- 14.4 Mar 11:23; Spr 18:21; Joh 11:40-44
- 15
- 15.1 Jes 2:2-4; Ps 18:43-44; Deut 28:1,9-10,13; Rom 4:13; Gen 27:29
- 15.2 Jer 23:5-6; Jes 9:6-7; Luk 1:31-33; Miga 4:6-8; Ps 2; Jes 24:23
- 15.3
- 15.3.1 Mar 13:24-27; Jes 11:11-12
- 15.3.2 Ex 6:24; Eseg 36:22-29; Jer 32:36-42; Eseg 11:14-21; Heb 8:8-12
Addisionele Skrifte: Jer 50:20; Miga 7:18-20; Jer 24:6-7; Jer 33:4-9; Jes 60:21-22;
Eseg 37:15-28; Jes 44:1-5; Amos 9:11-15; Deut 7:6-15; Deut 26:18-19; Rom 11; Sef 3:8-20;
Deut 28:1-14; Lev 26:1-13
- 15.3.3 Jes 51:11; Jes 35:10; Jer 32:37; Eseg 28:25-26
- 15.3.4 Luk 21:29-33; Mat 24:32-35
- 15.3.5 Op 7:1-8; Op 12:6,13-17
- 15.3.6 Rom 8:9-10; Heb 8:10 + Rom 8:16; Joh 5:24; Deut 7:6 + Ef 1:22-23; Eseg 11:17-20 +
Luk 20:34-36 + Fil 3:7-11; Ex 6:4 + Mar 1:14-15; Joh 1:12-13; Gen 17:4-14 + Hand 2:38;
Hand 8:12, 9:1-19; Ef 5:25-27 + Op 21:2,9-11; Kol 3:9-11
- 15.4 2 Thes 2:3; 2 Thes 2:9; Op 13:1-9; Mat 24:15; Dan 9:27; Op 13:11-17; 2 Thes 2:9-12; Dan 7:7-8;
Dan 8:8-12; Dan 9:27; 2 Thes 2:3-4; Op 14:9-12; Op 19:11-16; Op 19:19-21; Op 20:1-3,7-10;
2 Thes 2:8; Sag 14:12; 1 Joh 4:1-4; 1 Joh 2
- 15.5 Joh 5:29; Hand 24:15; Fil 3:11; Luk 20:35; Op 20:6; Op 2:4; 1 Kor 15:50-54; Op 20:6;
1 Kor 15:42-44; 1 Thes 4:16-17; 1 Kor 15:23; Op 2:11; Op 21:7; Luk 20:35-36; Fil 3:12-14;
Luk 13:24; 1 Kor 9:24; Joh 5:29; Hand 24:15; Op 20:11-15
- 15.6 2 Tim 4:1; 1 Kor 15:24-26; Joh 5:22,24; Hand 10:42; Joh 11:25-26; 1 Thes 4:13-18; Op 20:11-15;
Mat 25:41; Op 20:10; Op 17:8; Mat 16:27; 1 Kor 4:5; 1 Kor 3:13-15; Mat 25:14-30; Luk 19:11-27;
2 Kor 5:9-11; Mat 10:28
- 15.7 Op 11:15; Op 11:19; 1 Thes 4:16-17 + 1 Kor 15:51-54; Op 15:1-4; Op 15:5 to 16:21; 1 Thes 4:17;
Op 20:4-6
- 15.8
- 15.8.1 Mat 9:37-38; Mat 24:14
- 15.8.2 Mat 24:14; Op 14:6-7, 14-16, 17-20
- 15.8.3 Op 13:7; Dan 7:25; Dan 7:21-22; Op 13:15-17; Mat 24:13; Op 20:4-6
- 15.8.4 Mat 3:11-12; 1 Thes 4:13-17

- 15.8.5 Op 11:15; Mat 24:22
- 15.8.6 Sag 14:4; Hand 3:19-21; 1 Kor 15:24; Hab 2:14
- 15.9
- 15.9.1
- 15.9.2 1 Thes 4:17; Sag 14:5; Mat 25:40-45
- 15.9.3
- 15.9.4 Op 2:26-27
- 15.9.5 Mat 25:41; Luk 19:14-27
- 15.10.1 Op 12:14 + 13:5 + 13:7 + Dan 7:28 + Op 12:6 + Op 11:3 + Op 11:2; 2 Thes 2:4 + Mat 24:15;
Op 16:15 + Mat 24:43 + Mar 13:34-37
- 15.10.2 1 Thes 5:2-4
- 15.10.3 Op 1:1
- 15.10.4 Op 12:5
- 15.10.5 Op 12:5
- 15.10.6
- 15.10.7
- 15.10.8 Op 12:5; Op 14:1; Op 2:26:27 + Op 12:5
- 15.10.9 1 Kor 15:50; Heb 12:22-24; Gal 3:28
- 15.10.10
- 15.11 Op 13:16-17
- 15.11.1
- 15.11.2
- 15.11.3 Mat 10:28,33; Op 14:9-10
- 15.11.4 Op 13:14-17
- 15.12 Mat 24:21; Op 13:5-8; Luk 21:36
- 15.13 Op 5:1-8
- 15.13.1 Op 6:1-2; Op 12:5
- 15.13.2 Op 6:3-4; Op 13:4-10; Dan 9:26-27; Mat 24:15
- 15.13.3 Op 6:5-6; Joh 10:10
- 15.13.4 Op 6:7-8; Eseg 5:17; Eseg 14:21-23
- 15.13.5 Op 6:9-11
- 15.13.6 Op 6:12-17; Op 12:4,7-9
- 15.13.7 Op 8:1-6
- 15.14
- 15.14.1 Op 8:7-12; Joel 2:31; Op 6:12
Addisionele Skrifte: Jes 13:10; Eseg 32:7; Joel 2:10; Joël 3:15-16
- 15.14.2 Op 8:13 to 9:12; Op 12:7-9,12; Op 9:13-21
- 15.14.3 Op 11:15-19 + 15:1 to 16:21 + 19:11-21

- 15.15
- 16 Gen 2:9,16-17; Mat 10:37-39; Op 13:14-17; Op 20:7-9; Rom 5:3-5; 2 Tim 4:6-8; 1 Pet 1:6-7;
Op 21:1-7
- 17
- 17.1 Mat 24:13
- 17.2 Joh 3:6
- 17.3
- 17.4 2 Kor 5:3; Op 16:15; Op 3:18
- 17.5
- 17.6 Joh 11:25-26; 1 Kor 5:5; 1 Joh 3:9
- 17.7 Mat 10:28; 1 Thes 5:23
- 17.8 Fil 3:7-11; Joh 6:38
- 17.9 1 Pet 1:9; Fil 3:12-14; Mat 16:26
- 18
- 18.1 Op 18:1-19; Op 17:1-6; Op 17:15-18
Addisionele Skrifte: Jes 13; Is 47; Op 17:1 to 19:4 ; Sag 5:1-11
- 18.2
- 18.3 Mat 24:4-5,11
- 18.3.5 Lev 23; Jer 10:1-4
- 18.3.9 Mark 2:27; Mark 2:28
- 18.3.11 Op 19:20, 20:10, 20:14; Luk 16:19-31; 2 Pet 2:9 + Jes 24:22
Addisionele Skrifte i.v.m. Sheol/Hades: Ps 16:10; 86:13; 30:4; 49:15-16; 116:3; 56:14;
Ps 89:48; Hand 2:27,31; Spr 23:14; 9:18; Deut 32:22; Jes 38:10; Mat 16:18; 2 Sam 22:6;
Op 1:18; Gen 37:35; 42:38; 44:29,31; Job 14:13; 1 Kor 15:55; Op 20:13-14; Amos 9:2;
Hos 13:14; Job 17:16
- 19 Hand 20:30; Rom 16:18; 2 Tim 4:3-4; 2 Pet 2:3; Judas 4; Judas 16; Mat 7:15-16; Mat 11:28-29;
2 Thes 2:12
- 20
- 20.1 Spr 3:9-10; Lev 27:30-33; Eseg 44:29-30; Deut 10:8-9; Num 18:20; Deut 14:27; Deut 26:12-13;
Neh 12:44-47; Neh 13:5,10-13; Neh 10:37; Num 18:21-24; Mal 3:8-10; Heb 7:5; Num 18:25-29
- 20.2 Deut 12:17-19; Num 15:3; 29:39; Lev 22:18-19; etc.
- 21
- 21.2 Luk 20:34-36
- 21.4 Luk 3:23-38; Mat 1:1-17; Luk 1:32
- 22 Rom 1:1; Fil 1:1; Jak 1:1; 2 Pet 1:1; Judas 1:1; Op 1:1; 2 Tim 2:11-12; Rom 8:17
- 23 Rom 8:28 ; 2 Kor 4:16-18; Rom 5:3-4; Jak 1:2-4; 1 Kor 10:13; Mat 28:20; Heb 13:5-6; Op 21:4
- 24 Ps 35:27; Fil 4:19; Ps 23:1; Ps 23:6; Ef 2:4-7; Ef 1:17-19; Luk 6:20-24; Mat 6:19-21; Ps 1:3;
Ps 23; Fil 3:18-21; Kol 3:1-4; Mat 6:19; Rom 8:5,8; Jona 4:2

- 25 Mat 16:24 + Joh 12:26 + Op 12:11; Rom 2:8; Mat 16:25; Luk 9:23 + Gal 5:24; Op 14:4;
Heb 12:1-2 + 2 Tim 4:6-8 + Fil 3:12-14; Mar 10:15; Gal 5:16-18; 1 Kor 3:1-3 + Ef 4:11-16 +
2 Pet 1:5-11; Luk 21:36; Heb 9:28 + Luk 12:35-38; Mat 25:1-13; Mat 5:3; Gal 5:19-21;
Mat 7:21-23; Mat 10:37; Rom 8:17; Rom 8:18 + Op 3:10; 1 Joh 2:15-17 + Fil 3:18-21;
Mat 6:19-21 + Mat 19:23-24; Luk 9:62; Joh 3:3-5; Mar 16:16 + Joh 3:3-5; Mat 5:10; Op 2:26;
2 Kor 4:16-18 + Jak 1:2-4; Op 20:4; Fil 3:7-11; Op 14:4; Op 14:4 + 17:1-6; Op 14:5; Op 12:11
- 27 Mar 14:36; Luk 22:42